

'n Kritiese evaluering na die effektiwiteit van bestuurstrategieë vir ekstensiewe wolskaapboerdery in die groter Burgersdorp omgewing.

JM Coetzee

**'N KRITIESE EVALUERING NA DIE EFFEKTIWITEIT VAN BESTUURSTRATEGIEË VIR
EKSTENSIEWE WOLSKAAPBOERDERY IN DIE GROTER BURGERSDORP
OMGEWING.**

deur

JOHANNA MAGDALENA COETZEE

Proefskrif ingelewer vir die graad

M. Tech Landbou

**in die Departement Landboubestuur
Fakulteit Siviele Ingenieurswese**

Port Elizabeth Technikon

PORT ELIZABETH

Desember 2002

**Promotor: Dr. A.C. Geyer
Departement Landbou
Port Elizabeth Technikon**

**Mede-Promotor: Dr. L.G. du Pisanie
Nasionale Wolkwekersvereniging
Middelburg (Oos-Kaap)**

VOORWOORD

Ek wil graag die volgende persone en instansies bedank:

Die Port Elizabeth Technikon wat my aansoek om toelating tot die graad M. Tech Landbou goedgekeur het.

Dr. A.C. Geyer, senior lektor in Landbou by Port Elizabeth Technikon, wat as promotor vir hierdie studie opgetree het, vir sy belangstelling, entoesiasme, geduld en waardevolle hulp en leiding.

Dr. L.G. du Pisanie, produksie-adviseur van die Nasionale Wolkwekersvereniging Middelburg (Oos-Kaap), wat as mede-promotor opgetree het, vir sy belangstelling, waardevolle insette, en opofferings.

Prof. I.N. Litvine, professor en hoof van Departement van Wiskundige Statistieke aan die Universiteit van Port Elizabeth (UPE), vir die statistiese verwerking van die gegewens.

Die personeel van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) vir hul vriendelike hulp.

Al die boere in die groter Burgersdorp omgewing wat betrokke was met die invordering van die data. Baie dankie vir julle samewerking en belangstelling. Sonder julle betrokkenheid sou hierdie studie onmoontlik gewees het.

Pa Theuns en ma Bertha vir hulle belangstelling, motivering en geduld.

Ek verklaar dat die proefskrif wat hiermee vir die graad M. Tech Landbou aan die Port Elizabeth Technikon deur my ingedien word, nie voorheen deur my vir 'n graad aan enige ander Technikon ingedien is nie.

JM COETZEE

STUDENT

9728205

PORT ELIZABETH TECHNIKON

NOVEMBER 2002

OPSOMMING

Die oorhoofse doelstellings van hierdie studie word in drie kategorieë verdeel. In die eerste plek gaan dit oor die bepaling van produksie- en reproduksienorme vir die verskillende hoof produksiegebiede in die groter Burgersdorp omgewing, om sodoende produksie te bevorder. Tweedens handel dit oor die bepaling van die verskillende bestuurstyle van skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing. In die derde plek handel dit oor die bepaling van die bruto marges vir skaapboerderye in die groter Burgersdorp omgewing, om sodoende die volhoubare ekonomiese posisie vas te stel.

Die ondersoekgebied (die groter Burgersdorp omgewing) sluit die landdrosdistrikte Burgersdorp, Molteno, Steynsburg en Venterstad in. Die vier landdrosdistrikte is verdeel in twee hoof produksiegebiede naamlik Stormberg Hoëveld en Burgersdorp Laeveld. Stormberg Hoëveld sluit Molteno en die hoërliggende gedeelte van Burgersdorp in. Burgersdorp Laeveld sluit Steynsburg, Venterstad en die laerliggende gedeelte van Burgersdorp in.

Die bestuurstrategieë van skaapboere in die ondersoekgebied is deur middel van 'n vraelysopname vasgestel, waarna die inligting statisties verwerk is. Die Geyer-rekenaarmodel is gebruik om die skaapbedryf (wol en vleis) in die ondersoekgebied ekonomies te ontleed.

In hierdie studie is gevind dat die Dorper boere die hoogste bruto marge per skaap behaal het. Die laagste bruto marge per skaap het by die Vleismerino boere voorgekom. Alhoewel die samestelling van die bruto produksiewaardes en die direk allokeerbare veranderlike kostes goed met mekaar vergelyk, het elke hoof produksiegebied unieke bestuurstrategieë vir die verskillende skaaprasse. Die verskillende bestuurstrategieë kan dus as norm dien vir die ekstensiewe skaapboerderye van toepassing op daardie spesifieke hoof produksiegebied.

SUMMARY

The main objectives of this study can be divided into three categories. In the first place it refers to the determination of production- and reproduction norms for the different main production areas in the greater Burgersdorp area, to promote production. In the second place it refers to the determination of the different management styles of sheep farmers in the greater Burgersdorp area. In the third place it refers to the calculation of gross margins for sheep farming in the greater Burgersdorp area, to establish the sustainable economic position.

The survey area (the greater Burgersdorp area) includes the magisterial districts of Burgersdorp, Molteno, Steynsburg and Venterstad. The four magisterial districts were divided into two main production areas namely Stormberg Highveld and Burgersdorp Lowveld. Stormberg Highveld includes Molteno and the high-lying area (highveld) of Burgersdorp. Burgersdorp Lowveld comprises Steynsburg, Venterstad and the low-lying area (lowveld) of Burgersdorp.

The management strategies of sheep farmers in the survey area were determined by means of a questionnaire and statistically analysed. The economic analyses of the sheep industry (wool and meat) were performed with the Geyer computer model.

In this study it showed that the Dorper farmers obtained the highest gross margin per sheep. The lowest gross margin per sheep resulted from the Vleismerino farmers. Although the composition of the gross production value and the directly allocatable variable costs compare favourably, each main production area has unique management strategies for the different sheep breeds. The different management strategies can serve as the norm for extensive sheep farming, applicable to the specific main production area.

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
VOORWOORD	1
OPSOMMING	3
SUMMARY	4
INHOUDSOPGAWE	
LYS VAN TABELLE	
LYS VAN FIGURE	
LYS VAN GRAFIEKE	
HOOFSTUK 1	
1. AGTERGROND	1
1.1 Wolproduksietendense:	1
1.2 Nasionale posisie:	1
1.3 Internasionale posisie:	4
2. LITERATUUROORSIG	6
3. PROBLEEMSTELLING	6
4. DOELWITTE VAN HIERDIE NAVORSING	6
5. HIPOTESE	7
6. DEFINISIE VAN KONSEPTE SOOS GEBRUIK IN HIERDIE NAVORSING	7
7. NAVORSINGSMETODOLOGIE	10
8. 'N OORSIG OOR DIE OPVOLGENDE HOOFSTUKKE	11
HOOFSTUK 2	
2. LITERATUURSTUDIE	12
2.1 BESTUUR	12
2.2 BESTUURSTRATEGIEË	16
2.3 PRODUKSIE	20
2.4 REPRODUKSIE	22

2.5	DIEREGESONDHEID	25
------------	------------------------	-----------

2.6	VOEDING	28
------------	----------------	-----------

HOOFSTUK 3

3.	NAVORSINGMETODIEK	32
-----------	--------------------------	-----------

3.1	NAVORSINGSGEBIED	32
------------	-------------------------	-----------

3.1.1	Plantegroei	35
--------------	--------------------	-----------

3.1.1.1	STORMBERG HOëVELD	35
----------------	--------------------------	-----------

3.1.1.2	BURGERSDORP LAEVELD	38
----------------	----------------------------	-----------

3.1.2	Reënval	39
--------------	----------------	-----------

3.1.3	Temperatuur	41
--------------	--------------------	-----------

3.2	INSAMELING VAN DATA	46
------------	----------------------------	-----------

3.3	STATISTIESE VERWERKING	47
------------	-------------------------------	-----------

3.3.1	Produksie	48
--------------	------------------	-----------

3.3.2	Reproduksie	48
--------------	--------------------	-----------

3.3.3	Bestuurstrategie	49
--------------	-------------------------	-----------

3.4	DIE GEYER-REKENAARMODEL	49
------------	--------------------------------	-----------

3.4.1	Die veetabel	50
--------------	---------------------	-----------

3.4.2	Algemene inligting	50
--------------	---------------------------	-----------

3.4.3	Die kostetabel	50
--------------	-----------------------	-----------

3.4.4	Die vertakkingsontleding	51
--------------	---------------------------------	-----------

HOOFSTUK 4

4.	RESULTATE	52
-----------	------------------	-----------

4.1	ALGEMEEN	52
------------	-----------------	-----------

4.1.1	Pas u kruisteling toe op u prul-ooie?	52
--------------	--	-----------

4.1.2	Met watter ander rasse doen u kruisteling op u kudde?	53
--------------	--	-----------

4.1.3	Waar pas die rekordhouding van u skaapboerdery by die volgende opsies in?	54
--------------	--	-----------

4.1.4	Wie of wat is die TWEE belangrikste inligtingsbronne waarvan u gebruik maak in u skaapboerdery?	55
--------------	--	-----------

4.1.5	Wat beskou u as die DRIE belangrikste probleme in u poging om die doeltreffendheid van u skaapboerdery te verhoog?	56
4.2	PRODUKSIE	57
4.2.1	Skeer u as 'n reël u skape elke 8, 10 of 12 maande?	57
4.2.2	Watter maand(e) van die jaar skeer u?	58
4.2.3	Hoeveel kilogram wol (netto massa), is in totaal met die laaste skeersel afgeskeer?	64
4.2.4	Wat is die gemiddelde mikron (fynheid) van u laaste skeersel?	67
4.3	SELEKSIEPRAKTYKE	69
4.3.1	Wat is volgens u mening die DRIE belangrikste eienskappe waarvoor 'n skaapboer by sy diere moet selekteer?	69
4.3.2	Wat is volgens u mening die DRIE belangrikste woleienskappe waarvoor 'n wolskaapboer by sy diere moet selekteer?	71
4.3.3	Wat het u die afgelope jaar gedoen om te verseker dat ooie wat oor slaan (nie lam nie) in die kudde doeltreffend uitgeskot word?	73
4.3.4	Watter metode pas u toe om teen swak moedereienskappe te selekteer?	74
4.3.5	Watter enkele metode het u die afgelope lamtyd toegepas om meerlingooie sowel as die betrokke lammers te identifiseer?	75
4.3.6	Wie doen die seleksie van jongooie wat as vervangingsooie in u kudde opgeneem word?	76
4.3.7	Wat het u die afgelope jaar gedoen om vas te stel of die ramme wat u gebruik het, vrugbaar was?	77
4.4	PARING EN REPRODUKSIE	78
4.4.1	Hoeveel ramme gebruik u per 100 ooie?	78
4.4.2	Vir hoe lank – (in weke) – sit u die ramme by die ooie?	79
4.4.3	Watter tipe paarpraktik(e) pas u oorwegend in u skaapboerdery toe?	80
4.4.4	Watter twee maande van die jaar is die beste paarseisoen in u omgewing?	81
4.4.5	Paar u die jong ooie apart?	83

4.4.6	Gebruik u koggelramme voor paartyd?	84
4.4.7	Hoeveel ooie (laat ooilammers buite rekening) is in u teelkudde?	86
4.4.8	Hoeveel ooie het u die afgelope seisoen gepaar?	87
4.4.9	Hoeveel van hierdie ooie het oorgeslaan?	88
4.4.10	Hoeveel van hierdie ooie het geaborteer?	89
4.4.11	Hoeveel lammers het u lewendig aangekry?	90
4.4.12	Hoeveel lammers het u gespeen?	92
4.4.13	Van watter LAMSTELSEL(S) maak u gebruik?	94
4.5	RAM AANKOPE	95
4.5.1	Het u al ramme op veilings (nie veldramveilings nie) aangekoop?	95
4.5.2	Het u al probleme met die aangekoopte ramme gehad?	96
4.5.3	Kan u die probleme identifiseer volgens die onderstaande items?	97
4.5.4	Sou u verkies om kudderamme op veldramveilings te koop?	98
4.6	DIEREGESONDHEID	99
4.6.1	Teen watter van die volgende siektes ent u u skape?	99
4.6.1.1	Normale seisoen	99
4.6.1.2	Droë seisoen	100
4.6.2	Watter drie van die volgende siektes skep vir u normaalweg die grootste probleme?	101
4.6.3	Teen watter uitwendige parasiete dip (ook opgiemiddels) u u skape normaalweg?	102
4.6.4	Hoe gereeld dip (ook opgiemiddels) u u skape per jaar?	103
4.6.5	Teen watter inwendige parasiete doseer u?	104
4.6.5.1	Normale seisoen	104
4.6.5.2	Droë seisoen	105
4.6.6	Hoe dikwels doseer u u skape per jaar?	106
4.6.6.1	Normale seisoen	106
4.6.6.2	Droë seisoen	107

4.7	VOEDING	108
4.7.1	Maak u van prikkelvoeding/-weiding gebruik vir u ooie?	108
4.7.1.1	Normale seisoen	108
4.7.1.2	Droë seisoen	109
4.7.1.3	Tydperk wat prikkelvoeding/-weiding aan ooie gegee word	110
4.7.2	Wat word as prikkelvoeding/-weiding gebruik vir u ooie?	111
4.7.3	Gee u byvoeding aan laatdragtige ooie?	112
4.7.3.1	Normale seisoen	112
4.7.3.2	Droë seisoen	113
4.7.3.3	Tydperk wat byvoeding aan laatdragtige ooie gegee word	114
4.7.4	Wat word as byvoeding vir laatdragtige ooie gebruik?	115
4.7.5	Gee u byvoeding aan lakterende ooie?	116
4.7.5.1	Normale seisoen	116
4.7.5.2	Droë seisoen	117
4.7.5.3	Tydperk (in weke) wat skaapboere byvoeding aan hul lakterende ooie gee	118
4.7.6	Wat word as byvoeding vir lakterende ooie gebruik?	119
4.7.6.1	Watter tipe voerpille en/of lekke deur skaapboere gebruik word	120
4.8	LAMVREKTES	121
4.8.1	Wat was verlede jaar die DRIE belangrikste oorsake van lamverliese by u?	121
4.8.2	Watter persentasie DOODGEBORE lammers het die afgelope lamseisoen by u voorgekom?	122
4.8.3	Watter persentasie verliese het die afgelope lamseisoen voorgekom vanaf GEBOORTE TOT SPEEN?	123
4.8.4	Watter persentasie verliese het die afgelope lamseisoen voorgekom vanaf SPEEN TOT 12 MAANDE?	124
4.8.5	Watter persentasie verliese het die afgelope lamseisoen voorgekom vanaf 12 TOT 18 MAANDE?	125
4.9	FEKUNDITEIT (VRUGBAARHEID)	126
4.9.1	Wat was u SPEENPERSENTASIE die afgelope lamseisoen?	126

4.9.2	Na watter speenpersentasie STREEF u?	127
4.9.3	Watter persentasie van u ooie het die afgelope lamseisoen TWEELINGE gelam?	128
4.9.4	Verwelkom u dit dat u ooie TWEELINGE lam?	129
4.9.5	Indien u NEE by Vraag 54 geantwoord het – waarom sê u nee?	130
4.9.6	Watter persentasie van die tweede lammers van tweeling sal oorleef, indien u hulle net so by die ooie los (op die lamplek en daarna), sonder om enigsins in te meng?	131
4.10	BEMARKING	132
4.10.1	Op watter ouderdom – (in maande) – bemark u slaglammers?	132
4.10.2	Wat weeg hierdie slaglammers gemiddeld wanneer u hulle bemark?	134
4.10.3	Hoe of aan wie verkoop u die slaglammers?	136
4.10.4	Bemark u hamels (volwasse)?	137
4.10.5	Hoe of aan wie verkoop u die hamels?	139
4.10.6	Hoe of aan wie verkoop u die uitskotdiere (ou ooie, ens.)?	140
4.10.7	Hoeveel slaglammers word gemiddeld per jaar verkoop?	141
4.10.8	Hoeveel hamels word gemiddeld per jaar verkoop?	142
4.10.9	Hoeveel uitskotdiere (ou ooie ens.) word gemiddeld per jaar verkoop?	143
4.11	DIE BEPALING VAN SPESIFIEKE BESTUURSTRATEGIEë VAN SKAAPBOERE IN DIE VERSKILLENDE HOOF PRODUKSIEGEBIEDE VAN DIE ONDERSOEKGEBIED	144
4.11.1	STORMBERG HOëVELD HOOF PRODUKSIEGEBIED BESTUURSTRATEGIEë	144
4.11.1.1	MERINO BOERE BESTUURSTRATEGIE	144
4.11.1.2	DÖHNE-MERINO BOERE BESTUURSTRATEGIE	147
4.11.2	BURGERSDORP LAEVELD HOOF PRODUKSIEGEBIED BESTUURSTRATEGIEë	149
4.11.2.1	MERINO BOERE BESTUURSTRATEGIE	149
4.11.2.2	DÖHNE-MERINO BOERE BESTUURSTRATEGIE	152

4.11.2.3	DORPER BOERE BESTUURSTRATEGIE	154
4.11.2.4	VLEISMERINO BOERE BESTUURSTRATEGIE	157
4.12	DIE TOEPASSING VAN DIE GEYER-REKENAARMODEL OP DIE TWEE HOOF PRODUKSIEGEBIEDE	160
4.12.1	DIE MODUS WAARDES AS VERANDERLIKES IN DIE GEYER-REKENAARMODEL	160
4.12.1.1	Skeer	160
4.12.1.2	Lewendehawepryse (Verkooppryse)	161
4.12.1.3	Reproduksie	163
4.12.1.4	Verkoop van skape	164
4.12.1.5	Aankoop van skape	165
4.12.1.6	Kostetabel	165
4.12.2	DIE RESULTATE VAN DIE GEYER-REKENAARMODEL VIR DIE TWEE HOOF PRODUKSIEGEBIEDE MET DIE GEBRUIK VAN MODUS WAARDES AS VERANDERLIKES	169
4.12.2.1	Bruto Marges (BM)	169
4.12.2.2	Bruto Produksiewaarde (BPW)	169
4.12.2.3	Direk allokeerbare veranderlike koste (DAVK)	169
4.12.2.4	Die persentasie samestelling van die bruto marges (BM)	171
4.12.2.5	Direk allokeerbare veranderlike kostes (DAVK) uitgedruk as 'n persentasie van die bruto produksiewaardes (BPW)	171

HOOFSTUK 5

5.	BESPREKING VAN RESULTATE	173
5.1	ALGEMEEN	173
5.1.1	Die aspek van kruisteling in die ondersoekgebied	173
5.1.2	Die rekordhouding van skaapboere in die ondersoekgebied	173
5.1.3	Die inligtingsbronne waarvan skaapboere in die ondersoekgebied gebruik maak	174
5.1.4	Die belangrikste probleme wat skaapboere in die ondersoekgebied geïdentifiseer het	174
5.2	PRODUKSIE	174
5.2.1	Die skeerintervalle wat in die ondersoekgebied voorkom	174
5.2.2	Die maande waarin daar in die ondersoekgebied geskeer word	175
5.2.3	Wolproduksie in die ondersoekgebied	175

5.2.3.1	Gemiddelde wolproduksie (kg) per produsent	175
5.2.3.2	Gemiddelde wolproduksie (kg) per skaap	175
5.2.4	Die mikron (fynheid) van die skeersels in die ondersoekgebied	176
5.3	SELEKSIEPRAKTYKE	177
5.3.1	Die eienskappe waarvoor skaapboere in die ondersoekgebied selekteer	177
5.3.1.1	Ooie	177
5.3.1.2	Ramme	177
5.3.2	Die woleienskappe waarvoor skaapboere in die ondersoekgebied selekteer	178
5.3.2.1	Ooie	178
5.3.2.2	Ramme	178
5.3.3	Die wyse waarop skaapboere in die ondersoekgebied oorslaanooie uitskot	178
5.3.4	Die wyse waarop skaapboere in die ondersoekgebied teen swak moedereienskappe selekteer	178
5.3.5	Die identifisering van meerlingooie en lammers in die ondersoekgebied	179
5.3.6	Die seleksie van jongooie in die ondersoekgebied	179
5.3.7	Die wyse waarop skaapboere in die ondersoekgebied die vrugbaarheid van hul ramme bepaal	179
5.4	PARING EN REPRODUKSIE	180
5.4.1	Die paring van skape in die ondersoekgebied	180
5.4.2	Die reproduksie van skape in die ondersoekgebied	181
5.4.3	Die verskillende lamstelsels wat in die ondersoekgebied gebruik word	183
5.5	RAM AANKOPE	184
5.6	DIEREGESONDHEID	185
5.6.1	Die ent van skape in die ondersoekgebied	185
5.6.2	Die dip van skape in die ondersoekgebied	185

5.6.3	Die dosering van skape in die ondersoekgebied	186
5.7	VOEDING	186
5.7.1	Die aspek van prikkelvoeding/-weiding aan ooie in die ondersoekgebied	186
5.7.2	Die aspek van byvoeding aan ooie in die ondersoekgebied	187
5.7.2.1	Laatdragtige ooie	187
5.7.2.2	Lakterende ooie	187
5.7.3	Die gebruik van voerpille en/of lekke in die ondersoekgebied	188
5.8	LAMVREKTES	188
5.8.1	Die belangrikste probleme ten opsigte van lamvrektes, wat skaapboere in die ondersoekgebied geïdentifiseer het	188
5.8.2	Die persentasie (%) doodgebore lammers in die ondersoekgebied	188
5.8.3	Verliese vanaf geboorte tot speen in die ondersoekgebied	188
5.8.4	Verliese vanaf speen tot 12 maande in die ondersoekgebied	189
5.8.5	Verliese vanaf 12 tot 18 maande in die ondersoekgebied	189
5.9	FEKUNDITEIT (VRUGBAARHEID)	189
5.9.1	Die speenpersentasies van skaapboere in die ondersoekgebied	189
5.9.1.1	Speenpersentasies (soos deur die boer self aangedui)	189
5.9.1.2	Speenpersentasies wat skaapboere in die ondersoekgebied nastreef	190
5.9.2	Die persentasie (%) tweeling van skaapboere in die ondersoekgebied	190
5.10	BEMARKING	191
5.10.1	Die bemarking van slaglammers in die ondersoekgebied	191
5.10.2	Die bemarking van hamels (volwasse) in die ondersoekgebied	192
5.10.3	Die bemarking van uitskotdiere (ou ooie, ens.) in die ondersoekgebied	192

5.11	BESPREKING VAN DIE RESULTATE VIR DIE TWEE HOOF PRODUKSIEGEBIEDE MET DIE GEBRUIK VAN MODUS WAARDES AS VERANDERLIKES	193
5.11.1	DIE TOEPASSING VAN DIE GEYER-REKENAARMODEL OM DIE BRUTO MARGES TE BEREKEN	193
HOOFSTUK 6		
6.	SAMEVATTING/OPSOMMING	195
6.1	INLEIDING	195
6.2	'N SAMEVATTING VAN DIE NAVORSING	196
6.2.1	Algemeen	196
6.2.2	Produksie	196
6.2.3	Seleksiepraktyke	196
6.2.4	Paring en Reproduksie	197
6.2.5	Ram aankope	198
6.2.6	Dieregesondheid	198
6.2.7	Voeding	198
6.2.8	Lamvrektes	199
6.2.9	Fekunditeit (Vrugbaarheid)	199
6.2.10	Bemarking	200
6.3	DIE GEVOLGTREKKINGS VAN HIERDIE NAVORSING	200
6.3.1	Produksienorme in die ondersoekgebied	200
6.3.2	Reproduksienorme in die ondersoekgebied	201
6.3.3	Bestuurstrategieë in die ondersoekgebied	202
6.4	IMPLIKASIES VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING	203
	BRONNELYS	204
BYLAAG A:	Die Wolskaap Vraelys	

BYLAAG B: Die Dekkingsbrief

BYLAAG C: Vertakkingsontledings van die hoof produksiegebiede

LYS VAN TABELLE

TABEL	BLADSY
1.1 Skaapgetalle (miljoen) in Suid-Afrika	2
1.2 Die Merinoskaapkomponent	3
1.3 Produksie per Provinsie/Gebied (miljoen kilogram vetwol)	3
1.4 Produksie van Hoof Uitvoerlande (miljoen kilogram skoonwol)	4
1.5 Hoof uitvoerbestemmings en waardes van wol	5

2.1 Die Produksie Verdeling volgens mikron, van die Suid-Afrikaanse skeersel	22

3.1 Gemiddelde reënval vir die Onderzoekgebied	41

4.1 Die aantal boere wat kruisteling op hul prul-ooie toepas	52
4.2 Die rasse wat vir kruisteling gebruik word	53
4.3 Die tipe rekordhouding van skaapboere	54
4.4 Die inligtingsbronne waarvan skaapboere in hul skaapboerdery gebruik maak	55
4.5 Die drie belangrikste probleme wat skaapboere ondervind in hul poging om die doeltreffendheid van hul skaapboerdery te verhoog	56
4.6 Die tydsintervalle wanneer skape in die ondersoekgebied geskeer word	57
4.7.1 Die maand(e) van JAAR 1 waarin daar in die ondersoekgebied geskeer word	59
4.7.2 Die maand(e) van JAAR 2 waarin daar in die ondersoekgebied geskeer word	61
4.7.3 Die maand(e) van JAAR 3 waarin daar in die ondersoekgebied geskeer word	63
4.8.1 Die totale gemiddelde kilogram wol, wat per produsent gedurende 2000 geproduseer is	64
4.8.2 Die gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar (2000)	65

4.9	Die gemiddelde mikron (fynheid) van die skeersels in die ondersoekgebied	67
4.10.1	Die drie belangrikste eienskappe waarvoor skaapboere by hul ooie selekteer	69
4.10.2	Die drie belangrikste eienskappe waarvoor skaapboere by hul ramme selekteer	70
4.11.1	Die drie belangrikste woleienskappe waarvoor wolskaapboere by hul ooie selekteer	71
4.11.2	Die drie belangrikste woleienskappe waarvoor wolskaapboere by hul ramme selekteer	72
4.12	Die opsies wat boere gebruik om oorslaanooie uit te skot	73
4.13	Die opsies waarvan skaapboere gebruik maak om teen swak moedereienskappe te selekteer	74
4.14	Die opsies waarvan skaapboere gebruik maak om meerlingooie sowel as die betrokke lammers te identifiseer	75
4.15	Die persoon of agent wat die seleksie van jongooie wat as vervangingsooie in die kudde opgeneem word, doen	76
4.16	Wat skaapboere die afgelope jaar gedoen het om vas te stel of die ramme wat gebruik is, vrugbaar was	77
4.17	Die hoeveelheid ramme wat skaapboere per 100 ooie gebruik	78
4.18	Die tydperk (in weke) wat skaapboere die ramme by die ooie sit	79
4.19	Die tipe paarpraktik(e) wat skaapboere oorwegend in hul skaapboerdery toepas	80
4.20	Die twee maande van die jaar, wat die beste paarseisoen in die ondersoekgebied is	82
4.21	Die aantal boere wat jong ooie apart paar	83
4.22.1	Die aantal boere wat koggelramme voor paartyd gebruik	84
4.22.2	Die tydperk (in weke) wat skaapboere koggelramme by die ooie sit	85
4.23	Die gemiddelde hoeveelheid ooie in teelkuddes van skaapboere (ooilammers buite rekening)	86

4.24	Die gemiddelde hoeveelheid ooie van skaapboere, wat die afgelope seisoen gepaar is	87
4.25	Die gemiddelde hoeveelheid ooie van skaapboere, wat die afgelope seisoen oorgeslaan het	88
4.26	Die gemiddelde hoeveelheid ooie van skaapboere, wat die afgelope seisoen geaborteer het	89
4.27	Die gemiddelde hoeveelheid lammers, wat skaapboere die afgelope seisoen lewendig aangekry het	90
4.28	Die gemiddelde hoeveelheid lammers, wat skaapboere die afgelope seisoen gespeen het	92
4.29	Die tipe lamstelsel(s) wat skaapboere gebruik	94
4.30	Die aantal boere wat ramme op veilings (nie veldramveilings) aankoop	95
4.31	Die aantal boere wat probleme met die aangekoopte ramme gehad het	96
4.32	Die belangrikste probleme wat skaapboere met aangekoopte ramme ondervind	97
4.33	Die aantal boere wat verkies om kudderamme op veldramveilings te koop	98
4.34.1	Teen watter siektes skaapboere hul skape, gedurende 'n normale seisoen ent	99
4.34.2	Teen watter siektes skaapboere hul skape, gedurende 'n droë seisoen ent	100
4.35	Die siektes wat normaalweg vir skaapboere die grootste probleme skep	101
4.36	Teen watter uitwendige parasiete skaapboere hul skape normaalweg dip (ook opgiemiddels)	102
4.37	Hoe gereeld per jaar skaapboere hul skape dip (ook opgiemiddels)	103
4.38.1	Teen watter inwendige parasiete skaapboere hul skape, gedurende 'n normale seisoen doseer	104
4.38.2	Teen watter inwendige parasiete skaapboere hul skape, gedurende 'n droë seisoen doseer	105

4.39.1	Hoe dikwels skaapboere hul skape in 'n normale seisoen doseer	106
4.39.2	Hoe dikwels skaapboere hul skape in 'n droë seisoen doseer	107
4.40.1	Die aantal boere wat van prikkelvoeding/-weiding vir hul ooie, tydens 'n normale seisoen gebruik maak	108
4.40.2	Die aantal boere wat van prikkelvoeding/-weiding vir hul ooie, tydens 'n droë seisoen gebruik maak	109
4.40.3	Die tydperk (in weke) wat skaapboere prikkelvoeding/-weiding aan hul ooie gee	110
4.41	Wat as prikkelvoeding/-weiding deur skaapboere vir hul ooie gebruik word	111
4.42.1	Die aantal boere wat byvoeding aan laatdragtige ooie, tydens 'n normale seisoen gee	112
4.42.2	Die aantal boere wat byvoeding aan laatdragtige ooie, tydens 'n droë seisoen gee	113
4.42.3	Die tydperk (in weke) wat skaapboere byvoeding aan hul laatdragtige ooie gee	114
4.43	Wat as byvoeding deur skaapboere vir hul laatdragtige ooie gebruik word	115
4.44.1	Die aantal boere wat byvoeding aan lakterende ooie, tydens 'n normale seisoen gee	116
4.44.2	Die aantal boere wat byvoeding aan lakterende ooie, tydens 'n droë seisoen gee	117
4.44.3	Die tydperk (in weke) wat skaapboere byvoeding aan hul lakterende ooie gee	118
4.45.1	Wat as byvoeding deur skaapboere vir hul lakterende ooie gebruik word	119
4.45.2	Watter tipe voerpille en/of lekke deur skaapboere gebruik word	120
4.46	Die belangrikste oorsake van lamverliese by skaapboere	121
4.47	Die persentasie doodgebore lammers wat die afgelope seisoen by ooie voorgekom het	122
4.48	Die persentasie verliese van lammers, vanaf geboorte tot speen, wat die afgelope seisoen voorgekom het	123

4.49	Die persentasie verliese van lammers, vanaf speen tot 12 maande wat die afgelope seisoen voorgekom het	124
4.50	Die persentasie verliese van lammers, vanaf 12 tot 18 maande, wat die afgelope seisoen voorgekom het	125
4.51	Die speenpersentasies van skaapboere vir die afgelope lamseisoen	126
4.52	Die speenpersentasies waarna skaapboere streef	127
4.53	Die persentasie van die ooie, wat die afgelope seisoen tweeling gelam het	128
4.54	Die aantal boere wat tweeling verwelkom	129
4.55	Waarom skaapboere dit nie verwelkom dat hul ooie tweeling lam nie	130
4.56	Die persentasie van die tweede lammers van tweeling wat sal oorleef, sonder dat die skaapboer enigsins inmeng	131
4.57	Die ouderdom (in maande) waarop skaapboere hul slaglammers bemark	132
4.58	Die gemiddelde lewendige gewig waarop skaapboere hul slaglammers bemark	134
4.59	Hoe of aan wie skaapboere hul slaglammers verkoop	136
4.60.1	Die aantal boere wat hamels (volwasse) bemark	137
4.60.2	Op watter ouderdom (in maande) skaapboere hul hamels bemark	138
4.61	Hoe of aan wie skaapboere hul hamels verkoop	139
4.62	Hoe of aan wie skaapboere hul uitskotdiere (ou ooie, ens.) verkoop	140
4.63	Die gemiddelde hoeveelheid slaglammers wat per jaar verkoop word	141
4.64	Die gemiddelde hoeveelheid hamels wat per jaar bemark word	142
4.65	Die gemiddelde hoeveelheid uitskotdiere (ou ooie ens.) wat per jaar bemark word	143
4.66	Die gemiddelde hoeveelheid kilogram wol wat per skaap per jaar afgeskeer is	162
4.67	'n Uiteensetting van die Bruto Marges se samestelling per skaap soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken	168

4.68	Die persentasie samestelling van Bruto Marges per skaap soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken	170
4.69	Die Direk Allokeerbare Veranderlike Koste (DAVK) as persentasie van die Bruto Produksiewaarde (BPW) soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken	172

5.1	'n Vergelyking van die speenpersentasies in die hoof produksiegebiede	183

LYS VAN FIGURE

FIGUUR	BLADSY
2.1 'n Visuele voorstelling van bestuurstrategie	17

3.1 Onderzoekgebied	33
3.2 Helling	34
3.3 Acocks Veldtipes	36
3.4 Gemiddelde Reënval	40
3.5 Minimum Temperatuur vir Januarie	42
3.6 Minimum Temperatuur vir Julie	43
3.7 Maksimum Temperature vir Januarie	44
3.8 Gemiddelde Temperatuur vir Julie	45

LYS VAN GRAFIEKE

GRAFIEK	BLADSY
1.1 Skaapgetalle (miljoen) in Suid-Afrika	2
1.2 Die Merinoskaapkomponent	3
1.3 Produksie per Provinsie/Gebied	4
1.4 Produksie van Hoof Uitvoerlande	4

HOOFSTUK 1

1. AGTERGROND

1.1 Wolproduksietendense:

Gedurende 1965/66 het wolproduksie in Suid-Afrika 'n hoogtepunt bereik van 148,3 miljoen kg (vetwol). Gedurende 1978/79 is 'n laagtepunt bereik, toe slegs 98,8 miljoen kg wol geproduseer is. Die 1982/83 wolproduksie styg weer tot 107,3 miljoen kg. (De Klerk. et. al. 1983:12).

Gedurende die 1998/99 seisoen is daar egter slegs 54 miljoen kg wol geproduseer. Hierdie daling het progressief tot en met die 1998/99 seisoen plaasgevind. (Cape Wools SA: Jaarlikse Verslag. 1999:4).

Wolproduksie gedurende die 1999/2000 seisoen, het vir die eerste keer laer as 50 miljoen kg gedaal. 'n Agt persent daling vanaf 1998/99. (AgriReview. 2001:6). Suid-Afrika se wolproduksie is vandag die laagste sedert 1917. (Wolboer/Wool Farmer. 2001:10).

1.2 Nasionale posisie:

Die eerste skape wat aan die suidpunt van Afrika aangehou is, was vetstertskepe (Afrikaners) en is hoofsaaklik vir vleisproduksie aangehou. Die eerste Merinoboerdery dateer eers vanaf 1800 en is in die omgewing van Darling begin. Op die plaas Grootpost, Darling, het die Kaapse Regering suiwer Merinoramme geteel om onder boere te versprei. Die opgradering van die inheemse skape na wolskepe, asook suiwer Merinoboerdery, het dan ook veral vinnig uitgebrei vanaf 1850. (Brand. 1998:1).

Volgens sensusopnames (Halloway. 1925:418) was die totale wolskaappopulasie in die Kaapprovinsie (8.5 miljoen) in 1904 reeds ongeveer 72 % van die totale wolskaappopulasie van Suid-Afrika (11.8 miljoen). In 1924 het die syfer gestyg tot 14.7 miljoen wolskepe van 'n totaal van 27.1 miljoen wolskepe in Suid-Afrika. Niewolskepe was onderskeidelik 3.3 miljoen en 3.6 miljoen in 1904 en 1924. Volgens hierdie syfers blyk dit dat die Kaapprovinsie toe reeds 'n aansienlike bydrae tot wol- en skaapvleisproduksie in Suid-Afrika gemaak het.


Volgens De Klerk. et. al. (1983:14) toon gegewens dat in die periode vanaf 1960 tot 1969 'n redelike konstante skaappopulasie van ongeveer 36 miljoen gehandhaaf is, waarvan die Merinoskaapkomponent tussen 27 en 28 miljoen was. Daar was egter 'n afname van 7.5 miljoen Merinoskape vir die tydperk 1969 tot 1982, terwyl ander wolskape vanaf 2.7 tot 4.7 miljoen en nie-wolskape vanaf 4.2 tot 5.7 miljoen toegeneem het. Verdere analise van die gegewens toon dat die Merinoskaapkomponent 76.2 % in 1969 van die totale skaappopulasie uitgemaak het, teenoor slegs 63.5 % in 1982. Volgens Tabel 1.2 was die Merinoskaapkomponent in die jaar 2001 slegs 51.99 %.

Vandag lyk die skaapgetalle vir die Merino, Ander Witwol rasse en Nie-wol rasse, volgens opnames in 1996, 1997, 1998, 1999, 2000 en 2001 soos volg:

Tabel 1.1: Skaapgetalle (miljoen) in Suid-Afrika.

JAAR	MERINO	ANDER WITWOL RASSE	NIE-WOL RASSE	TOTAAL
1996	12 861	5 112	7 489	25 462
1997	12 559	5 361	7 794	25 714
1998	12 650	5 332	7 811	25 793
1999	11 421	5 759	7 997	25 177
2000	13 088	4 541	7 543	25 172
2001	13 172	4 571	7 591	25 334


(Department: Agriculture. 2002:63).



Deur die bogenoemde syfers te analiseer, om 'n vergelyking te tref met De Klerk se analise, is die volgende persentasies verkry:

Tabel 1.2: Die Merinoskaapkomponent.

JAAR	MERINOSKAAPKOMPONENT VAN TOTALE SKAAPPOPULASIE (uitgesluit karakoel)
1969	76.20 %
1982	63.50 %
1996	50.51 %
1997	48.84 %
1998	49.04 %
1999	45.36 %
2000	51.99 %
2001	51.99 %




Bogenoemde persentasies in Tabel 1.2 dui op 'n definitiewe verlaging in die skaapgetalle van die Merino, proporsioneel tot die ander rasse binne die totale skaappopulasie van Suid-Afrika.

Volgens statistieke van Cape Wools SA, produseer die Oos-Kaap die meeste wol (miljoen kilogram), teenoor die ander provinsies of gebiede.

Tabel 1.3: Produksie per Provinsie/Gebied (miljoen kilogram vetwol).

Provinsie/Gebied	1998/99	1999/00	2000/01
Oos-Kaap	13.1	11.4	10.9
Vrystaat	11.8	10.9	10.1
Wes-Kaap	9.8	9.0	8.4
Noord-Kaap	6.3	5.7	5.7
Mpumalanga	3.8	3.5	3.0
Lesotho	1.9	2.2	2.1
Kwazulu-Natal	1.5	1.3	1.1
Ander	1.5	1.4	2.0
TOTAAL	49.7	45.4	43.3

(Cape Wools SA. 2000:1).




1.3 Internasionale posisie:

Australiese wolproduksie, die grootste in die wêreld, is deurgaans aan die daal en die afgelope jare het dit met sowat 50 000 ton tot 596 000 ton gedaal. Dié neiging heers egter wêreldwyd, ook in ander wolproduserende lande. (Tabel 1.4).

Tabel 1.4: Produksie van Hoof Uitvoerlande (miljoen kilogram skoonwol).

LANDE	1998/99	1999/00
Australië	438	428
Nieu-Seeland	186	139
China	147	145
CIS Lande	94	70
Uruguay	48	41
Argentinië	37	33
Suid-Afrika	33	33

(Cape Wools SA. 2000:1).



Die wêreldproduksie van wol is ongeveer 2 312 miljoen kilogram wol, terwyl Suid-Afrika ongeveer 50 miljoen kilogram wol produseer. Suid-Afrika produseer dus sowat 2.2 % van die totale wêreldproduksie. (Strydom. Persoonlike mededeling. 2002).

Volgens Tabel 1.5 is Italië die land of bestemming waarheen die grootste persentasie van Suid-Afrika se woluitvoere verskep word, gevolg deur Duitsland en China.

Tabel 1.5: Hoof uitvoerbestemmings en waardes van wol.

BESTEMMING	WAARDE (R MILJOEN)	% VAN TOTALE RSA VERSKEPINGS
Italië	245 836	31.7
Duitsland	105 846	13.6
China	96 572	12.4
Frankryk	75 991	9.8
Korea	37 046	4.8
Verenigde Koninkryk	28 460	3.7
Kanada	26 172	3.4
Mauritius	23 845	3.1
VSA	23 218	3.0
Ierland	20 398	2.6
Japan	15 519	2.0
Spanje	15 148	2.0
België	11 626	1.5
Taiwan	5 884	0.8
Portugal	4 267	0.5
Indië	3 197	0.4
Tsjeggo-Slowakye	1 746	0.2
Ander	35 216	4.5
TOTAAL	775 987	100.0

(Cape Wools SA. 2000:1).

2. LITERATUUROORSIG

In Hoofstuk 2 sal daar 'n volledige oorsig oor skaapboerdery, bestuur en bestuurstrategieë, produksie, reproduksie, dieregesondheid en voeding gegee word.

3. PROBLEEMSTELLING

Die oorhoofse probleem wat in hierdie navorsing ondersoek is, is die dalende wolproduksie in die groter Burgersdorp omgewing.
Die volgende subprobleme is ondersoek:

3.1 Subprobleem 1:

Die tekort aan produksienorme (hoeveelheid wol (kg) per dier per seisoen (jaar) geproduseer) vir die groter Burgersdorp omgewing.

3.2 Subprobleem 2:

Die gebrek aan reproduksienorme (lam- en speenpersentasies) vir die groter Burgersdorp omgewing.

3.3 Subprobleem 3:

Die bepaling van die verskillende bestuurstyle (bestuurspraktyke) van wolboere, in die groter Burgersdorp omgewing.

3.4 Subprobleem 4:

Die finansiële posisie van wolskaapboere, in verhouding met ander bedryfstakke, in die groter Burgersdorp omgewing.

Indien hierdie subprobleme aangespreek word, sal die oorhoofse probleem van dalende wolproduksie indirek beïnvloed word.

4. DOELWITTE VAN HIERDIE NAVORSING

In die uitvoering van hierdie navorsingsprojek, word die volgende doelwitte nagestreef:

- 4.1 Produksie te bevorder, deur produksie- en reproduksienorme te bepaal, vir die verskillende hoof produksiegebiede in die groter Burgersdorp omgewing.

- 4.2 Die verskillende bestuurstyle van skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing, te bepaal.
- 4.3 Die bepaling van die bruto marges vir skaapboerderye in die groter Burgersdorp omgewing om sodoende die volhoubare ekonomiese posisie vas te stel.

5. HIPOTESE

- 5.1 Die vasstelling van produksienorme sal wolboere instaat stel, om hul eie produksie te vergelyk met die norme van die spesifieke hoof produksiegebiede.
- 5.2 Die vasstelling van reproduksienorme sal wolboere instaat stel, om hul eie reproduksie te vergelyk met die norme van die spesifieke hoof produksiegebiede.
- 5.3 Wanneer die verskillende bestuurstyle in die hoof produksiegebiede vasgestel is, sal die effek daarvan in die verskillende bruto marges weerspieël word.

6. DEFINISIE VAN KONSEPTE SOOS GEBRUIK IN HIERDIE NAVORSING

6.1 Bestuurstrategie:

Bestuurstrategie kan gesien word as 'n bestuursbenadering wat daarop ingestel is om 'n onderneming (boerdery) se hulpbronne so doeltreffend as moontlik te benut, veral in 'n dinamiese omgewing waarbinne dit dikwels moet funksioneer. Die bestuurder (boer) kan nie meer net op interne aktiwiteite van die onderneming (boerdery) konsentreer nie, maar moet ook deeglik van die eksterne omgewing bewus wees, omdat hierdie omgewing gedurig verander en 'n invloed op die onderneming (boerdery) uitoefen. (Van der Vyver. 2001:2; Pearce & Robinson. 1994:1).

In hierdie studie word bestuurstrategie verduidelik aan die hand van bestuurspraktyke. Bestuurspraktyke is aktiwiteite wat deur die boer beoefen word, soos dosering, dip, ent en skeer. Bestuurstrategieë verwys na die somtotaal van die verskillende bestuurspraktyke wat plaasvind.

6.2 Bruto Marge:

Die bruto marge van 'n lewendehawevertakking is die betrokke vertakking se bruto produksiewaarde *minus* die direk allokeerbare veranderlike koste, insluitende die gedeelte van die gebruikte voergewasse se direk allokeerbare veranderlike koste.

(Departement van Landbou en Watervoorsiening. 1986:12).

6.3 Bruto Produksiewaarde:

Die bruto produksiewaarde van 'n lewendehawevertakking is die totale waarde van produksie van lewendehawe-produkte *plus* handelsinkomste, *plus* kapitaalverandering van die lewendehawevertakking.

Dit word soos volg bereken:

PRODUKINKOMSTE =

Bruto verkope (insluitend alle voor-, middel- en agterskotte)

+ Versekering op produkte ontvang

+ Produkte deur huis verbruik (sluit skenkings in)

+ Produkte deur arbeid verbruik

+ Voorraad-aanpassing (eind – minus beginvoorraad)

plus HANDELSINKOMSTE =

Lewendehaweverkope

+ Lewende hawe geslag vir huis (sluit skenkings in)

+ Lewende hawe geslag vir arbeid

+ Versekering ontvang op lewende hawe

+ Ander direkte ontvangste (produkte uitgesluit)

- Lewendehawe-aankope

plus KAPITAALVERANDERING =

Eindwaarde van lewende hawe

+ Verskuiwings (uit) na ander lewendehawevertakkings (interne oordragte)

- Beginwaarde van lewende hawe

- Verskuiwings (in) vanaf ander lewendehawevertakkings (interne oordragte)

(Departement van Landbou en Watervoorsiening. 1986:1).

6.4 Direk Allokeerbare Veranderlike Koste:

Veranderlike Koste, is daardie deel van die totale kostekomponent, wat binne die raamwerk van 'n bepaalde produksiestruktuur kan verander, namate die omvang van die vertakkings varieer en/of die intensiteit van die produksie per eenheid varieer.

Direk Allokeerbare Veranderlike Koste, is daardie deel van Veranderlike Koste, wat sonder die byhou van omvattende rekords aan 'n vertakking toegedeel kan word.

(Departement van Landbou en Watervoorsiening. 1986:8).

6.5 Effektiviteit:

Die woord "effek" verwys na die uitwerking of gevolg/resultaat van 'n bepaalde aksie. Effektiviteit verwys vervolgens na die **doeltreffendheid** van die resultaat of gevolg van 'n bepaalde aksie. (Odendal. et. al. 1985:192).

6.6 Ekstensief:

Die woord "ekstensief" verwys na 'n boerdery wat oor 'n groot oppervlakte versprei is. Ekstensiewe wolskaapboerdery word dus hoofsaaklik op die veld aangehou. (Odendal. et. al. 1985:198).

6.7 Norme:

Vir die doel van hierdie studie verwys "norme" na standarde wat vasgestel word vir produksie en reproduksie, sodat wolboere hulself met die vasgestelde standaard kan vergelyk.

6.8 Produksie:

Produksie verwys na die produk wat geproduseer word. In hierdie studie word hoofsaaklik verwys na wol en vleis. Daar word onderskeid getref tussen die totale hoeveelheid wol (kg) wat per seisoen geproduseer word, en die totale hoeveelheid wol (kg) wat per dier, per seisoen geproduseer word.

6.8.1 Produkininkomste:

Dit verwys na die totale inkomste gegenereer vanaf die totale hoeveelheid wol (kg) wat geproduseer word. (Wol bemarking)

6.8.2 Handelsinkomste:

Hier word verwys na die totale hoeveelheid slaglammers en uitskotdiere wat per jaar verkoop word. (Vleis bemarking)

6.9 Reproduksie:

Vir die doel van hierdie studie verwys "reproduksie" na die lam- en speenpersentasies.

6.9.1 Lampersentasie:

Dit kan op verskeie maniere uitgedruk word, maar vir hierdie studie sal dit uitgedruk word as die aantal lammers gebore volgens die aantal ooie gepaar.

Dit word as volg bereken:
$$\frac{\text{Aantal lammers gebore}}{\text{Aantal ooie gepaar}} \times \frac{100}{1}$$

(Terblanche. 1987:171).

6.9.2 Speenpersentasie:

Dit word ook op verskeie wyses uitgebeeld, maar vir hierdie studie sal dit uitgedruk word as die aantal lammers gespeen uit die aantal ooie gepaar.

Dit word as volg bereken:
$$\frac{\text{Aantal lammers gespeen}}{\text{Aantal ooie gepaar}} \times \frac{100}{1}$$

(Terblanche. 1987:180).

6.10 Vetwolmassa:

Dit verwys na die hoeveelheid ongewaste wol in kilogram (kg) wat geproduseer word, m.a.w. voordat enige verwerking plaasgevind het.

(Odendal. et. al. 1985:1280).

6.11 Skaapboerdery:

Vir die doel van hierdie ondersoek sal al die skaapprodusente in die groter Burgersdorp omgewing, verdeel word in die volgende groepe: Merino boere; Döhne-Merino boere; Dorper boere en Vleismerino boere.

7. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die bespreking van die navorsingsprobleem, die navorsingsgebied (grootte en aantal boere), die vraelys (data kollektoring), die statistiese verwerking en die Geyer-rekenaarmodel vir skape, sal volledig in Hoofstuk 3 hanteer word.

8. 'N OORSIG OOR DIE OPVOLGENDE HOOFSTUKKE

Hierdie studie bestaan uit ses hoofstukke:

- 8.1 Hoofstuk 1
Agtergrond, literaturoorsig, probleemstelling, hipotese, navorsingsdoelwitte, definisie van konsepte, die navorsingsproses en 'n uiteensetting van die opvolgende hoofstukke.
- 8.2 Hoofstuk 2
Literatuurstudie.
- 8.3 Hoofstuk 3
Die navorsingsmetodologie.
- 8.4 Hoofstuk 4
Die resultate van die navorsing.
- 8.5 Hoofstuk 5
'n Volledige bespreking van die resultate van die navorsing.
- 8.6 Hoofstuk 6
Samevatting en gevolgtrekking.
- 8.7 Bronnelys.
- 8.8 Bylae.

HOOFSTUK 2

2. LITERATUURSTUDIE.

In hierdie hoofstuk word 'n volledige oorsig oor bestuur; bestuurstrategieë; produksie; reproduksie; dieregesondheid en voeding gegee. Dit sal vervolgens 'n teoretiese raamwerk vir die studie verskaf.

2.1 BESTUUR.

Bestuur is om te lei en beheer te hê oor iets, en daarmee saam dit in 'n bepaalde rigting te laat gaan. (Odendal. et. al. 1985:87).

Enige organisasie bestaan uit mense, hulpbronne en bepaalde doelwitte wat nagestreef word. Organisasies bereik egter nie hul doelwitte vanself nie. Benewens die mense, toerusting en kundigheid in die onderneming, ontbreek een noodsaaklike element nog om al die hulpbronne en aktiwiteite in die rigting van die doelwitte te stuur. Hierdie onontbeerlike element is **bestuur**. Sonder bestuur is doelgerigte optrede nie moontlik nie. (Cronje. 1997:94).

Volgens Cronje (1997:95) is bestuur dus onontbeerlik vir enige onderneming, veral om die volgende redes:

- **Bestuur is nodig om die onderneming na sy doelwitte te lei.**
Sonder die insette van bestuurders sal die hulpbronne van die onderneming nie in die rigting van die doelwitte gestuur word nie.
- **Bestuur is nodig om 'n gebalanseerde verloop aan die werking van die onderneming te gee.**

In die mikro-omgewing, dit wil sê in die onderneming self, moet daar 'n ewewig gehandhaaf word tussen dinge soos die doelwitte van die onderneming, die hulpbronne om daardie doelwitte te bereik, die persoonlike doelwitte van werknemers en die belange van die eienaars.

- **Bestuur is verder nodig om die onderneming in ewewig met sy omgewing te hou.**

Eensyds pas bestuur die onderneming by die omgewing aan deur omgewingsverandering te akkommodeer. Andersyds poog bestuur om die onderneming in ewewig met sy omgewing te hou, deur die omgewing so te probeer verander dat die onderneming se doelwitte makliker bereik kan word.

- **Bestuur is nie alleen nodig om die onderneming se doelwitte te bereik deur die onderneming in ewewig te hou nie, maar ook om die doelwitte op sinergistiese wyse en teen die hoogste moontlike produktiwiteitspeil te bereik.**

Bestuur poog dus om met die laagste moontlike toevoer (inset) van produksiemiddele die hoogste moontlike opbrengs (uitset) te bereik.

Teen die agtergrond van die voorgaande inleidende bespreking kan bestuur eenvoudig omskryf word as 'n proses wat deur die bestuurders gevolg word, om die onderneming of organisasie se doelwitte te bereik. (Cronje. 1997:95).

Boerderybestuur kan beskou word as die proses waardeur 'n boer al die produksiefaktore, naamlik grond, arbeid en kapitaal in sy boerderyonderneming organiseer, beplan, motiveer, koördineer en beheer ten einde sekere doelwitte soos maksimum wins, groei en 'n verbeterde lewenstandaard te bereik. (Standard Bank. 1988:2).

Volgens Standard Bank (1988:2) is die belangrikste bestuurselemente wat uit die omskrywing van boerderybestuur navore kom:

- **Boerderydoelwitte.**

Die eerste taak van die boerderybestuurder is die bepaling en daarstel van doelwitte vir sy boerderyonderneming. Doelwitte gee rigting aan die boerderyonderneming, help met die beplanningsproses en stel die boer in staat om te bepaal waar hy was en waarheen hy wil gaan. Doelwitte moet

daarom realisties wees, oor die kort, medium en lang termyn strek en spesifiek wees, sodat dit waargeneem kan word.

- **Boerderybesluitneming.**

Die toewysing van beperkte hulpbronne, soos byvoorbeeld kapitaal, tussen 'n aantal alternatiewe gebruike, noop die bestuurder om besluite te neem. Dit is een van die redes, indien nie die belangrikste rede nie, waarom besluitneming in die definisie van boerderybestuur opgeneem is.

Sonder besluite sal niks gebeur nie. Selfs om dinge te los soos dit is, impliseer 'n besluit; miskien nie 'n goeie besluit nie, maar tog 'n passiewe besluit.

- **Boerderybestuurstake.**

'n Basiese element van die omskrywing van boerderybestuur is die bestuurstake wat die boerderybestuurder moet verrig. Hierdie bestuurstake behels beplanning, implementering en beheer.

Die strategiese bestuursproses, wat gewoonlik uit ses verweefde stappe bestaan, is niks anders as sorgvuldige beplanning en die bestuur daarvan nie. (Standard Bank. 1999:5). Dié proses kan slegs suksesvol wees as al ses stappe toegewyd gevolg word:

- **Stap 1: Formulering van 'n missiestelling.**

Die missie van die boerderyonderneming is die lanseerplatform waarvandaan en waarheen die onderneming beweeg. Dit is belangrik om vrae soos die volgende te beantwoord, voordat die missie van die boerdery verwoord kan word: Wat is die aard van my boerdery? Waar/wat is my markte? Waarheen is die boerdery op pad?

- **Stap 2: Formulering van boerderydoelwitte.**

Boerderydoelwitte is 'n integrale deel van die missie. Die missie kan beskou word as 'n beknopte beskrywing van hoe en waarom die boerderydoelwitte bereik moet word. Doelwitte gee rigting aan die boerderyonderneming, help met die beplanningsproses en stel die boer in staat om te bepaal waar hy/sy was en waarheen hy/sy wil gaan.

- Stap 3: Evaluering van die boerderyonderneming en -omgewing.**

“Omgewing” word in ‘n nou sowel as ‘n breë verband gebruik. In die nou sin moet die boer die fisiese, biologiese, klimatologiese en ander faktore wat direk op die plaas van toepassing is, bestudeer. Hierdie tipe inligting sal die produksiegrense waarbinne geboer kan word, m.a.w. vee- en gewaskeuses, bepaal. Aan die hand van hierdie en ander ekonomiese en algemene inligting sal die bestuurder kan bepaal hoe intensief daar geboer moet word. In ‘n breë verband moet die bestuurder die tegnologiese veranderinge en veranderinge in die markomgewing en regeringsbeleid, wat ook ‘n invloed op die boerderyonderneming het, bestudeer.
- Stap 4: Strategie-ontwikkeling.**

Gegewe die missie en doelwitte asook die fisiese en ekonomiese omgewing van die boerderyonderneming, moet die boer besluit hoe die doelwitte bereik gaan word. Dit is ook belangrik om dit duidelik te stel watter doelwit of taak teen watter datum bereik of afgehandel moet wees. In hierdie deel van die strategiese beplanning moet die fisiese, ekonomiese en finansiële gegewens geïntegreer word.
- Stap 5: Toepassing van die strategie.**

Die kuns is om die beplande fisiese en finansiële prosesse so te bestuur dat die proses nie ontspoor nie. Al die voorafgaande word nou in werking gestel.
- Stap 6: Evaluering van die resultate en die doen van remediërende stappe soos nodig.**

Vordering moet deurentyd teenoor gestelde doelwitte geëvalueer word. Omdat die boerderyonderneming ‘n geheelstelsel is, moet die boer deeglik daarvan bewus wees dat balans in en sinkronisering van die ontwikkelingsprosesse nodig is. Die gevolge van alle prosesse op die geheelstelsel – positief sowel as negatief – moet voortdurend in die lig van fisiese en finansiële implikasies oorweeg word.


2.2 BESTUURSTRATEGIEË.

Bestuurstrategieë is reeds gedefinieer as die somtotaal van die bestuurspraktyke wat plaasvind. Figuur 2.1 verskaf 'n visuele beeld van bestuurstrategieë.

'n Grondige kennis van die dier se karakteristieke eienskappe, sy voedselvereistes, weigewoontes, siektes (hul genesing of voorkoming), die veld en plantegroei asook die reaksie van beide die dier en die veld op die beweiding en spaar van kampe, is nodig om goeie bestuur te verseker. (Hugo & Badenhorst. 1957:142).

'n Goeie kuddebestuursprogram en aangepaste diere kan verseker dat boere 'n ekonomies geslaagde skaapboerdery bedryf. (Ferreira. 2002:1).

Volgens Ferreira (2002:1) het skaapboere volle beheer oor die twee belangrikste faktore waarvan die sukses van 'n skaapboerdery grootliks afhang: Kuddebestuur en Teeltverbetering. Deur die twee faktore reg te bestuur, kan boere feitlik verseker dat hulle 'n ekonomiese sukses van hul boerdery maak. Kuddebestuur hou verband met omgewingsfaktore soos voeding, siekte- en parasietbeheer, paartyd en paringsmetodes, asook die hantering van diere en hul produkte. Kuddebestuurspraktyke sal bepaal in welke mate die genetiese potensiaal van 'n kudde tot uiting kom. Dit het 'n paar uiters belangrike oogmerke, waarvan 'n hoë aanteeltempo, lae vrektes en 'n algemene hoë prestasiepeil die belangrikste is. Goeie kennis van weiding en voeding, reproduksie, groei en diereproduksie is dus van kardinale belang. Teeltverbetering hang af van genetiese faktore en kan beheer word deur van goeie ramme gebruik te maak, oilammers wat geneties beter as hul moeders is vir toekomstige aanteelooie te selekteer, onproduktiewe en onekonomiese produseerders uit te skot en die korrekte toepassing van algemene teeltpraktyke. As die beginsels reg toegepas word, kan die gemiddelde gehalte en produksie van wol en vleis, sowel as die kudde se reproduksievermoë, verhoog word.



Figuur 2.1: 'n Visuele voorstelling van bestuurstrategie.

'n Hoë lam- en speenpersentasie is seker een van die belangrikste faktore wat die winsgewendheid van 'n skaapboerdery bepaal. Volgens Boshoff (1998:1) is intensiewe toesig in lamtyd die belangrikste bestuursgebruik om 'n hoë speenpersentasie te verseker. Boere wat hul teelkudde vir paring goed voorberei en in paartyd, asook tydens dragtigheid, behoorlik versorg het, moet oppas dat hulle nie al hul harde werk deur swak bestuur in lam- en speentyd ongedaan maak nie. Goeie toesig in lamtyd is baie belangrik om die verskil tussen lam- en speenpersentasie so klein as moontlik te hou.

Uit 'n bestuursoogpunt bly lamvrektes 'n belangrike faktor wat voortdurend ondersoek en sover moontlik uitgeskakel behoort te word. 'n Hoë speenpersentasie is 'n voorvereiste vir 'n winsgewende skaapboerdery. Goeie bestuur en korrekte voeding is dus van kardinale belang om vrektes weens geboorte en die VVB-kompleks (verwaarlosing, verhongering en blootstelling) te bekamp. Dié twee faktore (moeilike geboortes en die VVB-kompleks) lei tot die meeste lamvrektes. Ander oorsake wat met lamvrektes verband hou, is swak bestuur, byvoorbeeld onvoldoende toesig, asook oor-, onder- en wanvoeding van laatdragtige ooie en ooie in vroeë laktasie. (Coetzee. 1997:1).

Bestuur tydens lamtyd word bepaal deur faktore soos die plaas se topografie (oop, plat of heuwelagtig), klimaat (reënval, wind en temperatuur), beskikbare voeding (aangeplante weiding, oesreste en veldweiding), aanvullende voeding (strategiese byvoeding en volledige voeding) en die boer se bestuursvermoë. Binne dié raamwerk moet 'n prakties uitvoerbare bestuurstelsel uitgewerk word, wat die oorlewingskans van lammers verbeter. (Coetzee. 1997:1).

Droogtes in Suid-Afrika is eerder die reël as die uitsondering, en moet derhalwe reg bestuur word. Die angel kan uit rampdroogtes gehaal word met deurdagte bestuur en fyn beplanning. (Ferreira. 2000:1).

Droogtes is sinoniem met die landbou in groot dele van Suid-Afrika. Droogtes verskil egter van mekaar en daar moet duidelik onderskei word tussen seisoensdroogtes en periodieke droogtes. Besliste verskille bestaan, en dit verg verskillende bestuursmetodes. Seisoensdroogtes se omvang en duur is redelik voorspelbaar. Die oorbrugging daarvan behoort 'n normale boerdery-aktiwiteit te wees. Periodieke droogtes verontagsaam egter die grense van seisoen, die omvang en duur is onvoorspelbaar en dit wissel van korter, periodieke droogtes tot uitgerekte rampdroogtes. Voorsorgmaatreëls kan tog getref word. Reënvaldata oor 'n aantal jare kan 'n aanduiding gee van die frekwensie van droogtes, en boerderybeplanning kan daarby aangepas word. (Ferreira. 2000:1).

Probleemdiere bly steeds vir baie skaapboere 'n groot kopseer. Volgens Bowland et. al. (1992:6) behels die ekonomiese impak van roofdiere vir individuele boere en die kleinveebedryf in sy geheel, direkte en indirekte kostes. Direkte koste word gedefinieer as die verlies in markwaarde van die diere wat aangeval is, veeartsenykundige sorg van beseerde diere, vervanging van teeldiere en verlaagde winste. Indirekte kostes is dié geassosieer met roofdierbeheermaatreëls wat ingestel word om vee te beskerm teen roofdieraanvalle, soos die kraal waarin diere oornag, skade aan wolvesels as gevolg van die noue kontak van diere wat in 'n klein area aangehou word, ensovoorts. Roofdierbeheermaatreëls is gewoonlik daarop gemik om direkte en indirekte kostes te verlaag.

Pleks van om roofdiere, soos rooijakkalse en rooikatte, voor die voet uit te roei, kan veeboere hulle ekonomies en omgewingsgunstig bestuur. (Verdoorn. 1999:1). Volgens Verdoorn (1999:1) lyk dit nie of veeboere al hul stryd van so 350 jaar teen roofdiere wen nie. Die rooijakkals (*Canis mesomelas*) en die rooikat (*Felis caracal*) vergal kleinveeboere se lewe, altans so glo boere dikwels. Allerlei metodes is al gebruik om die jakkals en die rooikat uit te roei. Dink maar aan die jakkalswerende heinings van die Karoo, die vergiftigde karkasse wat gebruik is, die troppe jaghande en die skote wat knaend agter die "ongediertes" geklap het.

Dit is in die moderne era vir die boer van belang om 'n bestuursplan saam te stel, as hy die probleemdierekwessie wil oplos. So 'n bestuursplan bestaan gewoonlik uit die volgende ses fases:

- Stel vas waarom probleemdiere veeverliese veroorsaak.
- Ontleed die probleem.
- Ken die bepaalde individu onder die probleemdiere uit.
- Bereken of die finansiële verliese die koste van 'n bestuursprogram oortref.
- Stel 'n bestuursplan saam.
- Meet die resultate van die plan.

As die skade minder as die koste van 'n bestuursprogram is, is dit 'n verkwisting om, soos dikwels gebeur, sonder genoeg rede duisende rande aan probleemdierebestuur te bestee. Word skape egter elke week gevang, is dit die moeite werd om geld en tyd in 'n sinryke program te belê. (Verdoorn. 1999:1).

2.3 PRODUKSIE.

Produksie is die ontwikkeling of vervaardiging van 'n sekere produk. (Odendal. et. al. 1985:859).

Die vier landdrosdistrikte wat in hierdie navorsing geïdentifiseer is, het die onderstaande vetwolmassa (kg) gedurende die 1999/00 seisoen geproduseer.

Burgersdorp	746 681,0
Molteno	411 883,6
Steynsburg	279 875,4
Venterstad	<u>108 885,6</u>
TOTAAL	1547 325,6

(Frances. Persoonlike mededeling. 2001).

Die internasionale wolmark het in die laat tagtigerjare in duie gestort toe die Australiese wolraad nie meer kon voorbly om die oorproduksie van die vesel in te koop nie. In daardie stadium was die opgehoopde voorraad bykans gelyk aan een jaar se produksie! Die SA Wolraad het ook deur diep waters gegaan en is later gesluit, soos al die ander bemarkingsrade. Al die gebeure het die land se skaapboerdery groot skade berokken en 'n mens kan net wonder watter bydrae dit tot die ontvolking van die Karoo en ander plattelandse gebiede gelewer het. (Willemse. 2002:1).

Skaapgetalle en wolproduksie in Suid-Afrika bly daal. Wolproduksie het die afgelope dekade met meer as die helfde verminder, soos wolskaapgetalle gedaal het en in baie gebiede na vleistipe skape oorgeskakel is, om die beter kontantvloei van vleisproduksie te benut. Diefstal en ongediertes het dit ook al hoe moeiliker gemaak om met enige vorm van skaapboerdery voort te gaan in Mpumalanga, KwaZulu-Natal, dele van die Oos-Kaap en die Vrystaat. (Willemse. 2002:1).

Die Australiërs, wat 40 % van die wêreld se wol produseer, het die afgelope vyf jaar (1995 tot 2000) met doelbewuste pogings begin om fyner wol (waarvoor daar klaarblyklik 'n onversadigbare vraag is) te produseer. Waar die gemiddelde deursnee van die Suid-Afrikaanse skeersel (1999/00) sowat 22 mikron (R22,49/kg skoonwol) is, is 17 % van die Australiese skeersel (1999/00) fyner as 19 mikron (R45,82/kg skoonwol). Deur hul produksie by die marktoestande aan te pas, het baie boere hul inkomste per hektaar uit wol stewig verbeter deur bloot die fyner teelroete te volg. Die huidige prysverskil (1999/00) tussen wol van 19 en 22 mikron is R23,33/kg (skoonwol). Boere wat beplan om fyner wol te produseer, moet dit nie ten koste van reproduksie-, gehalte- en vleiseienskappe doen nie. "Die vraag na medium wol sal nie oornag verdwyn nie, en dit sal nog altyd 'n plek in die mark vind." (Bekker. 2000:1).

Tabel 2.1: Die Produksie Verdeling volgens mikron, van die Suid-Afrikaanse skeersel.

MIKRON	1997/98	1998/99	1999/00	2000/01
< 19	3.3	4.1	5.3	4.5
19-20	6.3	6.8	8.1	8.0
20-21	14.3	14.8	17.5	16.6
21-22	27.3	28.3	32.0	29.6
22-23	27.8	27.7	24.5	24.6
23-24	14.4	13.5	9.0	11.2
24-25	4.8	3.9	2.7	4.1
25-26 >	1.8	0.9	0.9	1.4
TOTAAL	100.0	100.0	100.0	100.0

(Cape Wools SA. 2000:1).

2.4 REPRODUKSIE.

Reproduksie is die belangrikste enkel biologiese en ekonomiese hoedanigheid wat die produktiwiteit van 'n kudde bepaal. Dit is ook basies tot enige poging om met seleksie vordering te vermag in diereteelt. Die belangrikheid van reproduksie is daarin geleë dat dit nodig is om:

- 'n teeltkudde in stand te hou,
- surplusdiere te verskaf vir vervanging of vir verkoop, en
- 'n effektiewe seleksie-differensiaal te handhaaf.

(Hofmeyr. 1984:5).

Vir die doel van hierdie studie verwys "reproduksie" na die lam- en speenpersentasies in die onderskeie gebiede.

Aangesien die ram verantwoordelik is vir die verwekking van 'n aantal lammers, is die voorbereiding van die ram vir paring baie belangrik. Indien die ram nie fisiologies en anatomies in 'n goeie toestand is nie, kan optimale benutting van die ram nie bereik word nie. (Schutte. et. al. 1986:113).

Optimale reproduksie by die ooi word bepaal deur:

- Die aantal normale eiselle wat ontwikkel en vrygestel word tydens ovulasie.
- Die aantal eiselle wat bevrug word.
- Die aantal fetusse wat ontwikkel, oorleef en as lammers gebore word.
- Die aantal lammers wat gebore word en wat vir produktiewe en reprodktiewe doeleindes in die kudde opgeneem word.

(Schutte. et. al. 1986:114).

Volgens De Klerk et. al. (1983:105) is reproduksie die belangrikste ekonomiese faktor by kleinveeboerdery en hou verband met winsgewendheid, groter seleksie moontlikhede en genetiese vordering van die kudde.

Om optimale reproduksie en benutting te verseker, is die voorbereiding van ooie en ramme in die laaste twee maande voor paring baie belangrik. (Coetzee. 1998:1).

Spermatogenese strek oor 'n periode van ten minste ses weke en voeding moet dus ongeveer twee maande of langer voor paartyd ingeskerp word. Net so, moet ramme wat van ander streke of veilings ingekoop is, 'n aanpassingstydperk van ongeveer twee maande gegee word, omdat tydelike onvrugbaarheid mag voorkom. Ramme moet ook genoeg oefening kry en fiks bly. Op 'n kuddebasis bereken, word twee tot drie persent ramme aanbeveel. (Schutte. et. al. 1986:114).

Daar word aanbeveel dat 'n hoë persentasie ramme (tot 4 %) by jong ooie gebruik word. Hoe meer kere 'n ooi gedek word, hoe beter is die kans dat sy beset raak. Die kans vir tweelinggeboortes vergroot ook. (Coetzee. 1998:1).

Die ooi moet ook vir paring voorberei word en daar moet veral gesorg word dat sy haar lam sal kan grootmaak. Doseer ooie Vitamiene A een maand voor paartyd. 'n Egalige, gebalanseerde voedingspeil dwarsdeur die jaar bepaal die vleis- en wolproduksie, puberteit en aanteelvermoë. Dit is die liggaamsmassa van 'n jong ooi, wat haar teelvermoë beïnvloed en nie soseer die ouderdom nie. Jong ooie wat van meet af 'n egalige groeitempo handhaaf, is gouer geslagsryp as jong ooie wat

op 'n lae voedingspeil gehou word. Ooie moet verkieslik met kort wol gepaar word, indien die wol lank is, moet ooie voor paartyd gemikskeer word. (Schutte. et. al. 1986:114).

Boere moet onthou dat jong ooie korter (30 minute tot 24 uur) as volwasse ooie (12 tot 36 uur) op hitte is. Die kans is dus groter dat 'n ram 'n jong ooi kan oorslaan, daarom dan 'n hoër persentasie ramme by jong ooie. (Coetzee. 1998:1).

Seleksie is natuurlik ook 'n belangrike faktor, wanneer daar gepraat word oor reproduksie. Volgens Ferreira (2002:1) moet 'n kudde jonk en lewenskragtig gehou word, en daarom moet ongeveer 25 % vervangingsooie jaarliks in die trop ingebring word. Die jong ooie se lampersentasie is gewoonlik laer as die kudde se gemiddeld, maar dit neem toe met volwassenheid en is die hoogste op vier tot vyf jaar, waarna dit begin daal. As daar te veel ooie ouer as vyf jaar in 'n kudde is, kan dit die lampersentasie nadelig raak, terwyl meer lamvrektes ook by ou ooie voorkom. Ouer ooie is geneig om later in die seisoen te lam, is ook gevoeliger vir swak voedingstoestande en benodig meer aanvullende voeding in droë tye. Die gereelde uitskot van ouer ooie behoort dus die lam- en speenpersentasie te verhoog en die voerkoste te verlaag.

Volgens Steyn (1996:14) moet ramme uit vrugbare families geselekteer word. Die toets van ramme vir vrugbaarheid, geslagsiektes en dekbehendigheid is noodsaaklik. Ramme moet goed gegroei, fiks, lewenskragtig en gesond wees, met goeie dekbehendigheid om die hoogste aantal ooie per dekseisoen te bevrug. Vir dekbehendigheid moet veral gewaak word teen bouvorm gebreke, veral swak agterbene (regop hakke en swak kootgewigte), oormatige lang skrotum en 'n hangpeester. Sterk konstitusie, lewenskragtige ramme in groeiende kondisie en kort geskeer (skeer 6 weke voor paartyd) sal die maksimum aantal ooie binne 34 dae dek.

2.5 DIEREGESONDHEID.

'n Groot probleem vir die boer is dat dit dikwels glad nie 'n eenvoudige taak is om die aard van 'n siekte te bepaal nie, m.a.w. om 'n diagnose te maak nie. Soms is dit betreklik eenvoudig, maar dikwels vereis dit die volledige kennis en ondervinding van 'n opgeleide veearts, asook chemiese en mikroskopiese toetse. (Mönnig & Veldman. 1986:1).

Bloutong is 'n ongenaakbare insekgedraagde virussiekte by skape. Die orbivirus wat bloutong veroorsaak, het 24 stamme bloutongvirusse, waarvan 21 in Suid-Afrika voorkom. (Du Preez. 2001:1).

Volgens Du Preez (2001:1) is bloutong seisoengebonde en kom in die middel van die somer en herfs voor, tot die eerste ryp val. Die bloutongvirus oorwinter veral in beeste. Inheemse skaaprasse soos die Namakwa-Afrikaner, Swartkop-Persie en die Karakoel, is minder vatbaar vir bloutong, terwyl Europese rasse soos die Merino weer baie vatbaar is.

Volgens Mönnig & Veldman (1986:78) is die Merino definitief die vatbaarste van al die skaaprasse, vir bloutong. Algemene simptome is dat die skaap koorsig word (40-42 °C) en lusteloos is. Die bek (tong en lippe) swel en die skaap kwyl en lek die lippe. Die slymvliese is eers rooi en later blouerig. Die siekte duur van 'n paar dae tot selfs twee weke. By skape wat herstel, kom 'n breuk in die wol gewoonlik voor.

Bloutong-entstof verleen 'n redelike lang immuniteit en daar kan met die inenting begin word, sodra die ooie in die winter gelam het. Lammers van ingeënte ooie moet nie voor die ouderdom van ses maande ingeënt word nie, want die passiewe immuniteit duur ses maande. Oningeënte ooie se lammers kan op die ouderdom van vier weke al ingeënt word. (Du Preez. 2001:1).

Bloednier is 'n siekte van skape wat in Suid-Afrika en elders voorkom en word veroorsaak deur *Clostridium ovitoxicum*. Die bloednierkiem is wyd onder skape versprei en kom in die dermkanaal van baie gesonde skape voor, maar hierdie kieme is dan in 'n nie-aktiewe of latente vorm aanwesig en doen geen kwaad nie. Die latente kieme kan egter deur verskillende omstandighede of faktore skielik geprikkel word, sodat hulle dan vinnig sal vermenigvuldig of meer van die gifstof of toksien sal afskei en die dood sal veroorsaak. Die verloop van die siekte kan baie vinnig of akuut wees. Waar siektetekens voorkom, kan twee soorte gevalle onderskei word, naamlik 'n soort met verlies van bewussyn en verlamming, en 'n ander soort met senuusimptome en stuiptrekkings. Alle skape oor drie maande kan ingeënt word met Bloednier-entstof. Waar die sterftes straf voorkom, kan lammers van selfs 'n maand oud geënt word. (Mönnig & Veldman. 1986:37).

Jaarliks word miljoene rande se skade deur eksterne parasiete aangerig, wat veel meer is as wat die koste van strategiese beheer sou wees. Wanneer daar op die beheer van eksterne parasiete gekonsentreer word, moet in gedagte gehou word dat parasieteskade met betrekking tot die omgewing en gebied verskil. Die vatbaarheid van diere vir parasiete of parasietoorgedraagde siektes verskil ook. (Anon. 2002:1).

Daar word groot verliese by die produksie van vleis en melk deur parasiete veroorsaak. Onderdrukte prestasie van siek diere en swakker kwaliteit diereprodukte soos wol en velle is regstreekse tekens van die skade wat deur uitwendige parasiete aangerig kan word. Indirekte verliese kan aan 'n wye verskeidenheid siekeverwekkende organismes toegeskryf word en word deur vektore (die parasiete) oorgedra. Siek diere produseer swak, is duur om te behandel en mag boonop nog vrek ook. (Anon. 2002:1).

Die akkurate identifikasie van die betrokke parasiete dien as die vertrekpunt van enige parasietbeheerprogram. Terselfdertyd moet inligting ingewin word betreffende die parasiete se lewensloop en gewoontes. Sulke kennis aangaande parasiete kom handig te pas tydens die opstel van 'n beheerprogram, die

voortdurende monitering van die parasietstatus op die plaas en die aanpassing van die beheerprogram indien nodig. Die inenting van diere is 'n betroubare en 'n veilige werkswyse om immuniteit teen die meeste skadelike en dodelike parasietoorgedraagde siektes te verseker. (Anon. 2002:1).

Weerstandigheid is die oorgeërfde eienskap van 'n organisme wat hom in staat stel om die dodelike uitwerking van 'n onvriendelike omgewing te oorleef.

Geregistreeerde parasietbeheermiddels moet met omsigtigheid gebruik word, sodat daar gewaak kan word teen die selektering van weerstandige parasiete. Middels met verskillende aktiewe bestanddele moet gereeld met mekaar afgewissel word en nooit teen 'n laer sterkte as die gespesifiseerde dosis toegedien word nie. (Anon. 2002:1).

Suid-Afrika is nou onteenseglik internasionaal op die voorpunt van seleksie en teling van skape wat die beste teen die uitwerking van haarwurmbesmetting opgewasse is, en die biologiese beheer daarvan. (Van Rooyen. 2001:1).

Volgens Van Rooyen (2001:1) is sommige skape minder vatbaar vir sekere wurms. Deur dus hierdie skape met mekaar te kruis en die oormatig vatbares uit 'n kudde te prul, kan 'n boer sy kudde se natuurlike weerstand teen byvoorbeeld haarwurms stelselmatig verhoog.

Sekere skape kan haarwurms baie beter as ander verduur. Hierdie diere ontwikkel weerstand, wat beteken dat die wurms nie goed in die gasheer (in hierdie geval die skaap) kan ontwikkel nie, of dat diere wat aanvanklik vatbaar is, immuun raak, of soos die ou boere sê, die diere raak "gesout". Hierdie skape met weerstand word in die laboratorium geïdentifiseer deur wurmeiertellings in die skape se mis te doen en te kyk watter skape die minste wurmeiers het. (Van Rooyen. 2001:1).

Die FAMACHA®-stelsel word ook gebruik om haarwurmbesmetting te identifiseer. Hierdie stelsel vergelyk die kleur van 'n skaap se oogvlies met 'n kleurkaart met oogvliesfoto's op. Die vliese is van rooi tot bykans wit. As die oogvlies rooi is, makeer die skaap niks. As die slymvlies egter 'n ligte pienk is, beteken dit die dier ly aan bloedarmoede, omdat die haarwurms die dier van te veel rooibloedselle beroof het. Hoe bleker, hoe ernstiger is die dier aangetas. Boere moet egter deeglik besef, die stelsel werk net vir bloedsuiende inwendige parasiete soos haarwurms, beslis nie vir ander wurms, soos bankrot-, knoppies- en neuswurm nie. Hierdie parasiete beroof die skaap nie van bloed nie en die dier se oogslimvlies wys dus nie 'n hoë besmetting van hierdie wurms uit nie. Daarom moet 'n boer gereeld mismonsters neem en dit laat ontleed, sodat eiertellings geneem kan word. (Van Rooyen. 2001:1).

2.6 VOEDING.

Vir praktiese redes kan weidings in twee breë kategorieë verdeel word naamlik:

- Groenweidings, wat beide groeiende groen veld sowel as aangeplante weidings insluit, en
- Droë winterweiding, wat weiding verteenwoordig na blomstadium en waar translokasie van voedingstowwe na die plantwortels reeds plaasgevind het. Vanweë die verharding (lignifikasie) wat hier ingetree het, is beide die verteerbaarheid en die vrywillige inname van sulke weidings laag. (De Waal, Baard & Engels. 1989:27).

Weidings voorsien in die grootste deel van die ruvoer en voedingsbehoefte van herkouers. Waar weidings kortkom in hierdie verband, word die groei van die diere vertraag met 'n gevolglike daling in beide produksie en reproduksie. Om hierdie probleme te voorkom, word aanvullende voeding verskaf. Die aard en hoeveelheid van die aanvullings wat voorsien moet word, word bepaal deur die beskikbaarheid en gehalte van die weidingsmateriaal, asook die produksiefunksie van die diere op die weiding. (Dickinson. et. al. 1993:357).

Prikkelvoeding is 'n term wat verwys na 'n verhoging in die voedingspeil, met heel dikwels ook 'n gepaardgaande verhoging in liggaamsmassa van die ooi, gedurende die periode drie tot vier weke voor paring. Prikkelvoeding gee aanleiding tot 'n verhoogde ovulasietempo, beter bevrugtingsresultate en derhalwe word 'n groter persentasie meerlinge gebore. 'n Verlaging in die liggaamsmassa van die ooi drie tot vier weke voor paartyd, sal die teenoorgestelde resultaat lewer. Ooie wat in goeie kondisie is en reeds op 'n hoë voedingspeil is, sal weinig baat by prikkelvoeding aangesien hulle nie die vereiste tempo van massa-toename kan bybring nie. Dit is dus onekonomies om aan vet ooie prikkelvoeding beskikbaar te stel. Enige tipe hoë energiebyvoeding (weiding en/of graanbyvoeding) kan vir prikkelvoeding gebruik word. (Schutte. et. al. 1986:114).

Grane fermenteer vinnig en is geneig om asidose (suurpens) te veroorsaak. 'n Aanpassingsperiode is dus nodig en waar groot hoeveelhede graan gebruik word, moet 'n buffer (bv. voerkalk, gebluste kalk, koeksoda ens.) ingesluit word. Dit is bekend dat skape ongeveer ses weke nodig het om aan te pas by hoë styseldiëte (bv. grane), veral waar groot hoeveelhede voorsien word. Skape is herkouers en ruvoer (strooi, hooi of weiding) moet beskikbaar wees. By hoë konsentraatdiëte moet minstens 10 % ruvoer beskikbaar wees. Weidings is hoog degradeerbaar (ongeveer 85 %) en indien proteïenbronne as aanvulling gebruik word, word die beste resultate met laag degradeerbare bronne verkry. Dit is veral belangrik by jong groeiende lammers en dragtige en lakterende ooie. (Brand & Aucamp. 2000:1).

Volgens Brand & Aucamp (2000:1) moet dit in gedagte gehou word dat wanneer groot hoeveelhede ureum ingeneem word (meer as 10-14 g per skaap per dag), dit giftig is. Die inname moet dus beperk word en dit moet goed gemeng word. Sout word gewoonlik as inname reguleerder gebruik.

Om aanvulling ekonomies regverdigbaar te maak, moet byvoeding op die regte tyd of produksiestadium gegee word. Dit word aanbeveel dat lekke die laaste ses weke van dragtigheid en die eerste agt weke van laktasie voorsien word. Die samestelling van lekke as byvoeding, sal afhang van die tipe weiding, die beskikbare grondstowwe en die prys daarvan. (Brand & Aucamp. 2000:1).

Volgens De Waal (1999:1) het sout wel groot nut, maar te veel daarvan in lekke kan sy goeie werking belemmer, tot verlaagde produksie lei en vir diere lewensgevaarlik wees.

Hoewel natrium, een van die elemente in sout, dus natriumchloried (NaCl), lewensnoodsaaklike werk in die mens en die dier se liggaam doen, is dit belangrik dat nie te veel daarvan ingeneem word nie. Die probleem is dat die meeste boere nie 'n onderskeid kan tref tussen die fisiologiese behoefte van diere na sout, en hul blote lus daarna, of wanneer dit met smaaklike bestanddele, soos melasse en ander energie- en proteïenbronne, in lekke vermeng word nie. Volgens die jongste gegewens benodig skape 5-8 g sout per dag. Die nadele van te hoë soutinname is:

- Verminderde wolgroei.
- Vertraagde groei by veral jong diere.
- Verminderde melkproduksie deur lakterende ooie, en dus swakker groei by hul lammers.
- Te hoë innames kan selfs toksies wees.

(De Waal. 1999:1).

Deurvloei proteïen, die mees kritieke voedingstof om bies- en melkproduksie te verhoog, lewer 'n groot bydrae om lamvrektes te beperk. Lamoorlewing hang af van die suksesvolle wisselwerking tussen die ooi en die lam kort na geboorte, asook van die vinnige en voldoende inname van energie en teenliggaampies (immunoglobulien) deur die bies. Te min bies sal pasgebore lammers se oorlewingskans verlaag. (Coetzee. 1999:1).

Volgens Coetzee (1999:1) is in Australië gevind dat ooie op 'n lae voedingspeil met 'n tekort aan deurvloeiproteïen 977 ml bies produseer, teenoor die 2078 ml van ooie op 'n hoë voedingspeil met genoeg deurvloeiproteïen. Deurvloeiproteïen word verskaf deur natuurlike proteïenbronne wat stadig in die rumen (grootpens) afbreek, soos brouersgraan en vis-, vleis-, bloed-, karkas-, katoenoliekoek- en Mieliegluten 60-meel.

Daar word aanbeveel dat wol- en vleisskaaprodusente, hul kuddes se speenpersentasie en lamgroei, asook melk- en wolproduksie verbeter deur 'n goeie natuurlike proteïen- en spoorelementkonsentraat op strategiese tye in hul byvoedingsprogram op enige tipe weiding in te skakel. (Coetzee. 1999:1).

HOOFSTUK 3

3. NAVORSINGSMETODIEK.

In hierdie hoofstuk volg 'n volledige bespreking van die navorsingsgebied (hoof produksiegebiede; helling; plantegroei; reënval en temperatuur); die insameling van die data; die statistiese tegnieke en die Geyer-rekenaarmodel. Dit sal 'n volledige oorsig verskaf oor die metodologie van hierdie studie.

3.1 NAVORSINGSGEBIED.

Hierdie navorsingsprojek fokus uitsluitlik op die groter Burgersdorp omgewing wat die volgende landdrostdistrikte insluit:

- Burgersdorp
- Molteno
- Steynsburg
- Venterstad.

Die totale hoeveelheid vetwolmassa (kg) geproduseer in die Oos-Kaap vir die 1999/00 seisoen, beloop 11 363 577.2 kg. Hiervan het die groter Burgersdorp omgewing 1547 325.6 kg geproduseer, wat ongeveer 13 persent (%) verteenwoordig. (Frances. Persoonlike mededeling. 2001).

Die bogenoemde syfers bevestig dat die groter Burgersdorp omgewing 'n betekenisvolle bydrae lewer tot die hoeveelheid vetwolmassa wat per seisoen in die Oos-Kaap geproduseer word. Gevolglik kan daar dus sinvol, 'n effektiewe studie op die groter Burgersdorp omgewing gedoen word.

Die bogenoemde vier landdrostdistrikte is gevolglik in twee hoof produksiegebiede verdeel naamlik:

- Stormberg Hoëveld
- Burgersdorp Laeveld

Map not included in the electronic document

Map not included in the electronic document

Stormberg Hoëveld sluit Molteno en die hoërliggende gedeelte van Burgersdorp in. Burgersdorp Laeveld sluit Steynsburg, Venterstad en die laerliggende gedeelte van Burgersdorp in.

Figuur 3.1 verskaf 'n visuele beeld van die twee hoof produksiegebiede.

Die rede vir hierdie verdeling is hoofsaaklik omdat die groter Burgersdorp omgewing uit 'n hoërliggende gebied (Stormberge) en 'n laerliggende gebied (Laeveld) bestaan.

Figuur 3.2 verskaf die helling/topografie van die twee hoof produksiegebiede.

Die volgende aannames is gemaak, t.o.v. die twee hoof produksiegebiede:

- Die reënvalsyfers in die verskillende hoof produksiegebiede, sal verskil.
- Die veldtipes en veldtoestande in die verskillende hoof produksiegebiede, sal verskil.
- Die bestuurstrategieë van skaapboere in die verskillende hoof produksiegebiede, sal verskil.

3.1.1 Plantegroei.

Figuur 3.3 verskaf 'n illustrasie van die verskillende veldtipes volgens Acocks, vir die twee hoof produksiegebiede.

In die ondersoekgebied kom vyf verskillende veldtipes volgens Acocks voor naamlik, STORMBERG PLATO SOETVELD; KAROO-AGTIGE *MERXMUELLE* BERGVELD; *CYMBOPOGON-THEMEDA* VELD; DROë *CYMBOPOGON-THEMEDA* VELD en SKYN-HOëR KAROO.

3.1.1.1 STORMBERG HOëVELD

In STORMBERG HOëVELD kom hoofsaaklik vier verskillende veldtipes voor:

Map not included in the electronic document

STORMBERG PLATO SOETVELD

Hierdie veldtipe is die oorgang vanaf die *Themeda-festuca* Alpe Veld na die Karoo-agtige *Merxmuellera* Bergveld. Dit verskil grootliks deurdat dit 'n plato in plaas van steil berghellings beslaan. By 'n hoogte wat varieer vanaf 1500 - 2000 m, en met 'n reënval van 500-650 mm, ontwikkel 'n soet grasveld. Oor die algemeen is dit 'n *Themeda triandra* (rooigras) – dominante veld op 'n swart, turfagtige grond. *Merxmuellera disticha* (suurpol), *Aristida diffusa* (beessteekgras) subsp. *Burkei* en *Cymbopogon plurinodis* (terpentyngras) is dominant op sandsteen klipbanke, maar *Themeda triandra* (rooigras) is volkome dominant op doleriet banke. 'n Kenmerk van hierdie plato is die uitgebreide vleie, wat gedomineer word deur *Tetrachne dregei* (stormbergplatblaar), *Eragrostis chloromelas* (krulblaar/balhaargras) en 'n bietjie *Themeda triandra* (rooigras). Die heuwels word ingeneem deur Karoo-agtige Vals Fynbos, waarin *Felicia filifolia* (persdraaibos) soms opvallend is. (Acocks. 1988:111 & Van Oudtshoorn. 1999:50-163).

KAROO-AGTIGE MERXMUELLERA BERGVELD

Dit begin in die ooste as kolle op klipperige, droë aspekte in die *Festuca-Themeda* Alpe Veld en die Stormberg Plato Soetveld. Hierdie veldtipe bedek al die hoër berge van die Vals Karoo en die Sentrale Bo-Karoo. Die dominante gras is *Merxmuellera disticha* (suurpol) en alhoewel dit die natuurlike dominant in klipperige sandsteen dele is, is dit waarskynlik dat in alle doleriet dele en dele bedek met grond, *Themeda triandra* (rooigras) en *Tetrachne dregei* (stormbergplatblaar) die natuurlike dominante is. (Acocks. 1988:111 & Van Oudtshoorn. 1999:50-256).

CYMBOPOGON-THEMEDA VELD (Suidelike Variasie)

Hierdie is 'n matige, digte grasveld, taamlik kort. Spesies wat oor die algemeen voorkom is onder andere: *Themeda triandra* (rooigras); *Setaria flabellata* (kruipmannagras); *Microchloa caffra* (elsgras); *Eragrostis chloromelas* (krulblaar); *Eragrostis capensis* (hartjiesgras); *Cymbopogon plurinodis*

(terpentyngras); *Elionurus muticus* (koperdraadgras) en *Heteropogon contortus* (assegaaigras). *Eragrostis chloromelas* (krulblaar/balhaargras) en *Microchloa caffra* (elsgras) is geneig om te vermeerder met oorbeweidings, maar hierdie veld behou sy digtheid goed. (Acocks. 1988:100 & Van Oudtshoorn. 1999:50 -177).

DROë CYMBOPOGON-THEMEDA VELD (Suidelike Variasie)

Hierdie veld was voorheen die mees uitgebreide van die variasies van die Droë *Cymbopogon-Themedata* Veld, maar die soetveld is grootliks ingeneem deur Karoo om die Vals Karoo te vorm. Dit was veral waardevolle skaap veld deurdat *Tetrachne dregei* (stormbergplatblaar) voorgekom het. Die spesiale waarde van hierdie veld is egter grootliks vernietig en dit sal waarskynlik nooit weer ten volle herstel nie. Hoogtes wissel tussen 1200–1500 m bo seespieël en reënval tussen 450-500 mm per jaar in die oorblywende gedeeltes van hierdie veld, alhoewel oorblyfsels van hierdie veld ook voorkom in areas met so min as 300 mm reënval per jaar. Die reënseisoen is in die laat somer. (Acocks. 1988:103 & Van Oudtshoorn. 1999:50-256).

3.1.1.2 **BURGERSDORP LAEVELD**

In BURGERSDORP LAEVELD kom hoofsaaklik twee verskillende veldtipes voor:

SKYN-HOëR KAROO

Hierdie veld verskil nie veel van voorkoms van die Sentrale-Hoër Karoo nie, behalwe dat dit meer gras het, hoofsaaklik *Aristida adscensionis* (bruinsteekgras); *Aristida congesta* (kortbeensteekgras) en *Eragrostis lehmanniana* (knietjiesgras). In detail is daar egter verskille. In die Skyn Karoo word gevind dat: 1) die heuwels hoofsaaklik bestaan uit 'n grasveld tipe en in beskermde plekke kom algehele grasveld voor, 2) die algemene struik op die heuwels is *Rhus erosa* (besembos) - veral teen droër berghange en koppies -, wat nie voorkom in die Sentrale-Hoër Karoo nie en 3) 'n gras wat algemeen

voorkom, is *Tetrachne dregei* (stormbergplatblaar), wat ook nie voorkom in die Sentrale-Hoër Karoo nie. Die Skyn-Hoër Karoo is vandag steeds besig om te verander na 'n grasveld. Die pionier van die Skyn-Hoër Karoo is *Chrysocoma ciliata* (bitterbos). (Acocks. 1988:88 & Venter. 1976:164).

KAROO-AGTIGE *MERXMUELLERA* BERGVELD

Dit begin in die ooste as kolle op klipperige, droë aspekte in die *Festuca-Themeda* Alpe Veld en die Stormberg Plato Soetveld. Hierdie veldtipe bedek al die hoër berge van die Vals Karoo en die Sentrale Bo-Karoo. Die dominante gras is *Merxmuellera disticha* (suurpol) en alhoewel dit die natuurlike dominant in klipperige sandsteen dele is, is dit waarskynlik dat in alle doleriet dele en dele bedek met grond, *Themeda triandra* (rooigras) en *Tetrachne dregei* (stormbergplatblaar) die natuurlike dominante is. (Acocks. 1988:111 & Van Oudtshoorn. 1999:50-256).

3.1.2 Reënval.

Figuur 3.4 verskaf die gemiddelde reënval vir die twee hoof produksiegebiede.

STORMBERG HOëVELD varieer gemiddeld tussen 301 en 500 mm reënval per jaar, terwyl BURGERSDORP LAEVELD se gemiddelde reënval tussen 201 en 400 mm per jaar varieer.

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens is die gemiddelde reënval vir Burgersdorp; Molteno; Steynsburg en Venterstad soos volg:

Map not included in electronic document

Tabel 3.1: Gemiddelde reënval vir die Onderzoekgebied.

DISTRIK	Burgersdorp	Molteno	Steynsburg	Venterstad
HOOGTE	1 387 m	1 580 m	1 448 m	1 340 m
TYDPERK	1887 - 1999	1889 - 1999	1877 - 1999	1883 - 1999
EENHEID	Gemiddeld (mm)	Gemiddeld (mm)	Gemiddeld (mm)	Gemiddeld (mm)
MAAND				
Januarie	61.2	69.8	53.9	52.4
Februarie	70.5	80.3	63.6	67.4
Maart	74.6	87.2	70.3	73.3
April	40.7	47.4	36.6	40.1
Mei	23.4	30.0	23.2	22.4
Junie	14.0	15.5	13.2	12.3
Julie	12.6	12.6	10.8	10.4
Augustus	16.5	18.3	12.9	13.0
September	21.1	27.1	19.5	19.1
Oktober	34.8	42.2	30.6	30.5
November	45.5	56.1	41.5	42.1
Desember	50.5	59.5	48.0	44.6
TOTAAL	465.4	546.0	424.1	427.6

(De Villiers. Persoonlike mededeling. 2002).

3.1.3 Temperatuur.

Figuur 3.5 verskaf die minimum temperature vir Januarie.

Die minimum temperature vir Januarie varieer tussen 11 °C en 15 °C.

Figuur 3.6 verskaf die minimum temperature vir Julie.

Die minimum temperature vir Julie varieer tussen –2 °C en 3 °C.

Figuur 3.7 verskaf die maksimum temperature vir Januarie.

Die maksimum temperature vir Januarie varieer tussen 26 °C en 31 °C.

Figuur 3.8 verskaf die gemiddelde temperature vir Julie.

Die gemiddelde temperature vir Julie varieer tussen 5 °C en 10 °C.

Inligting verskaf deur Departement van Landbou en Grondsake. (Raath. 2002).

Map not included in electronic document

Map not included in electronic document

Map not included in electronic document

Map not included in electronic document

3.2 INSAMELING VAN DATA.

Vir die doel van hierdie navorsing is die groter Burgersdorp omgewing geïdentifiseer, wat die landdrostdistrikte Burgersdorp, Moltano, Steynsburg en Venterstad insluit. Die groter Burgersdorp omgewing word verder verdeel in twee hoof produksiegebiede naamlik Stormberg Hoëveld en Burgersdorp Laeveld.

Dit is belangrik dat die data by soveel as moontlik skaapboere in die navorsingsgebied verkry word, en hiervoor is 'n vraelys die aangewese metode. Om die studie dus so betekenisvol as moontlik te maak, is alle skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing by hierdie studie ingesluit.

Nadat die vraelys opgestel is, is dit getoets deur verskeie skaapboere, wat in die navorsingsgebied geïdentifiseer is. Dit het verseker dat die vraelys verstaanbaar is en sover moontlik korrek geïnterpreteer sou word. Die nodige aanpassings is vervolgens aan die vraelys aangebring.

Die vraelys het uit die volgende afdelings bestaan:

- A Algemeen
- B Produksie
- C Seleksiepraktyke
- D Paring en Reproduksie
- E Ram Aankope
- F Dieregesondheid
- G Voeding
- H Lamvrektes
- I Fekunditeit (Vrugbaarheid)
- J Bemarking

Daar is besluit om die studie bekend te stel aan skaapboere, deur elke boerevereniging in die verskillende landdrosdistrikte te besoek. In 'n kort toespraak is die belang van die navorsing verduidelik en elke boer se samewerking t.o.v. die studie gevra. Elke skaapboer het gedurende hierdie besoek 'n tweetalige vraelys (Bylaag A) ontvang, vergesel met 'n dekkingsbrief (Bylaag B) en 'n selfgeadresseerde koevert, waarin die vraelys teruggestuur moes word.

Tweehonderd-en-dertien (213) vraelyste is altesaam uitgedeel aan skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing. Een-en-sewentig (71) in Stormberg Hoëveld en eenhonderd twee-en-veertig (142) in Burgersdorp Laeveld. Uiteindelik is 'n totaal van eenhonderd agt-en-twintig (128) vraelyste terug ontvang. Een-en-dertig (31) in Stormberg Hoëveld en sewe-en-negentig (97) in Burgersdorp Laeveld. Die persentasie (%) terugvoering was dus 43.66 % en 68.31 % in onderskeidelik Stormberg Hoëveld en Burgersdorp Laeveld, wat die totale persentasie (%) terugvoering bring op 60.09 %. Hierdie persentasie (60.09 %) vergelyk baie goed met soortgelyke navorsing wat van vraelyste gebruik gemaak het.

3.3 STATISTIESE VERWERKING.

Nadat al die vraelyste (128) terug ontvang is, is die inligting op 'n sigblad op Excel geplaas, sodat dit statisties verwerk kon word. Die inligting is met behulp van tabelle en die Pearson Chi-kwadraattoetsingsmaatstaf ondersoek. As die p-waarde van die toetsingsmaatstaf kleiner as 0.05 is, word die nulhipotese verwerp met 'n 95 % waarskynlikheid ten gunste van die alternatiewe hipotese dat daar wel betekenisvolle verskille voorkom, en omgekeerd. Dit is gebruik om die gevalle waar die waarskynlikheid (p) op grond van 'n vyf persent (5 %) peil van statistiese betekenisvolheid ($p < 0.05$) aanvaar word, as betekenisvol te verwys, en na die gevalle waar die waarskynlikheid (p) op 'n een persent (1 %) peil van statistiese betekenisvolheid ($p < 0.01$) aanvaar word, as hoogsbetekenisvol. Waar $p < 0.05$ is, dui dit op 'n waarskynlikheid van meer as 95 %, dat die verwantskap statisties betekenisvol is. Waar $p < 0.01$ is, dui dit op die waarskynlikheid van meer as 99 %, dat die verwantskap statisties hoogsbetekenisvol is. (Steyn, Smit & Du Toit. 1984:339; Geyer. 1998:103).

3.3.1 Produksie.

Die volgende is bereken:

- Die modus waardes (dui op die meeste respondente wat per kategorie voorkom).
- Betekenisvolle verskille van wolproduksie (kg), tussen die hoof produksiegebiede.
- Betekenisvolle verskille van wolproduksie (kg), tussen die verskillende skaaprase.
- Verband/Afhanklikheid tussen die hoeveelheid wol (kg) per dier geskeer en die gemiddelde fynheid (mikron) van die skeersel.
- Verband/Afhanklikheid tussen die hoeveelheid wol (kg) per dier geskeer en die verskillende skaaprase.

3.3.2 Reproduksie.

Die volgende is bereken:

- Die modus waardes (dui op die meeste respondente wat per kategorie voorkom).
- Betekenisvolle verskille tussen die lampersentasies van die verskillende hoof produksiegebiede.
- Betekenisvolle verskille tussen die lampersentasies van die verskillende skaaprase.
- Betekenisvolle verskille tussen die speenpersentasies van die verskillende hoof produksiegebiede.
- Betekenisvolle verskille tussen die speenpersentasies van die verskillende skaaprase.
- Verband/Afhanklikheid tussen die lampersentasies en voeding.

- Verband/Afhanklikheid tussen die lampersentasies en die lamstelsel(s) wat gebruik is.

3.3.3 Bestuurstrategie.

Die daarstelling van spesifieke bestuurstrategieë van skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing, is vanaf die data bepaal. Die algemene bestuurstrategie van die verskillende tipes skaapboere (Merino; Döhne-Merino; Dorper en Vleismerino) in elke hoof produksiegebied is sodoende omskryf.

3.4 DIE GEYER-REKENAARMODEL.

Die Geyer-rekenaarmodel het dit ten doel, om alle toepaslike inligting ten opsigte van 'n skaapboerdery, as 'n spesifieke produksievertakking, in te sluit. Dit is van belang, sodat die bruto marge van die vertakking bereken kan word.

Nadat al die inligting ten opsigte van die produksievertakking van 'n spesifieke skaapboer in die rekenaarmodel ingevoer is, sal dit moontlik wees om die bruto marge te bepaal.

In kort sal die boer dus voorsien kan word van baie belangrike inligting, naamlik:

- die bruto produksiewaarde van die vertakking,
- die direk allokeerbare veranderlike koste van die vertakking,
- die bruto marge van die vertakking.

Die Geyer-rekenaarmodel sal dus gebruik word om die skaapbedryf (wol en vleis) ekonomies te ontleed.

Die Geyer-rekenaarmodel bestaan uit die volgende komponente:

3.4.1 Die veetabel.

Dit bevat inligting rakende die huidige kuddeverdeling, vee-verkope, vee-aankope, mortaliteite (vrek en verlore), reproduksie (lammers gebore) en die interne oordrag van jong ooie na volwasse ooie.

Veekategorieë ter sprake is lammers, speenlammers, jong ooie, jong hamels, ooie, hamels en ramme. Die veetabel strek vanaf April tot Maart, sodat 'n volle reproduksieseisoen verteenwoordig kan word.

3.4.2 Algemene inligting.

Hierdie afdeling behels inligting t.o.v. die skeerdata, lewendehawepryse vir verkope en aankope, lampersentasie, mortaliteite (geboorte tot speen, speen tot 12 maande, 12 maande tot 18 maande, ooie, hamels en ramme).

Ander onderafdelings behels versekering ontvang (wol en lewende hawe), produkte verbruik (wol vir die huis en arbeid), wol voorraad voorhande en lewende hawe geslag (huis en arbeid).

Die kapitaalverandering word deur die model self bereken. Met bogenoemde inligting kan die bruto produksiewaarde van die vertakking bereken word.

3.4.3 Die kostetabel.

Hiermee word die direk allokeerbare veranderlike koste bepaal.

Die onderafdelings behels: gekoopte voer, selfgeproduseerde voer, KI en veearts, vervoer en bemarking, losarbeid (skeer), pakmateriaal, diverse, doseer, ent en dip.

3.4.4 Die vertakkingsontleding.

Met bogenoemde kostes, asook die bruto produksiewaarde bekend, kan die bruto marge bereken word, deur die direk allokeerbare koste van die bruto produksiewaarde af te trek.

Die direk allokeerbare veranderlike koste word as 'n persentasie van die bruto produksiewaarde uitgedruk.

HOOFSTUK 4

4. RESULTATE.

In hierdie hoofstuk word die resultate van die navorsing in tabelle weergegee. In afdeling 4.1 tot en met 4.10 word die resultate vanaf die vraelys weergegee en in afdeling 4.11 word die bestuurstrategieë vir die hoof produksiegebiede in die ondersoekgebied weergegee.

4.1 ALGEMEEN

4.1.1 Pas u kruisteling toe op u prul-ooie?

In die ondersoekgebied pas die groter persentasie skaapboere nie kruisteling toe op hul prul-ooie nie, terwyl die groter persentasie Merino boere in STORMBERG HOëVELD (68.75 %) wel kruisteling op hul prul-ooie toepas. (Tabel 4.1).

STORMBERG HOëVELD:-	JA	NEE
Merino boere	(68.75 %)	
Döhne-Merino boere		(60.00 %)
BURGERSDORP LAEVELD:-		
Merino boere		(57.14 %)
Döhne-Merino boere		(53.85 %)
Dorper boere		(88.57 %)
Vleismerino boere		(71.43 %)

Tabel 4.1: Die aantal boere wat kruisteling op hul prul-ooie toepas.

	STORMBERG HOëVELD				BURGERSDORP LAEVELD							
N = 213	N = 71				N = 142							
n = 128	n = 31				n = 97							
60.09 %	43.66 %				68.31 %							
	Merino		Döhne-M		Merino		Döhne-M		Dorper		Vleis-M	
N = 128	N = 16		N = 15		N = 42		N = 13		N = 35		N = 7	
n = 128	n = 16		n = 15		n = 42		n = 13		n = 35		n = 7	
100 %	100 %		100 %		100 %		100 %		100 %		100 %	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
JA	11	68.75	6	40.00	18	42.86	6	46.15	4	11.43	2	28.57
NEE	5	31.25	9	60.00	24	57.14	7	53.85	31	88.57	5	71.43
TOTAAL	16	100	15	100	42	100	13	100	35	100	7	100

N = Populasiegrootte

n = Respondente

4.1.2 Met watter ander rasse doen u kruisteling op u kudde?

In beide STORMBERG HOëVELD en BURGERSDORP LAEVELD word die Dorper die meeste aangewend vir kruisteling.

STORMBERG HOëVELD:	DORPER
Merino boere:	(53.33 %)
Döhne-Merino boere:	(40.00 %)
BURGERSDORP LAEVELD:	
Merino boere:	(33.34 %)
Döhne-Merino boere:	(41.67 %)
Dorper boere:	(2.94 %)
Vleismerino boere:	(14.29 %)

Tabel 4.2: Die rasse wat vir kruisteling gebruik word.

	STORMBERG HOëVELD				BURGERSDORP LAEVELD							
N = 213	N = 71				N = 142							
n = 128	n = 31				n = 97							
60.09 %	43.66 %				68.31 %							
	Merino		Döhne-M		Merino		Döhne-M		Dorper		Vleis-M	
N = 128	N = 16		N = 15		N = 42		N = 13		N = 35		N = 7	
n = 125	n = 15		n = 15		n = 42		n = 12		n = 34		n = 7	
97.56 %	93.75 %		100 %		100 %		92.31 %		97.14 %		100 %	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
Merino											1	14.29
Döhne-Merino					1	2.38			1	2.94		
Dorper	8	53.33	6	40	14	33.34	5	41.67	1	2.94	1	14.29
Vleismerino					1	2.38						
Letelle					1	2.38						
Swart Persie									1	2.94		
Ile de France					1	2.38						
Dorper	1	6.67										
Suffolk	1	6.67										
NVT	5	33.33	9	60	24	57.14	7	58.33	31	91.18	5	71.42
Totaal	15	100	15	100	42	100	12	100	34	100	7	100

N = Populasiegrootte
n = Respondente

4.1.3 Waar pas die rekordhouding van u skaapboerdery by die volgende opsies in?

In beide STORMBERG HOëVELD en BURGERSDORP LAEVELD het skaapboere aangetoon dat OPSIE B (hou rekords van aantal ooie gepaar asook lam- en speenpersentasies) meestal van toepassing is, ten opsigte van hul rekordhouding.

STORMBERG HOëVELD:	OPSIE B
Merino boere:	(43.75 %)
Döhne-Merino boere:	(46.67 %)
BURGERSDORP LAEVELD:	
Merino boere:	(57.14 %)
Döhne-Merino boere:	(61.54 %)
Dorper boere:	(50.00 %)
Vleismerino boere:	(57.14 %)

Tabel 4.3: Die tipe rekordhouding van skaapboere.

	STORMBERG HOëVELD				BURGERSDORP LAEVELD							
N = 213	N = 71				N = 142							
n = 128	n = 31				n = 97							
60.09 %	43.66 %				68.31 %							
	Merino		Döhne-M		Merino		Döhne-M		Dorper		Vleis-M	
N = 128	N = 16		N = 15		N = 42		N = 13		N = 35		N = 7	
n = 127	n = 16		n = 15		n = 42		n = 13		n = 34		n = 7	
99.22 %	100 %		100 %		100 %		100 %		97.14 %		100 %	
	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%	n	%
A	2	12.50	3	20.00	2	4.76	3	23.08	4	11.77	-	-
B	7	43.75	7	46.67	24	57.14	8	61.54	17	50.00	4	57.14
C	7	43.75	4	26.67	10	23.81	1	7.69	11	32.35	3	42.86
D	-	-	1	6.66	6	14.29	1	7.69	2	5.88	-	-
TOTAAL	16	100	15	100	42	100	13	100	34	100	7	100

Alhoewel Tabel 4.27 die Dorper se lampersentasie aandui as 116.23 % word in die rekenaarmodel gewerk met 'n gemiddeld van 109.23 %. Die laer gemiddeld is prakties meer van toepassing nadat hoë uitskieter lampersentasies van die Dorper buite rekening gelaat is.

* Die Dorper boere paar driekeer in twee jaar, terwyl die ander skaapboere eenkeer per jaar paar. Om dus 'n vergelyking te tref is die lampersentasie van die Dorper boere met 1.5 vermenigvuldig om die lampersentasie vir een jaar aan te dui.

In hierdie studie word die speenpersentasie uitgedruk as die aantal lammers gespeen volgens die aantal ooie gepaar. Speenpersentasies is volgens die vraelyste vir skaapboere in die ondersoekgebied bereken. Die mortaliteitspersentasies volgens die vraelyste, waarmee die Geyer-rekenaarmodel die speenpersentasies bereken, het tot 'n groot mate verskil van die speenpersentasies soos in die vraelyste bereken. Die mortaliteitspersentasies volgens die vraelyste is aangepas, sodat die speenpersentasies soos bereken deur die rekenaarmodel, so na as moontlik is aan die speenpersentasies soos bereken in die vraelyste:

STORMBERG HOëVELD	VRAELYTE	REKENAARMODEL
Merino	: 90.23 %	90.49 %
Döhne-Merino	: 84.19 %	84.23 %
BURGERSDORP LAEVELD		
Merino	: 90.99 %	91.06 %
Döhne-Merino	: 93.33 %	93.87 %
Dorper	: 110.64 % *(165.96 %)	166.09 %
Vleismerino	: 100.90 %	101.01 %

* Die Dorper boere paar driekeer in twee jaar, terwyl die ander skaapboere eenkeer per jaar paar. Om dus 'n vergelyking te tref is die speenpersentasie van die Dorper boere met 1.5 vermenigvuldig om die speenpersentasie vir een jaar aan te dui.

4.12.1.4 **Verkoop van skape.**

Die verkoop van skape is by albei die produksiegebiede volgens die onderstaande aannames in die Geyer-rekenaarmodel ingebou:

- a. Lammers : 0 %
- b. Speenlammers : 0 %

- c. Jong ooie : Februarie 10 % (Uitskot)
- : Maart 100 %. Jong ooie skuif na volwasse ooie.

Staan bekend as interne oordrag.

- d. Jong hamels : Maart 100 %
- e. Ooie : Maart 15 %
- f. Hamels : 0 %
- g. Ramme : Augustus 20 %

Dieselfde pryse as in paragraaf 4.12.1.2 is gebruik.

4.12.1.5 Aankoop van skape.

In die Geyer-rekenaarmodel word geen skape aangekoop nie. Slegs 20 persent van die ramme word in November aangekoop om sodoende weer dieselfde getal ramme te hê as waarmee begin is. Die aankoopprys van ramme is op R1 000 vasgestel.

4.12.1.6 Kostetabel.

Die kostes wat deurgaans gebruik word, is van toepassing op pryse van Augustus 2002.

a. Gekoopte voer

Een van die belangrikste aannames by al die bestuurstrategieë is dat alle voer aangekoop word. Skaapboere in die ondersoekgebied het meestal van energie lekke gebruik gemaak as prikkelvoeding en byvoeding. Energie blokke (25 kg) is aangekoop teen R57.56 per blok.

b. Selfgeproduseerde voer

Geen selfgeproduseerde voer is in aanmerking geneem nie.

c. KI en Veearts

'n Konstante bedrag van R1 000.00 is deurgaans gebruik by albei hoof produksiegebiede.

d. Vervoer en bemarking

Die vervoer van wol is op R40.00 per baal vasgestel, terwyl die vervoer van skape op R5.00 per skaap vasgestel is.

e. Losarbeid

Skeerkoste is bereken op R1.88 per skaap wat geskeer is.

f. Pakmateriaal

Die koste van wolsakke is bereken teen R50.00 per sak.

g. Diverse

Dit is 'n koste vir onvoorsiene uitgawes. 'n Bedrag van R5.00 per skaap is in die Geyer-rekenaarmodel ingestel. Voorbeelde van items is oorplaatjies, kastreerrekkies, merkink, tatoeërtang en -ink.

h. Doseer

Skaapboere in die ondersoekgebied doseer meestal teen Rondewurms; Lintwurms en Neuswurm. Spesifieke doseermiddels is geïdentifiseer en deurgaans gebruik vir albei hoof produksiegebiede. Die pryse van doseermiddels is vasgestel volgens die verpakking (liters). Die volgende doseermiddels is gebruik:

Ex-A-Lint (5 liter)	: R 759.00
Prodose Yellow (10 liter)	: R1 546.98
Seponver *Plus (10 liter)	: R1 471.14

i. Ent

Die pryse van entstowwe teen Bloednier en Bloutong wat in die ondersoekgebied gebruik is, is soos volg:

Pulpyvax Bloednier (100 ml)	: R30.64
Bloutong (100 ml)	: R96.52

j. Dip

Skaapboere in die ondersoekgebied dip (asook opgiemiddels) gemiddeld 1 tot 3 maal per jaar. Die meeste skaapboere dip teen die Karoo-verlammingsbosluis. Die aanname is gemaak dat skaapboere in die ondersoekgebied, 1 maal dip teen die Karoo-verlammingsbosluis en 2 maal opgiemiddels gebruik teen gewone bosluisbesmettings. Die volgende middels is geïdentifiseer:

Paracide (1 liter) : R366.23

Deadline (1 liter) : R215.47

Tabel 4.67: 'n Uiteensetting van die Bruto Marges se samestelling per skaap soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken.

HOOF PRODUKSIE-GEBIED		SAMESTELLING VAN BPW (R)					SAMESTELLING VAN DAVK (R)					BRUTO MARGE PER SKAAP (R)		
SH	BL	BPW (R)	Produksie Inkomste	Handels-inkomste	Kapitaal verandering	Vee-aankope	DAVK (R)	Voer	Diere-gesondheid	Vervoer & bemarking	Losarbeid (skeer)		Pak-materiaal	Diverse
M		277.86	143.69	145.11	-7.55	3.38	29.67	12.75	6.23	2.96	1.56	1.16	5.00	248.19
DM		234.21	121.98	134.10	-18.36	3.51	26.66	10.18	6.24	2.66	1.59	0.99	5.00	207.55
	M	267.15	129.40	146.46	-5.36	3.36	26.80	10.50	5.80	2.89	1.56	1.05	5.00	240.36
	DM	267.08	124.37	143.41	2.61	3.32	24.41	8.27	5.78	2.81	1.54	1.01	5.00	242.67
	D	329.44	0.00	177.77	153.94	2.27	20.32	7.28	5.55	2.48	0.00	0.00	5.00	309.13
	VM	229.63	71.08	143.78	17.98	3.21	26.54	10.82	6.17	2.48	1.50	0.58	5.00	203.09

Waar:

BPW	=	Bruto Produksiewaarde
DAVK	=	Direk Allokeerbare Veranderlike Kostes
BM	=	Bruto Marge (BPW-DAVK)
SH	=	Stormberg Hoëveld
BL	=	Burgersdorp Laeveld
M	=	Merino
DM	=	Döhne-Merino
D	=	Dorper
VM	=	Vleismerino

4.12.2 DIE RESULTATE VAN DIE GEYER-REKENAARMODEL VIR DIE TWEE HOOF PRODUKSIEGEBIEDE MET DIE GEBRUIK VAN MODUS WAARDES AS VERANDERLIKES.

Die resultate van die skaapvertakkingsontledings vir elke hoof produksiegebied word in Tabel 4.67 aangetoon. Elke vertakkingsontleding is gedoen aan die hand van die spesifieke bestuurstrategieë vir elke hoof produksiegebied soos bepaal in hoofstuk 4 (paragraaf 4.11).

4.12.2.1 Bruto Marges (BM)

Die hoogste bruto marge (BM) word aangetref by die Dorper boere met R309.13 per skaap, gevolg deur die Merino boere in STORMBERG HOëVELD met R248.19, die Döhne-Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD met R242.67, die Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD met R240.36, die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD met R207.55 en die Vleismerino boere met R203.09.

4.12.2.2 Bruto Produksiewaarde (BPW)

Die hoogste bruto produksiewaarde (BPW) word aangetref by die Dorper boere met R329.44 per skaap en die laagste by die Vleismerino boere met R229.63 per skaap. Die handelsinkomste lewer die grootste bydrae in die samestelling van die bruto produksiewaarde.

4.12.2.3 Direk allokeerbare veranderlike koste (DAVK)

Die Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die hoogste direk allokeerbare veranderlike koste met R29.67 per skaap. Die Dorper boere het die laagste direk allokeerbare veranderlike koste met R20.32 per skaap. Voer is deurgaans die grootste kostekomponent.

Tabel 4.68:
Bruto Marges per skaap soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken.

Die persentasie samestelling van die

HOOF PRODUKSIE-GEBIED		SAMESTELLING VAN BPW (%)						SAMESTELLING VAN DAVK (%)						BRUTO MARGE PER SKAAP (R)
SH	BL	BPW (R)	Produksie inkomste	Handels-inkomste	Kapitaal verandering	Vee-aankope	DAVK (R)	Voer	Diere-gesondheid	Vervoer & bemarking	Losarbeid (skeer)	Pak-materiaal	Diverse	
M		277.86	51.71	52.22	-2.72	-1.22	29.67	42.97	21.01	9.98	5.27	3.91	16.85	248.19
DM		234.21	52.08	57.26	-7.84	-1.50	26.66	38.18	23.41	9.99	5.96	3.70	18.76	207.55
	M	267.15	48.44	54.82	-2.01	-1.26	26.80	39.18	21.66	10.78	5.81	3.90	18.66	240.36
	DM	267.08	46.57	53.70	0.98	-1.24	24.41	33.90	23.68	11.53	6.30	4.12	20.48	242.67
	D	329.44	0.00	53.96	46.73	-0.69	20.32	35.82	27.34	12.23	0.00	0.00	24.61	309.13
	VM	229.63	30.95	62.61	7.83	-1.40	26.54	40.77	23.24	9.33	5.65	2.17	18.84	203.09

Waar: BPW = Bruto Produksiewaarde
 DAVK = Direk Allokeerbare Veranderlike Koste
 BM = Bruto Marge (BPW-DAVK)
 SH = Stormberg Hoëveld
 BL = Burgersdorp Laeveld
 M = Merino
 DM = Döhne-Merino
 D = Dorper
 VM = Vleismerino

4.12.2.4 Die persentasie samestelling van die bruto marges (BM)

Die persentasie samestelling van die bruto marges, soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken, word in Tabel 4.68 aangetoon.

a. Bruto Produksiewaarde (BPW)

Volgens die bestuurstrategieë wat geëvalueer is, maak die handelsinkomste die grootste deel van die bruto produksiewaarde uit. Dit wissel vanaf 62.61 % tot 52.22 %.

b. Direk allokeerbare veranderlike koste (DAVK)

Voer maak die grootste deel van die direk allokeerbare veranderlike koste uit. Dit wissel vanaf 42.97 % tot 33.90 %.

4.12.2.5 Direk allokeerbare veranderlike kostes (DAVK) uitgedruk as 'n persentasie van die bruto produksiewaarde (BPW)

Die direk allokeerbare veranderlike koste uitgedruk as 'n persentasie van die bruto produksiewaarde word in Tabel 4.69 aangetoon. Die Vleismerino boere se direk allokeerbare veranderlike koste beloop 11.56 % van die bruto produksiewaarde en is die hoogste in die ondersoekgebied. Die laagste persentasie is by die Dorper boere en is 6.17 %.

Tabel 4.69: Die Direk Allokeerbare Veranderlike Koste (DAVK) as persentasie van die Bruto Produksiewaarde (BPW) soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken.

	HOOF PRODUKSIEGEBIED					
	STORMBERG HOëVELD		BURGERSDORP LAEVELD			
	Merino	Döhne- Merino	Merino	Döhne- Merino	Dorper	Vleismerino
DAVK (R)	73 863.95	63 967.86	67 168.94	62 019.99	75 486.70	69 662.69
BPW (R)	691 692.96	562 038.44	669 653.36	678 579.12	1223 965.71	602 735.18
PERSENTASIE (%)	10.68	11.38	10.03	9.14	6.17	11.56

Waar: BPW = Bruto Produksiewaarde
 AVK = Direk Allokeerbare Veranderlike Koste
 M = Bruto Marge

HOOFSTUK 5

5. BESPREKING VAN RESULTATE.

In hierdie hoofstuk volg 'n volledige bespreking van die resultate van die navorsing. Die resultate wat in hoofstuk vier weergegee is, word dus bespreek en in verskeie gevalle word sekere afleidings gemaak.

5.1 ALGEMEEN

5.1.1 Die aspek van kruisteling in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied het die meerderheid skaapboere (vyf van die ses groepe) aangedui dat hulle nie kruisteling op hul prul-ooie toepas nie. (Tabel 4.1). Die Merino boere in STORMBERG HOËVELD is die uitsondering, waar 68.75 % van die boere wel kruisteling op hul prul-ooie toepas. In die geval waar kruisteling wel toegepas word, word die Dorper die meeste aangewend, terwyl die ander rasse tot 'n mindere mate aangewend word. (Tabel 4.2). Die afleiding kan dus gemaak word dat die meeste skaapboere in die ondersoekgebied nie kruisteling op hul prul-ooie toepas nie.

5.1.2 Die rekordhouding van skaapboere in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied was OPSIE B (hou rekords van aantal ooie gepaar, asook lam- en speenpersentasies) meestal van toepassing. Dit het aangetoon dat die meeste skaapboere in die ondersoekgebied rekords hou van die aantal ooie gepaar, asook lam- en speenpersentasies. (Tabel 4.3). Bogenoemde is 'n aanduiding dat rekordhouding ten opsigte van paring en reproduksie belangrik is vir skaapboere in die ondersoekgebied.

5.1.3 Die inligtingsbronne waarvan skaapboere in die ondersoekgebied gebruik maak.

In die ondersoekgebied het skaapboere meestal van OPSIE B (BKB en/of CMW agente) en OPSIE C (mede boere) gebruik gemaak, en daarmee aangetoon dat BKB en/of CMW agente en mede boere as bronne van inligting gebruik word. (Tabel 4.4).

5.1.4 Die belangrikste probleme wat skaapboere in die ondersoekgebied geïdentifiseer het.

In die ondersoekgebied is OPSIE A (ongediertes) die belangrikste probleem wat skaapboere ondervind in hul poging om die doeltreffendheid van hul skaapboerdery te verhoog. Dit is 'n aanduiding van die groot probleem wat ongediertes in die ondersoekgebied skep. (Tabel 4.5). Die res van die probleme wat geïdentifiseer is, wissel tussen swak veldtoestande (OPSIE B); diefstal (OPSIE C) en siektes en siektebeheer (OPSIE G).

5.2 PRODUKSIE

5.2.1 Die skeerintervalle wat in die ondersoekgebied voorkom.

In die ondersoekgebied kom 'n 8 maande skeerinterval sowel as 'n 12 maande skeerinterval voor. Die meerderheid skaapboere (albei groepe) in STORMBERG HOëVELD maak gebruik van 'n 8 maande skeerinterval, terwyl die meeste skaapboere (drie van die vier groepe) in BURGERSDORP LAEVELD van 'n 12 maande skeerinterval gebruik maak. In die geval van die Döhne-Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD, verkies die meeste boere 'n 8 maande skeerinterval. (Tabel 4.6).

5.2.2 Die maande waarin daar in die ondersoekgebied geskeer word.

In die ondersoekgebied skeer skaapboere feitlik in elke maand van die jaar. Die meerderheid skaapboere (uitgesluit die Dorper boere) skeer egter gedurende Julie, Augustus, September en Oktober. Die Dorper boere is die uitsondering, en skeer meer gedurende Oktober, November en Desember. (Tabelle 4.7.1; 4.7.2; 4.7.3).

5.2.3 Wolproduksie in die ondersoekgebied.

5.2.3.1 Gemiddelde wolproduksie (kg) per produsent.

In die ondersoekgebied produseer die Döhne-Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD die hoogste gemiddelde kilogram wol (10 702.92 kg) per produsent gedurende 2000, terwyl die Merino boere in STORMBERG HOëVELD die hoogste gemiddelde kilogram wol (8 597.66 kg) gedurende 2000 produseer. (Tabel 4.8.1).

5.2.3.2 Gemiddelde wolproduksie (kg) per skaap.

In die ondersoekgebied produseer die Merino skaap (teenoor die ander rasse) die hoogste gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar, van 4.68 kg wol in STORMBERG HOëVELD en 4.28 kg wol in BURGERSDORP LAEVELD, gedurende 2000. (Tabel 4.8.2). Hierdie produksienorme van die Merino (gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar) in die ondersoekgebied is ietwat laer as die gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar, soos vasgestel deur De Klerk. et. al. (1983:48). Volgens De Klerk. et. al. (1983:48) is die gemiddelde wolproduksie van die Merino boere 5.63 kg per skaap per jaar, wat effens hoër is as die gemiddelde van 5.15 kg van al die wolboere (verskillende wolrasse). Die verskil in produksienorme is egter te verstane, omdat hierdie studie produksienorme vir 'n bepaalde gebied (die groter Burgersdorp omgewing) vasgestel het, terwyl De Klerk. et. al. (1983:48) verwys na produksienorme ten opsigte van wolskaapboerdery in die Republiek van Suid-Afrika.

Produksienorme vir die Döhne-Merino in die ondersoekgebied is vasgestel op 3.98 kg wol in STORMBERG HOëVELD en 4.18 kg wol in BURGERSDORP LAEVELD. (Tabel 4.8.2). Volgens McMaster (1999:9) lewer ooie wat lammers grootmaak gemiddeld 5 kg tot 5.5 kg wol per jaar, met veseldiktes wat variëer van 21 tot 22 mikron. Hierdie vlak van wolproduksie is die norm wat van kommersiële wolskaapkuddes in die Karoo verwag word. Alhoewel die produksienorme vir die Döhne-Merino (3.98 kg – 4.18 kg) in die ondersoekgebied ietwat laer is as die norm van 5 kg tot 5.5 kg volgens McMaster (1999:9) is dit heeltemal aanvaarbaar, omdat hierdie studie op 'n spesifieke gebied met 'n spesifieke reënval en plantegroeisamestelling fokus. Die produksienorme vir die Vleismerino in die ondersoekgebied is vasgestel op 2.66 kg wol per skaap per jaar. (Tabel 4.8.2). Die gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar op 'n Nasionale SA Vleismerino-vagkompetisie was 4.91 kg wol (20.1-22 mikron), terwyl ooivagte gewissel het van 'n besondere swaar 11.5 kg tot 'n ligter 2.8 kg. (Anon. 1988:29). Alhoewel die produksienorme van 2.66 kg wol in die ondersoekgebied heelwat laer is as die gemiddeld van 4.91 kg wol volgens Anon (1988:29) moet in gedagte gehou word dat hierdie studie op 'n bepaalde gebied fokus, terwyl die SA Vleismerino-vagkompetisie landswye inskrywings ontvang het en waarskynlik ook vagte van 'n baie hoë gehalte.

5.2.4 Die mikron (fynheid) van die skeersels in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied is die gemiddelde mikron (fynheid) van die skeersels (Merino, Döhne-Merino, Vleismerino) 20.1 – 22 mikron. Dit is 'n belangrike aanduiding dat die meeste skaapboere in die ondersoekgebied medium wol produseer. Die gemiddelde mikron van die Dorper skeersels is 24.1 – 27 mikron. (Tabel 4.9).

5.3 SELEKSIEPRAKTYKE

5.3.1 Die eienskappe waarvoor skaapboere in die ondersoekgebied selekteer.

5.3.1.1 Ooie.

In die ondersoekgebied selekteer skaapboere oor die algemeen vir bouvorm; grootte (liggaamsmassa); vrugbaarheid en moedereienskappe. Die belangrikste eienskap waarvoor daar egter by ooie geselekteer word, is vrugbaarheid. (Tabel 4.10.1). Tabel 4.12 dui aan dat die meerderheid skaapboere alle oorslaanooie merk en daarvolgens uitskot en bevestig dat boere vir vrugbaarheid selekteer. Tabel 4.13 dui aan dat die meerderheid skaapboere streng toesig hou tydens lamtyd en alle ooie met uier gebreke en die wat lammers weggooi merk, waarna óf **beide ooi en haar lam(mers)** óf **net die ooi** uitgeskot word. Dit bevestig dat boere vir moedereienskappe selekteer. Tabel 4.14 dui aan dat die meerderheid skaapboere ooie met meerlinglammers apart hou **sonder** om hulle vir toekomstige uitkenning te merk, wat noodwendig 'n negatiewe invloed sal hê op die seleksie vir vrugbaarheid soos aangedui in Tabel 4.10.1.

5.3.1.2 Ramme.

In die ondersoekgebied selekteer skaapboere oor die algemeen vir bouvorm; grootte (liggaamsmassa); vrugbaarheid en goed ontwikkelde geslagsorgane. Die belangrikste eienskap waarvoor daar egter by ramme geselekteer word, is vrugbaarheid. (Tabel 4.10.2). Bogenoemde is 'n aanduiding dat vrugbaarheid die belangrikste eienskap is, waarvoor skaapboere by hul diere (ooie en ramme) selekteer.

Tabel 4.16 dui aan dat die meerderheid skaapboere kliniese vrugbaarheidstoetse op alle ramme laat doen net voor paartyd en hulle geslagsorgane laat ondersoek deur 'n veearts, wat bevestig dat vrugbaarheid 'n hoë prioriteit is ten opsigte van ramme.

5.3.2 Die woleienskappe waarvoor skaapboere in die ondersoekgebied selekteer.

5.3.2.1 Ooie.

In die ondersoekgebied selekteer skaapboere oor die algemeen vir fynheid; lengte en kwaliteit (reëlmaat van karteling, sagtheid van aanvoeling ens.). Dit wil egter voorkom asof fynheid die belangrikste woleienskap is waarvoor skaapboere by hul ooie selekteer, deurdat vier van die ses groepe skaapboere dit as sodanig aangedui het. (Tabel 4.11.1).

5.3.2.2 Ramme.

In die ondersoekgebied selekteer skaapboere oor die algemeen vir fynheid; lengte en kwaliteit (reëlmaat van karteling, sagtheid van aanvoeling ens.). Dit wil egter voorkom asof fynheid die belangrikste woleienskap is waarvoor skaapboere by hul ramme selekteer, deurdat vier van die ses groepe skaapboere dit as sodanig aangedui het. (Tabel 4.11.2).

5.3.3 Die wyse waarop skaapboere in die ondersoekgebied oorslaanooie uitskot.

In die ondersoekgebied maak skaapboere meestal gebruik van OPSIE B (merk alle oorslaanooie en skot daarvolgens uit), wanneer hulle oorslaanooie uitskot. (Tabel 4.12). Dit is 'n aanduiding dat die meeste skaapboere oorslaanooie identifiseer en daarvolgens bestuur.

5.3.4 Die wyse waarop skaapboere in die ondersoekgebied teen swak moedereienskappe selekteer.

In die ondersoekgebied maak skaapboere meestal gebruik van OPSIE A (hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uier gebreke en die wat lammers weggooi en skot dan **beide ooi en haar lam(mers) uit**) of OPSIE B (hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uier gebreke en die wat lammers weggooi en skot dan **net die ooi uit**), wanneer daar geselekteer word teen swak

moedereienskappe. (Tabel 4.13). Dit is 'n aanduiding dat die meeste skaapboere dit as belangrik beskou om teen swak moedereienskappe te selekteer.

5.3.5 Die identifisering van meerlingooie en lammers in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied maak die meerderheid skaapboere (vier van die ses groepe) gebruik van OPSIE B: Hulle hou dus ooie met meerlinglammers apart sonder om hulle vir toekomstige uitkenning te merk.

Slegs twee van die ses groepe maak gebruik van OPSIE A: Identifiseer en merk onder streng toesig alle meerlingooie asook hulle lammers vir toekomstige uitkenning. Nog meer kommerwekkend is die 42.86 % van die Vleismerino boere wat OPSIE D (merk glad nie meerlingooie met hulle lammers vir uitkenning nie) gebruik. (Tabel 4.14). Bogenoemde toon dat baie min skaapboere in die ondersoekgebied wel meerlingooie en lammers identifiseer en merk. Dit is 'n aanduiding van swak bestuur ten opsigte van meerlingooie en behoort aangespreek te word.

5.3.6 Die seleksie van jongooie in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied verkies vier van die ses groepe skaapboere OPSIE A (boer self). Die boer self doen dus meestal die seleksie van jongooie wat as vervangingsooie in die kudde opgeneem word. OPSIE B (BKB of CMW agent) en OPSIE D (boer, saam met BKB/CMW agent) word tot 'n mindere mate gebruik vir die seleksie van jongooie in die ondersoekgebied. (Tabel 4.15).

5.3.7 Die wyse waarop skaapboere in die ondersoekgebied die vrugbaarheid van hul ramme bepaal.

In die ondersoekgebied maak die meeste skaapboere (vyf van die ses groepe) gebruik van OPSIE A (het kliniese vrugbaarheidstoetse op alle ramme net voor paartyd laat doen en hulle geslagsorgane laat ondersoek deur 'n veearts). Die Dorper boere is die uitsondering en die meeste maak gebruik van OPSIE C (het self geslagsorgane net voor paartyd ondersoek). (Tabel 4.16). Bogenoemde is 'n

aanduiding dat die meeste skaapboere die belangrikheid van vrugbaarheidsondersoeke voor paartyd in ag neem.

5.4 PARING EN REPRODUKSIE

5.4.1 Die paring van skape in die ondersoekgebied.

- In die ondersoekgebied gebruik skaapboere tussen 2.53 en 3.07 ramme per 100 ooie. (Tabel 4.17). M.a.w.: Tussen 39.53 en 32.57 ooie per ram.
- Ramme word vir 'n tydperk van tussen 5.22 en 7.52 weke by die ooie gesit. (Tabel 4.18).
- In die ondersoekgebied verkies vyf van die ses groepe skaapboere OPSIE B (paar eenkeer per jaar). Die Dorper boere is die uitsondering, en verkies meestal OPSIE C (paar driekeer in twee jaar). (Tabel 4.19). Bogenoemde is egter 'n aanduiding dat 'n "eenkeer per jaar paring" oorwegend in die ondersoekgebied gebruik word.
- In die ondersoekgebied het skaapboere aangedui dat Maart/April/Mei die beste paarseisoen is. (Tabel 4.20). Dit is 'n aanduiding dat die meerderheid skaapboere 'n herfsparing verkies. Volgens Schutte. et. al. (1986:77) en Van Tonder (1985:19) is dit oor-en-oor bewys dat konsepsie baie hoër is gedurende die periode van maksimale verhoging in geslagsaktiwiteit, kort voor die hoogtepunt van die natuurlike geslagseisoen. Nader aan die kruin van die geslagseisoen neig die hitteperiode om langer te word en die aantal ovulasies om te vermeerder, met die gevolg dat die kans vir ooie om gedek en bevrug te raak aansienlik hoër is in 'n herfs- as in 'n lentepaarseisoen.
- In die ondersoekgebied verkies vyf van die ses groepe skaapboere om hul jong ooie apart te paar. Die Vleismerino boere is egter die uitsondering en die meerderheid paar nie hul jong ooie apart nie. (Tabel 4.21). Bogenoemde is 'n aanduiding dat jong ooie in die ondersoekgebied, oorwegend apart gepaar word.
- In die ondersoekgebied maak die meeste skaapboere (al ses groepe) nie gebruik van koggelramme voor paartyd nie. (Tabel 4.22.1). Die boere wat wel van koggelramme gebruik maak, sit ramme vir 'n tydperk van tussen 1.46 en 2.67 weke by die ooie. (Tabel 4.22.2). Volgens Boshoff & Coetzee (1999:18) moet 3 %

aktiewe koggelramme 14 dae voor paartyd by die ooie geplaas word en op die aand van die 14de dag deur 3-4 % ramme vervang word.

5.4.2 Die reproduksie van skape in die ondersoekgebied.

- In die ondersoekgebied het skaapboere gemiddeld tussen 883 en 1581.08 ooie (ooilammers buite rekening) in hul teelkuddes. (Tabel 4.23).
- Skaapboere in die ondersoekgebied het gemiddeld tussen 892.29 en 1482.75 ooie die afgelope seisoen gepaar. (Tabel 4.24).
- In die ondersoekgebied het gemiddeld tussen 3.57 % en 7.16 % van hierdie ooie oorgeslaan. Die Vleismerino boere het die laagste oorslaanpersentasie (3.57 %) en die Döhne-Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD het die hoogste oorslaanpersentasie (7.16 %). (Tabel 4.25).
Dit is van kardinale belang dat skaapboere in die ondersoekgebied bewus moet wees van die negatiewe ekonomiese effek van oorslaanooie. Reproduksie in skaapkuddes moet onder andere verhoog word deur die uitklas van ooie wat nie lam nie, ooie wat oorslaan en ooie met swak moedereienskappe, terwyl daar positief geselekteer moet word vir ooie wat meerlinge produseer en kan grootmaak.
- In die ondersoekgebied het gemiddeld tussen 0.15 % en 0.66 % van hierdie ooie geaborteer. Die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die laagste persentasie (0.15 %) en die Dorper boere het die hoogste persentasie (0.66 %). (Tabel 4.26). Bogenoemde is 'n aanduiding dat aborsies nie eintlik plaasvind nie.
- In die ondersoekgebied wissel lampersentasies tussen 91.57 % en 116.23 %. Lampersentasies word bereken volgens lammers gebore per 100 ooie gepaar. Die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die laagste lampersentasie (91.57 %) en die Dorper boere het die hoogste lampersentasie (116.23 %). (Tabel 4.27). Die gemiddelde lampersentasie vir die Merino in die ondersoekgebied is vasgestel tussen 94.50 % en 95.87 %. (Tabel 4.27). Hierdie lampersentasies is heelwat hoër as die lampersentasies in De Klerk. et. al. (1983:106) se studie. Volgens De Klerk. et. al. (1983:106) is die gemiddelde lampersentasie van die Merino boere 71 %, terwyl die gemiddelde lampersentasie van al die wolboere (verskillende wolrasse) 74.3 % is. Weereens is hierdie studie gemik op 'n bepaalde gebied (die groter Burgersdorp omgewing) en nie op wolskaapboerdery in die

Republiek van Suid-Afrika nie. Die hoër lampersentasies kan moontlik ook toegeskryf word aan onder andere: verbeterde teel-; seleksie- en bestuursprogramme. Die gemiddelde lampersentasie vir die Döhne-Merino in die ondersoekgebied is vasgestel tussen 91.57 % en 100.25 %. (Tabel 4.27). Volgens McMaster (1999:7) is die gemiddelde lampersentasie vir die Döhne-Merino op Katkop in die Karoo, 98 % vir volwasse ooie en 92 % vir jong ooie. Die gemiddelde lampersentasie vir die Döhne-Merino in die ondersoekgebied (91.57 % en 100.25 %) is dus heeltemal in lyn met die norme in die Karoo. Die gemiddelde lampersentasie vir die Vleismerino in die ondersoekgebied is vasgestel op 106.60 %. (Tabel 4.27). Volgens Ronald (1988:16) is vrugbaarheid een van dié ras se uitstaande eienskappe en veral sy hoë persentasie twee- en meerlinge en sy vermoë om hierdie meerlinge self groot te maak. Die gemiddelde lampersentasie van 106.60 % vir die Vleismerino in die ondersoekgebied is dus glad nie vergesog nie. Die gemiddelde lampersentasie vir die Dorper in die ondersoekgebied is vasgestel op 116.23 %. (Tabel 4.27). Volgens Terblanche (1980:5) kom meerlinge algemeen voor en getuig van 'n hoë fekunditeit by die Dorperooi. 'n Lampersentasie van 150 % kan behaal word, terwyl in 'n kudde met 'n groot aantal jong diere hierdie persentasie meer in die orde van 120 % sal wees. Die gemiddelde lampersentasie van 116.23 % vir die Dorper in die ondersoekgebied is laer as die norm van 150 % volgens Terblanche (1980:5), maar hierdie studie fokus op 'n spesifieke gebied (die groter Burgersdorp omgewing) terwyl faktore soos die gemiddelde reënval en die veldsamestelling van 'n gebied ook 'n rol kan speel.

- Die speenpersentasies (werklik uitgewerk) wissel tussen 84.19 % en 110.64 %. Die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die laagste speenpersentasie (84.19 %) en die Dorper boere het die hoogste speenpersentasie (110.64 %). Speenpersentasies word bereken volgens lammers gespeen per 100 ooie gepaar. (Tabel 4.28).

Speenpersentasie, wat die grootte van die lammeroes beïnvloed by spening, is een van die mees belangrikste elemente wat die winsgewendheid van 'n skaaponderneming beïnvloed. Die grondslag vir 'n lammeroes word gelê nog voor die paarseisoen. Daar moet besef word dat lamtyd die "oestyd" vir die skaapboer is en dat goeie sorg en bestuur nie alleen die volume nie, maar ook die verkoop van die lammers sal raak, ingevolge die hoeveelheid surplus vir verkoop en die opsies

vir seleksie in telingsprogramme en uitskot, om die kuddeproduktiwiteit te verhoog. (De Villiers. 1991:1).

Tabel 5.1 verskaf 'n vergelyking van die speenpersentasies in die hoof produksiegebiede.

Tabel 5.1: 'n Vergelyking van die speenpersentasies in die hoof produksiegebiede.

Speenpersentasies	STORMBERG HOëVELD		BURGERSDORP LAEVELD			
	Merino	Döhne-M	Merino	Döhne-M	Dorper	Vleis-M
	%	%	%	%	%	%
Speenpersentasie (werklik uitgewerk) (tabel 4.28)	90.23	84.19	90.99	93.33	110.64	100.90
Speenpersentasie soos deur die boer aangedui (boer se persepsie)(tabel 4.51)	91.94	92.50	88.43	88.62	104.71	100.75
Speenpersentasie waarna die boer streef (tabel 4.52)	101.44	109.93	101.31	102.69	115.28	115.71

Die bostaande tabel is 'n aanduiding dat die werklik berekende speenpersentasie en die speenpersentasie soos deur die boer self aangedui (boer se persepsie), tot 'n mate van mekaar verskil. Wat egter interessant is, is dat die skaapboere (Merino en Döhne-Merino) in STORMBERG HOëVELD se werklik berekende speenpersentasie **laer** is as die speenpersentasie soos deur die boere self aangedui (boer se persepsie); terwyl die skaapboere (Merino; Döhne-Merino; Dorper en Vleismerino) in BURGERSDORP LAEVELD se werklik berekende speenpersentasie **hoër** is as die speenpersentasie soos deur die boere self aangedui (boer se persepsie).

5.4.3 Die verskillende lamstelsels wat in die ondersoekgebied gebruik word.

In die ondersoekgebied verkies skaapboere OPSIE B (lande (weidings)); OPSIE C (klein troppie in klein kamp) of OPSIE E (rondskuifstelsel ("Drifting")), as lamstelsels. (Tabel 4.29). Drie van die ses groepe verkies egter OPSIE E, wat 'n aanduiding is dat die rondskuifstelsel tot 'n groot mate in die ondersoekgebied gebruik word. Volgens Boshoff & Coetzee (1999:23) word ooie meestal in 'n rondskuifstelsel in kleiner kampe as in die ekstensiewe stelsel aangehou en

dragtige ooie word daagliks na 'n ander kamp verskuif, terwyl die ooie met lammers in die kamp agterbly. Indien 'n vierkampstelsel gebruik word, word die pasgebore lammers en hulle moeders dus vir drie dae alleen bymekaar gelaat, waartydens binding kan plaasvind. Op die vierde dag word hulle na die groot lammertrop verskuif en die dragtige ooie skuif dan weer na kamp 1. Dragtige ooie roteer tussen die kampe tot aan die einde van die lamtyd. Hierdie stelsel is baie prakties en maklik beheerbaar. Dit kan 'n besliste bydrae tot die vermindering van lamvrektes lewer, mits die konsentrasie lammerooie per eenheidsoppervlakte nie te hoog is nie.

5.5 RAM AANKOPE

- In die ondersoekgebied het vyf van die ses groepe skaapboere wel ramme op gewone veilings (nie veldramveilings) aangekoop. (Tabel 4.30). Dit is 'n aanduiding dat die meerderheid skaapboere in die ondersoekgebied ramme aankoop op gewone veilings (nie veldramveilings).
- Vyf van die ses groepe skaapboere het nie probleme met aangekoopte ramme gehad nie, wat 'n aanduiding is dat die meerderheid skaapboere nie probleme ondervind met aangekoopte ramme nie. (Tabel 4.31).
- In die ondersoekgebied het skaapboere OPSIE A (ramme sukkel om aan te pas by veldtoestand) as die belangrikste probleem geïdentifiseer, wat ondervind word met aangekoopte ramme. (Tabel 4.32). Bogenoemde is dus 'n aanduiding dat ramme meestal sukkel om aan te pas by veldtoestande en dat dit die grootste probleem met aangekoopte ramme op gewone veilings is. Volgens Herselman (1999:14) moet kommersiële boere ramme aankoop by telers wat dieselfde seleksiedoelwit as die boer (koper) het, m.a.w. wat teel vir verhoogde inkomste en nie vir “fancy points” nie en wat onder min of meer dieselfde toestande as die boer (koper) boer. 'n ekstensiewe skaapboer moet beslis nie ramme koop by telers wat op landerye of in voerkrale boer nie.
- In die ondersoekgebied het die meerderheid skaapboere (vyf van die ses groepe) aangedui dat hulle sou verkies om ramme op veldramveilings aan te koop. (Tabel 4.33). Veldramveilings is dus 'n saak wat groter aandag behoort te geniet.

5.6 DIEREGESONDHEID

5.6.1 Die ent van skape in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied ent die meeste skaapboere (al ses groepe) hul skape teen Bloednier en Bloutong gedurende 'n normale en 'n droë seisoen. Dit is egter duidelik dat die meerderheid skaapboere hul skape teen Bloednier ent. (Tabelle 4.34.1 en 4.34.2). Dit is 'n aanduiding dat Bloednier die grootste probleem in die ondersoekgebied is. In Tabel 4.35 word dit ook bevestig dat Bloednier vir die meeste skaapboere, die grootste probleme skep.

5.6.2 Die dip van skape in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied dip die meeste skaapboere (al ses groepe) hul skape teen die Karoo-verlamingsbosluis, wat 'n aanduiding is dat die bosluis 'n redelike groot probleem is. (Tabel 4.36). Die meerderheid skaapboere (al ses groepe) dip hul skape 1 tot 3 maal per jaar. (Tabel 4.37).

Die groter persentasie (modus waarde) van die onderskeie skaapboere in die ondersoekgebied, dip soos volg:

STORMBERG HOëVELD

Merino boere	2 x per jaar	(43.75 %)
Döhne-Merino boere	1 x per jaar	(33.33 %)

BURGERSDORP LAEVELD

Merino boere	2 x per jaar	(38.10 %)
Döhne-Merino boere	3 x per jaar	(41.67 %)
Dorper boere	2 x per jaar	(25.71 %)
	3 x per jaar	(25.71 %)
Vleismerino boere	2 x per jaar	(42.86 %)

5.6.3 Die dosering van skape in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied doseer die meeste skaapboere (al ses groepe) hul skape teen Rondewurms, Lintwurms en Neuswurms, gedurende 'n normale en 'n droë seisoen. (Tabelle 4.38.1 en 4.38.2).

Bogenoemde is 'n aanduiding dat hierdie wurms die meeste probleme in die ondersoekgebied veroorsaak. In die ondersoekgebied doseer skaapboere hul skape tussen 2 maal per jaar en 4 maal per jaar, gedurende 'n normale seisoen. (Tabel 4.39.1).

Gedurende 'n droë seisoen doseer die meerderheid skaapboere (vyf van die ses groepe) hul skape 2 maal per jaar. (Tabel 4.39.2).

Bogenoemde is 'n aanduiding dat skaapboere waarskynlik minder doseer gedurende 'n droë seisoen. Volgens Herselman (1999:24) noodsaak die hoë koste van doseermiddels, tesame met die toename in weerstand van parasiete teen die meeste doseermiddels, boere om van alternatiewe parasietbeheermetodes gebruik te maak. Om kostes te bespaar en onnodige blootstelling van lae parasietbesmettings aan doseermiddels te voorkom, is dit belangrik om slegs te doseer wanneer dit werklik nodig is. Misiertellings is huidiglik die maklikste en beste beskikbare tegniek vir die bepaling van parasietbesmetting.

5.7 VOEDING

5.7.1 Die aspek van prikkelvoeding/-weiding aan ooie in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied maak die meeste skaapboere (al ses groepe) nie gebruik van prikkelvoeding vir hul ooie, tydens 'n normale seisoen nie. (Tabel 4.40.1).

Tydens 'n droë seisoen maak die meerderheid (vyf van die ses groepe) egter wel gebruik van prikkelvoeding vir hul ooie. (Tabel 4.40.2).

Wanneer prikkelvoeding gebruik word, word dit vir 'n periode van tussen 3.40 weke en 5.33 weke gegee. (Tabel 4.40.3). Haresighn (1981:197) en Meaker & Van Niekerk (1971:107) stel dit duidelik dat slegs betekenisvolle verhogings in die ovulasietempo verkry sal word, indien ooie geprikkelvoer word vir ten minste een

estrussiklus (17 dae) voor dektyd en ook op die voorwaarde dat die ooie se kondisie redelik en nie oorvet is nie.

In die ondersoekgebied verkies die meerderheid skaapboere (al ses groepe) lekke, as prikkelvoeding vir hul ooie. (Tabel 4.41).

5.7.2 Die aspek van byvoeding aan ooie in die ondersoekgebied.

5.7.2.1 Laatdragtige ooie.

In die ondersoekgebied gee die helfte van die skaapboere (drie van die ses groepe) wel byvoeding aan laatdragtige ooie tydens 'n normale seisoen en die ander helfte nie. (Tabel 4.42.1). Tydens 'n droë seisoen gee die meeste skaapboere (al ses groepe) byvoeding aan laatdragtige ooie. (Tabel 4.42.2). Bogenoemde is 'n aanduiding dat meer skaapboere in die ondersoekgebied byvoeding aan laatdragtige ooie tydens 'n droë seisoen gee, as tydens 'n normale seisoen.

Wanneer byvoeding gegee word, word dit vir 'n periode van tussen 3.64 weke en 5.80 weke gegee. (Tabel 4.42.3). In die ondersoekgebied verkies die meerderheid skaapboere (al ses groepe) lekke, as byvoeding vir laatdragtige ooie. (Tabel 4.43).

5.7.2.2 Lakterende ooie.

In die ondersoekgebied gee die meerderheid skaapboere (drie en 'n half van die ses groepe) byvoeding aan lakterende ooie, tydens 'n normale seisoen. (Tabel 4.44.1). Tydens 'n droë seisoen gee die meeste skaapboere (al ses groepe) ook byvoeding aan lakterende ooie. (Tabel 4.44.2).

Bogenoemde is 'n aanduiding dat meer skaapboere in die ondersoekgebied byvoeding aan lakterende ooie tydens 'n droë seisoen gee, as tydens 'n normale seisoen.

Wanneer byvoeding gebruik word, word dit vir 'n periode van tussen 4.78 weke en 8.67 weke gegee. (Tabel 4.44.3). In die ondersoekgebied verkies die meeste skaapboere (al ses groepe) lekke, as byvoeding vir lakterende ooie. (Tabel 4.45.1).

5.7.3 Die gebruik van voerpille en/of lekke in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied maak die meerderheid skaapboere (al ses groepe) gebruik van energie lekke (OPSIE D) as prikkelvoeding of byvoeding vir hul ooië. (Tabel 4.45.2).

5.8 LAMVREKTES

5.8.1 Die belangrikste probleme ten opsigte van lamvrektes, wat skaapboere in die ondersoekgebied geïdentifiseer het.

In die ondersoekgebied het skaapboere aangedui dat ongediertes die belangrikste oorsaak van lamverliese is. (Tabel 4.46).

Bogenoemde is 'n aanduiding dat ongediertes 'n groot probleem in die ondersoekgebied is. Volgens De Villiers (1991:2) het opnames getoon dat lammortaliteit in Suid-Afrika ongeveer 15 % beloop, dit wil sê ongeveer 2 miljoen lammers. Dit is nietemin heeltemal realisties om die mortaliteitstempo af te bring tot onder 10 %. Die verlies ten opsigte van geldwaarde is onrusbarend en sluit in verliese in wolproduksie, verhoogde koste vir ramme per oorlewende lammers en verliese van teelmateriaal.

5.8.2 Die persentasie (%) doodgebore lammers in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied het skaapboere aangedui dat die persentasie doodgebore lammers tussen 0.65 % en 2.54 % was. Die Vleismerino boere het die laagste persentasie (0.65 %) en die Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die hoogste persentasie (2.54 %). (Tabel 4.47).

5.8.3 Verliese vanaf geboorte tot speen in die ondersoekgebied.

Skaapboere het aangedui dat die persentasie verliese vanaf geboorte tot speen wissel vanaf 5.51 % tot 8.27 %. Die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die laagste persentasie (5.51 %) en die Dorper boere het die

hoogste persentasie (8.27 %). (Tabel 4.48). Verliese van geboorte tot speen in die ondersoekgebied is redelik hoog. Die probleem van ongediertes is moontlik die oorsaak vir hierdie hoë persentasie verliese, maar 'n poging behoort aangewend te word om hierdie verliese te verminder.

5.8.4 Verliese vanaf speen tot 12 maande in die ondersoekgebied.

Skaapboere het aangedui dat verliese vanaf speen tot 12 maande wissel vanaf 1.99 % tot 4.10 %. Die Dorper boere het die laagste persentasie (1.99 %) en die Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die hoogste persentasie (4.10 %). (Tabel 4.49).

5.8.5 Verliese vanaf 12 tot 18 maande in die ondersoekgebied.

Skaapboere het aangedui dat verliese vanaf 12 tot 18 maande wissel vanaf 0.22 % tot 3.66 %. Die Vleismerino boere het die laagste persentasie (0.22 %) en die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die hoogste persentasie (3.66 %). (Tabel 4.50).

5.9 FEKUNDITEIT (VRUGBAARHEID)

5.9.1 Die speenpersentasies van skaapboere in die ondersoekgebied.

5.9.1.1 Speenpersentasies (soos deur die boer self aangedui).

Speenpersentasies, soos aangedui deur die boer self (boer se persepsie), het tot 'n geringe mate verskil van die werklik berekende speenpersentasies. In die ondersoekgebied het hierdie speenpersentasies gewissel tussen 88.43 % en 104.71 %. Die Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD het die laagste speenpersentasie (88.43 %) en die Dorper boere het die hoogste speenpersentasie (104.71 %). (Tabel 4.51). Tabel 5.1 verskaf 'n vergelyking van die speenpersentasies in die hoof produksiegebiede.

5.9.1.2 Speenpersentasies wat skaapboere in die ondersoekgebied nastreef. Skaapboere streef na speenpersentasies wat wissel tussen 101.31 % en 115.71 %. Die Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD streef na 101.31 % en die Vleismerino boere streef na 115.71 %. (Tabel 4.52).

5.9.2 Die persentasie (%) tweeling van skaapboere in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied het die persentasie tweeling gewissel tussen 8.50 % en 23.53 %. Die Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD het die laagste persentasie tweeling (8.50 %) en die Dorper boere het die hoogste persentasie tweeling (23.53 %). (Tabel 4.53). Dit is 'n aanduiding dat die Dorper ras waarskynlik die hoogste persentasie tweeling in die ondersoekgebied gee, in vergelyking met die Merino; Döhne-Merino en die Vleismerino rasse.

Volgens Steyn (1996:5) is die ekonomiese waarde van tweeling so hoog, dat dit geregverdig is om hulle ekstra aandag te gee in die voeding en bestuursprogram. Die ooie met tweeling se doeltreffendheid van voerverbruik is 35-50 % hoër as die van enkelinge.

In die ondersoekgebied het die meerderheid skaapboere (al ses groepe) tweeling verwelkom. (Tabel 4.54). Die skaapboere wat nie tweeling verwelkom het nie, het as die belangrikste rede aangedui, dat ooie net een lam behoorlik kan grootmaak. (Tabel 4.55).

Volgens skaapboere in die ondersoekgebied wissel die persentasie van die tweede lammers van tweeling wat sal oorleef, tussen 56 % en 89.21 %. Volgens die Vleismerino boere sal 56 % van die tweede lammers van tweeling oorleef en volgens die Dorper boere sal 89.21 % van die tweede lammers van tweeling oorleef, sonder dat daar enigsins ingemeng word. (Tabel 4.56). Hierdie hoë persentasie (89.21 %) van die Dorper boere is 'n aanduiding dat die Dorper rasse geneties beter aangepas is om tweeling groot te maak, sonder enige hulp van die boer.

5.10 BEMARKING

5.10.1 Die bemarking van slaglamers in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied bemark skaapboere verskeie slaglamrasse. Die slaglamras wat egter op die vroegste (jongste) ouderdom bemark word, is die Dorper slaglamers op 'n ouderdom van 5.67 maande. (Tabel 4.57). Dit is 'n aanduiding dat Dorper slaglamers waarskynlik die vroegste gereed is vir bemarking, in hierdie navorsingsgebied.

Skaapboere bemark slaglamers gemiddeld vanaf 37.17 kg tot 48 kg lewendige gewig. Die Merino slaglamers van Merino boere in STORMBERG HOëVELD word bemark op 37.17 kg (lewendige gewig) en die Merino slaglamers van Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD word bemark op 48 kg (lewendige gewig), terwyl Dorper boere Vleismerino slaglamers op 48 kg (lewendige gewig) bemark. (Tabel 4.58).

Die meeste skaapboere (al ses groepe) bemark hul slaglamers deur lewende hawe agente (BKB/CMW). (Tabel 4.59).

Tabel 4.63 verskaf die gemiddelde hoeveelheid slaglamers wat per jaar deur skaapboere in die ondersoekgebied verkoop word. Die meeste skaapboere (Merino, Döhne-Merino en Dorper boere) bemark verskillende slaglamrasse, terwyl die Vleismerino boere slegs Vleismerino slaglamers bemark. Skaapboere bemark dikwels meer slaglamers van 'n bykomende ras, omdat die meeste slaglamers van die spesifieke ras waarmee daar hoofsaaklik geboer word, waarskynlik vir eie teelddoeleindes geselekteer word en dus nie verkoop word nie. Die Merino boere in STORMBERG HOëVELD bemark onder andere gemiddeld 966.67 Dorper slaglamers teenoor 314.17 Merino slaglamers, omdat die meeste Merino slaglamers waarskynlik vir teling in die kudde geselekteer word, en dus nie bemark word nie.

5.10.2 Die bemarking van hamels (volwasse) in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied bemark die meerderheid skaapboere (al ses groepe) nie volwasse hamels nie. (Tabel 4.60.1).

Hamels word bemark tussen die ouderdom van 5 mde en 37.40 mde. Die Vleismerino boere bemark hamels op die ouderdom van 5 mde (wat in werklikheid eintlik slaglamers is) en die Merino boere in STORMBERG HOëVELD bemark hamels op die ouderdom van 37.40 mde (wat volwasse hamels is). (Tabel 4.60.2). Die meeste skaapboere (al ses groepe) verkies om hul hamels deur lewende hawe agente (BKB/CMW) te bemark. (Tabel 4.61).

Tabel 4.64 verskaf die gemiddelde hoeveelheid hamels wat per jaar deur skaapboere in die ondersoekgebied verkoop word, en wissel tussen 0 en 258.33. Die Vleismerino boere verkoop geen hamels nie, en die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD verkoop gemiddeld 258.33 hamels per jaar.

5.10.3 Die bemarking van uitskotdiere (ou ooie, ens.) in die ondersoekgebied.

In die ondersoekgebied bemark die meerderheid skaapboere (al ses groepe) hul uitskotdiere deur lewende hawe agente (BKB/CMW). (Tabel 4.62).

Die meeste skaapboere (al ses groepe) verkies dus om hul slaglamers, hamels of uitskotdiere deur lewende hawe agente (BKB/CMW) te bemark, wat 'n aanduiding is dat hierdie agente tot 'n groot mate as bemarkers in die ondersoekgebied gebruik word.

Tabel 4.65 verskaf die gemiddelde hoeveelheid uitskotdiere wat per jaar deur skaapboere in die ondersoekgebied bemark word. Dit wissel tussen 215.63 en 408.33 uitskotdiere. Die Merino boere in STORMBERG HOëVELD bemark gemiddeld 215.63 uitskotdiere per jaar en die Döhne-Merino boere in BURGERSDORP LAEVELD gemiddeld 408.33 uitskotdiere per jaar.

5.11 BESPREKING VAN DIE RESULTATE VIR DIE TWEE HOOF PRODUKSIEGEBIEDE MET DIE GEBRUIK VAN MODUS WAARDES AS VERANDERLIKES.

5.11.1 DIE TOEPASSING VAN DIE GEYER-REKENAARMODEL OM DIE BRUTO MARGES TE BEREKEN

Die resultate van die bruto marges vir die verskillende bestuurstrategieë in die ondersoekgebied soos deur die Geyer-rekenaarmodel bereken, word in Tabel 4.67 aangedui. Die Dorper boere het die hoogste bruto marge van R309.13 per skaap, terwyl die Vleismerino boere die laagste bruto marge van R203.09 per skaap het.

Die volgende aspekte kon aanleiding gegee het tot bogenoemde resultate:

- a. Die wolproduksie het 'n groot invloed gehad op die verskillende bruto marges wat bereken is. Die Vleismerino boere met 'n laer wolproduksie as die ander wolrasse, se produksie inkomste is heelwat laer (R71.08) as die ander wolrasse met produksie inkomste wat wissel vanaf R121.98 tot R143.69. (Tabel 4.67).
- b. Die speenpersentasies, wat die hoeveelheid lammers beskikbaar vir verkope direk beïnvloed, is 'n belangrike faktor wat die verskillende bruto marges beïnvloed het. Die Dorper boere wat driekeer in twee jaar paar, teenoor die ander skaaprasse met 'n eenkeer per jaar paring, het die hoogste handelsinkomste van R177.77 per skaap. Die Döhne-Merino boere in STORMBERG HOëVELD het die laagste speenpersentasie en gevolglik ook die laagste handelsinkomste van R134.10. (Tabel 4.67).
- c. Voerkoste het die grootste persentasie uitgemaak van die direk allokeerbare veranderlike koste. Tabel 4.68 toon dat die Merino boere in STORMBERG HOëVELD die hoogste persentasie (42.97 %) voerkoste het.

d. Dieregesondheid is die ander faktor wat die tweede hoogste persentasie uitgemaak het van die direk allokeerbare veranderlik koste. Tabel 4.68 dui aan dat die Dorper boere die hoogste persentasie (27.34 %) kostes ten opsigte van dieregesondheid het, terwyl die Merino boere in STORMBERG HOëVELD die laagste persentasie (21.01 %) het.

Bogenoemde feite verklaar die resultate soos verkry deur die rekenaarmodel.

HOOFSTUK 6

6. SAMEVATTING/OPSOMMING.

In hierdie hoofstuk word die navorsing saamgevat in 'n kort opsomming, waarna spesifieke gevolgtrekkings ten opsigte van die produksienorme; die reproduksienorme en die bestuurstrategieë in die ondersoekgebied verskaf word. Daar word ook verwys na die implikasies wat hierdie studie vir toekomstige navorsing inhou.

6.1 INLEIDING

6.1.1 Die algemene doelwitte van hierdie studie is bereik, naamlik:

- 6.1.1.1 Die produksie- en reproduksienorme is bepaal vir die verskillende hoof produksiegebiede in die groter Burgersdorp omgewing.
- 6.1.1.2 Die verskillende bestuurstyle van skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing is bepaal.
- 6.1.1.3 Die bruto marges vir skaapboerderye in die groter Burgersdorp omgewing is bepaal, om sodoende die finansiële posisie vas te stel.

6.1.2 Die volgende hipoteses is gestel:

- 6.1.2.1 Die vasstelling van produksienorme sal wolboere instaat stel, om hul eie produksie te vergelyk met die norme van die spesifieke hoof produksiegebiede.
- 6.1.2.2 Die vasstelling van reproduksienorme sal wolboere instaat stel, om hul eie reproduksie te vergelyk met die norme van die spesifieke hoof produksiegebiede.
- 6.1.2.3 Wanneer die verskillende bestuurstyle in die hoof produksiegebiede vasgestel is, sal die effek daarvan in die verskillende bruto marges weerspieël word.

6.2 'N SAMEVATTING VAN DIE NAVORSING

6.2.1 Algemeen.

In die ondersoekgebied pas die meeste skaapboere nie kruisteling toe op hul prul-ooie nie. Dit is dus nie 'n algemene praktyk, om kruisteling op prul-ooie toe te pas nie. Ten opsigte van rekordhouding, hou die meeste skaapboere in die ondersoekgebied rekords van die aantal ooie gepaar, asook die lam- en speenpersentasies. In die ondersoekgebied gebruik die meeste skaapboere BKB en/of CMW agente en mede boere as inligtingsbronne ten opsigte van hul skaapboerdery. 'n Algemene probleem, wat blyk 'n groot probleem in die ondersoekgebied te wees, is ongediertes. Ongediertes veroorsaak die meeste verliese in die hele ondersoekgebied. Swak veldtoestande, diefstal en siektes en siektebeheer, is probleme wat ook in die navorsing geïdentifiseer is.

6.2.2 Produksie.

In die ondersoekgebied kom 'n 8 maande sowel as 'n 12 maande skeerinterval voor en die meeste skaapboere (Merino; Döhne-Merino; Vleismerino) skeer gedurende Julie, Augustus, September en Oktober. Die meeste Dorper boere skeer egter gedurende Oktober, November en Desember. In die ondersoekgebied produseer die Merino skaap (teenoor die Döhne-Merino en die Vleismerino) die hoogste gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar, van 4.68 kg wol in STORMBERG HOëVELD en 4.28 kg in BURGERSDORP LAEVELD. Die gemiddelde mikron (fynheid) van die skeersels (Merino; Döhne-Merino; Vleismerino) in die ondersoekgebied is 20.1 – 22 mikron, terwyl die gemiddelde mikron van die Dorper skeersels 24.1 – 27 mikron is.

6.2.3 Seleksiepraktyke.

In die ondersoekgebied selekteer skaapboere vir bouvorm; grootte (liggaamsmassa); vrugbaarheid en moedereienskappe by hul ooie. By hul ramme selekteer skaapboere vir bouvorm; grootte (liggaamsmassa); vrugbaarheid en

goed ontwikkelde geslagsorgane. Die belangrikste eienskap waarvoor skaapboere egter by hul diere (ooie en ramme) selekteer, is vrugbaarheid. In die ondersoekgebied selekteer skaapboere vir die volgende woleienskappe by hul diere (ooie en ramme): fynheid; lengte en kwaliteit (reëlmaat van karteling, sagtheid van aanvoeling ens.). Dit wil egter voorkom asof fynheid die belangrikste woleienskap is, waarvoor skaapboere in die ondersoekgebied by hul diere selekteer.

In die ondersoekgebied merk die meeste skaapboere alle oorslaanooie en skot daarvolgens uit. Skaapboere selekteer ook teen swak moedereienskappe deur streng toesig tydens lamtyd te hou en alle ooie met uier gebreke en die wat lammers weggooi te merk en dan **beide ooi en haar lam(mers)** uit te skot of **net die ooi** uit te skot. Die meeste skaapboere hou ooie met meerlinglammers apart, **sonder** om hulle vir toekomstige uitkenning te merk, terwyl die minderheid skaapboere alle meerlingooie asook hulle lammers, identifiseer en merk vir toekomstige uitkenning. Die seleksie van jongooie word meestal deur die boer self gedoen, terwyl BKB/CMW agente soms ook gebruik word.

In die ondersoekgebied het die meeste skaapboere (Merino; Döhne-Merino; Vleismerino) kliniese vrugbaarheidstoetse op alle ramme net voor paartyd laat doen en hulle geslagsorgane laat ondersoek deur 'n veearts. Die meeste Dorper boere het egter self die geslagsorgane van hul ramme net voor paartyd ondersoek.

6.2.4 Paring en Reproduksie.

In die ondersoekgebied gebruik skaapboere tussen 2.53 ramme en 3.07 ramme per 100 ooie en ramme word vir 'n tydperk van 5.22 weke en 7.52 weke by die ooie gesit. Die meeste skaapboere (Merino; Döhne-Merino; Vleismerino) paar eenkeer per jaar, terwyl die meerderheid Dorper boere driekeer in twee jaar paar. Die beste paarseisoen in die ondersoekgebied is Maart/April/Mei. Die meeste skaapboere (Merino; Döhne-Merino; Dorper) paar hul jong ooie apart, terwyl die meerderheid Vleismerino boere egter nie hul jong ooie apart paar nie. Die meeste skaapboere maak nie gebruik van koggelramme voor paartyd nie, indien koggelramme wel gebruik word, word ramme vir 'n tydperk van tussen 1.46 weke en 2.67 weke by die ooie gesit.

In die ondersoekgebied is die oorslaanpersentasie van ooie gemiddeld tussen 3.57 % en 7.16 %, terwyl die aborsiepersentasie van ooie gemiddeld tussen 0.15 % en 0.66 % is. Die onderskeie lampersentasies wissel tussen 91.57 % en 116.23 %, terwyl die speenpersentasies (werklik uitgewerk) wissel tussen 84.19 % en 110.64 %. In die ondersoekgebied verkies die meeste skaapboere lande (weidings); klein troppie in klein kamp of die rondskuifstelsel ("drifting") as lamstelsels, hoewel dit voorkom asof die rondskuifstelsel meer gebruik word.

6.2.5 Ram aankope.

In die ondersoekgebied koop die meeste skaapboere ramme aan op gewone veilings (nie veldramveilings). Dit is egter interessant dat die meeste skaapboere sou verkies om ramme op veldramveilings aan te koop. Die meerderheid skaapboere ondervind nie probleme met aangekoopte ramme nie. Dié skaapboere wat wel probleme ondervind, het as die belangrikste probleem geïdentifiseer dat aangekoopte ramme meestal sukkel om aan te pas by veldtoestande.

6.2.6 Dieregesondheid.

In die ondersoekgebied ent die meeste skaapboere hul skape teen Bloednier en Bloutong gedurende 'n normale en 'n droë seisoen, hoewel Bloednier definitief die grootste probleem in die ondersoekgebied is. Die meeste skaapboere dip teen die Karoo-verlamingsbosluis en dip hul skape 1 maal tot 3 maal per jaar.

Die meeste skaapboere doseer teen Rondewurms, Lintwurms en Neuswurms gedurende 'n normale en 'n droë seisoen, en doseer tussen 2 maal per jaar en 4 maal per jaar gedurende 'n normale seisoen, of 2 maal per jaar gedurende 'n droë seisoen.

6.2.7 Voeding.

In die ondersoekgebied maak die meeste skaapboere gebruik van prikkelvoeding/-weiding aan ooie tydens 'n droë seisoen, maar nie tydens 'n normale seisoen nie. Prikkelvoeding word vir 'n periode van tussen 3.40 weke en 5.33 weke gegee.

Die meerderheid skaapboere maak gebruik van lekke as prikkelvoeding. Tydens 'n droë seisoen gee meer skaapboere byvoeding aan laatdragtige ooie, as tydens 'n normale seisoen. Byvoeding aan laatdragtige ooie word vir 'n periode van tussen 3.64 weke en 5.80 weke gegee. Die meerderheid skaapboere maak gebruik van lekke as byvoeding. Tydens 'n droë seisoen gee meer skaapboere byvoeding aan lakterende ooie, as tydens 'n normale seisoen. Byvoeding aan lakterende ooie word vir 'n periode van tussen 4.78 weke en 8.67 weke gegee. Die meerderheid skaapboere maak gebruik van lekke as byvoeding. Energie lekke word meestal as prikkelvoeding of byvoeding in die ondersoekgebied gebruik.

6.2.8 Lamvrektes.

In die ondersoekgebied is ongediertes die belangrikste oorsaak van lamverliese. Die onderskeie persentasies (%) verliese ten opsigte van lammers is soos volg:

Stadium	Persentasie (%) verliese
Doodgebore lammers	vanaf 0.65 % tot 2.54 %
Geboorte tot spee	vanaf 5.51 % tot 4.10 %
Speen tot 12 maande	vanaf 1.99 % tot 4.10 %
12 tot 18 maande	vanaf 0.22 % tot 3.66 %

6.2.9 Fekunditeit (Vrugbaarheid).

In die ondersoekgebied wissel die speenpersentasies, soos aangedui deur die boer self, tussen 88.43 % en 104.71 %. (Tabel 5.1 verskaf 'n vergelyking tussen die speenpersentasie (werklik uitgewerk); die speenpersentasie soos deur die boer self aangedui (boer se persepsie) en die speenpersentasie waarna skaapboere streef, in die ondersoekgebied.) In die ondersoekgebied het die persentasie tweeling gewissel tussen 8.50 % en 23.53 %. Die meerderheid skaapboere verwelkom tweeling, terwyl dié skaapboere wat nie tweeling verwelkom nie, as die belangrikste rede aangedui het, dat ooie net een lam behoorlik kan grootmaak.

6.2.10 Bemarking.

In die ondersoekgebied bemark die meeste skaapboere verskeie slaglamrasse. Die ouderdom van bemarking, asook die gemiddelde gewig (lewendige gewig) is soos volg:

Ouderdom: Vanaf 5.67 maande

Gewig: Vanaf 37.17 kg tot 48 kg (lewendige gewig)

In die ondersoekgebied bemark die meerderheid skaapboere nie volwasse hamels nie. Die ouderdom van hamels wat wel bemark word is soos volg:

Ouderdom: Vanaf 5 maande tot 37.40 maande

In die ondersoekgebied bemark die meeste skaapboere hul slaglammers; hamels en uitskotdiere deur lewende hawe agente (BKB/CMW).

6.3 DIE GEVOLGTREKKINGS VAN HIERDIE NAVORSING

6.3.1 Produksienorme in die ondersoekgebied.

Die produksienorme (gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar) wat vasgestel is vir die verskillende skaaprasse in die ondersoekgebied, is volledig in hoofstuk vyf bespreek en vergelyk met produksienorme in literatuur, om sodoende te bepaal of dit sinvol is. Die gevolgtrekking is dat produksienorme in die ondersoekgebied goed vergelyk met produksienorme in literatuur en daarom sinvol is vir skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing.

Produksienorme (gemiddelde wolproduksie per skaap per jaar) vir die Merino en die Döhne-Merino in die hoof produksiegebiede verskil tot 'n **geringe** mate: (Tabel 4.8.2).

	HOëVELD	LAEVELD
Merino	4.68 kg	4.28 kg
Döhne-Merino	3.98 kg	4.18 kg

S7

Hierdie bogenoemde verskille in produksienorme kan moontlik toegeskryf word aan die volgende faktore:

- Verskille in reënvalsyfers in die twee hoof produksiegebiede,
- Verskille in veldtipes en veldtoestande in die twee hoof produksiegebiede,
- Verskille in bestuurstrategieë van skaapboere in die twee hoof produksiegebiede.

6.3.2 Reproduksienorme in die ondersoekgebied.

Die reproduksienorme (lam- en speenpersentasies) wat vasgestel is vir die verskillende skaaprasse in die ondersoekgebied, is volledig in hoofstuk vyf bespreek en vergelyk met reproduksienorme in literatuur, om sodoende te bepaal of dit geloofwaardig is. Die gevolgtrekking is dat reproduksienorme in die ondersoekgebied goed vergelyk met reproduksienorme in literatuur en daarom geloofwaardig is vir skaapboere in die groter Burgersdorp omgewing.

Die gemiddelde lam- en speenpersentasies (Tabelle 4.27 en 4.28) of reproduksienorme ten opsigte van die Merino en die Döhne-Merino in die hoof produksiegebiede, verskil ook tot 'n mate:

Lampersentasie	Merino	94.50 %	95.87 %
	Döhne-Merino	91.57 %	100.25 %
Speenpersentasie	Merino	90.23 %	90.99 %
	Döhne-Merino	84.19 %	93.33 %

Hierdie bogenoemde verskille in reproduksienorme kan moontlik toegeskryf word aan dieselfde faktore wat die produksienorme beïnvloed het, naamlik verskille in reënvalsyfers; veldtipes; veldtoestande en bestuurstrategieë in die twee hoof produksiegebiede.

6.3.3 Bestuurstrategieë in die ondersoekgebied.

Die bestuurstrategieë (totale bestuurspraktyke) van die hoof produksiegebiede wat vasgestel is in hoofstuk 4 (paragraaf 4.11) is gebruik in die Geyer-rekenaarmodel om die bruto marges te bepaal. Die bruto marges van die hoof produksiegebiede word aangedui in Tabel 4.67.

Die hipotese is gestel dat die effek van die verskillende bestuurstyle van die hoof produksiegebiede, in die bruto marges weerspieël sal word. Hierdie effek is duidelik sigbaar in die onderstaande bruto marges van die hoof produksiegebiede:

STORMBERG HOëVELD

Merino boere

Döhne-Merino boere

BURGERSDORP LAEVELD

Merino boere

Döhne-Merino boere

Dorper boere

Vleismerino boere

Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat die spesifieke bestuurstrategie van die Dorper boere, die hoogste bruto marge per skaap (R309.13) in die ondersoekgebied tot gevolg gehad het, terwyl die laagste bruto marge per skaap (R203.09) in die ondersoekgebied, die gevolg is van die spesifieke bestuurstrategie van die Vleismerino boere.

6.4 IMPLIKASIES VIR TOEKOMSTIGE NAVORSING

- Dit behoort van groot waarde te wees indien 'n studie in verband met weiveldbestuur geïntegreer word met 'n studie ten opsigte van bestuurstrategieë vir ekstensiewe wolskaapboerdery (soos hierdie studie) in 'n bepaalde omgewing. Daar kan onder andere spesifiek gekyk word na plantsamestellings; agteruitgang/vooruitgang van die veld; drakrag en uiteindelik die verskillende bestuurstrategieë van skaapboere (ingesluit weiveldbestuur).
- 'n Studie oor die effek, asook algemene gebruik van “nuwe” tegnologie soos byvoorbeeld die skandering van ooie; die KI van ooie; embryo oorplantings; die FAMACHA®-stelsel en die neem van mismonsters voor doserings, op die bestuurstrategieë van skaapboere, asook die ekonomiese voordele daaraan verbonde. Bogenoemde studie behoort baie waardevolle inligting aan die landbou industrie te verskaf, en terselfdetyd skaapboere van inligting te voorsien.
- 'n Studie oor lamvrektes in verskillende stadiums (geboorte tot speen; speen tot 12 maande; 12 tot 18 maande) behoort waardevolle inligting te verskaf en sal skaapboere instaat stel om lamvrektes te verminder.
- Ongediertes is as 'n groot probleem in hierdie studie geïdentifiseer. 'n Navorsingsprojek ten opsigte van ongediertebeheer sal van groot waarde vir elke skaapboer in Suid-Afrika wees.

*** EINDE ***

BRONNELYS

ACOCKS, J.P.H. 1988. Veld Types of South Africa. Departement van Landbou en Watervoorsiening. Suid-Afrika.

AGRIREVIEW. Januarie 2001. Prosperity for most livestock industries.

ANON. 1988. SA Vleismerino. Bylae tot Landbouweekblad 24 Junie 1988.

ANON. 2002. [Web:] http://www.proagric.co.za/uitgawe_24/24-12_parasietbeheer.htm
[Datum van toegang: 20 Mei 2002].

BEKKER, B. 2000. Wolbedryf: Daar is 'n goue randjie. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1005,00.html [Datum van toegang:
13 April 2002].

BOSHOFF, D. 1998. Goeie toesig in lamtyd verbeter speenpersentasie. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1140,00.html [Datum van toegang:
1 Maart 2002].

BOSHOFF, D. & COETZEE, J. 1999. Kuddebestuursprogram. BKB/Voermol.

BOWLAND, A.E. et. al. 1992. Roofdiere en Boere. The Penrose Press, Johannesburg.

BRAND, T. & AUCAMP, B. 2000. Aanvullende voeding aan skape op oesreste. [Web:]
<http://www.sasas.co.za/Popular/T%2520Brand5.pdf+skape&hl> [Datum van toegang: 4
Junie 2002].

BRAND, T.S. 1998. Kleinveeproduksie. [Web:]
<http://www.wcape.agric.za/Joernaal/Joer1998/4Kleinveeproduksie.html> [Datum van
toegang: 3 Junie 2002].

CAPE WOOLS SA. 1999. Jaarlikse Verslag.

CAPE WOOLS SA. 2000. [Web:] http://www.capewools.co.za/general_statistics_d.asp
[Datum van toegang: 2 Mei 2002].

COETZEE, J. 1997. Redes vir vrektes. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1399,00.html [Datum van toegang:
1 Maart 2002].

COETZEE, J. 1998. Verseker 'n hoër besetsyfer. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1404,00.html [Datum van toegang:
2 April 2002].

COETZEE, J. 1999. Regte proteïen kan lamvrektes verminder. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1407,00.html [Datum van toegang:
12 April 2002].

CRONJE, G.J. de J. et. al. 1997. Inleiding tot die Bestuurswese. 4de Uitgawe.
International Thompson Publishing.

DE KLERK, C.H. et. al. 1983. 'n Ondersoek na Wolskaapboerdery in die Republiek van
Suid-Afrika. Universiteit van Pretoria.

DEPARTMENT: AGRICULTURE. 2002. Abstract of Agricultural Statistics.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN WATERVOORSIENING. Oktober 1986. Enkele
Landbou-ekonomiese begrippe.

DE VILLIERS, C. Junie 2002. Persoonlike mededeling. Suid-Afrikaanse Weerdiens.

DE VILLIERS, J.F. 1991. Bestuur vir lae mortaliteit by lammers. Department of
Agriculture Development: Natal Region.

DE WAAL, H.O. 1999. Ken jou perke met sout vir vee. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_634,00.html [Datum van toegang:
4 April 2002].

DE WAAL, H.O., BAARD, M.A. & ENGELS, E.A.N. 1989. Effects of sodium chloride on sheep. S. Afr. J. Anim. Sci.,19.

DICKINSON, E.B. et. al. 1993. Die Kynoch Weidingshandleiding. CTP (Edms) Bpk. Boekdrukkers Kaapstad.

DU PREEZ, J. 2001. Bloutong by skape verg die regte inenting. [Web:] http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,415_3553,00.html [Datum van toegang: 8 Mei 2002].

FERREIRA, V. 2000. Bestuur skape doeltreffend in droogte. [Web:] http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1007,00.html [Datum van toegang: 3 Maart 2002].

FERREIRA, V. 2002. Goeie kuddebestuur verseker welslae. [Web:] http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_4582,00.html [Datum van toegang: 26 Februarie 2002].

FRANCES, B. Februarie 2001. Persoonlike mededeling. NWKV.

GEYER, A.C. 1998. Strategiese beplanning en risikobestuur vir ekstensiewe Angorabokboerdery in die Karoo. Ph. D. – verhandeling. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

HALLOWAY, J.E. 1925. Offisiële jaarboek van die Unie en Basoetoeland, Betsoeanaland-, Protektoraat en Swasieland. Staatsdrukker, Pretoria.

HARESIGHN, W. 1981. The influence of nutrition on reproduction in the ewe. Anim. Prod. 32.

HERSELMAN, M.J. 1999. Kleinveetegnologie wat die geld laat inrol. Grootfontein Boeredag.

HOEL, P.G. & JESSEN, R.J. 1977. Basic statistics for business and economics. Second edition. John Wiley & Sons. Santa Barbara, New York, London, Toronto, Sydney.

HOFMEYR, J.H. 1984. Dorper nuus. 35. Dorpers – Quo Vadis?

HUGO, W.J. & BADENHORST, D.F. 1957. Veeboerdery en Weiding. Die Staatsdrukker, Pretoria.

MCMMASTER, J.C. 1999. Döhne Merino Joernaal 23 (1). Döhnes presteer in die Karoo.

MEAKER, H.J. & VAN NIEKERK, C.H. 1971. The effect on fertility of flushing ewes for 1,2,3 or 4 weeks prior to synchronized matings. *Agroanimalia*, 3.

MÖNNIG, H.O. & VELDMAN, F.J. 1986. Handboek oor Veetiesktes. Tafelberg-Uitgewers Beperk. Kaapstad.

ODENDAL, F.F. et. al. 1985. HAT. Perskor.

PEARCE, J.A. & ROBINSON, R.B. 1994. Formulation, implementation, and control of competitive strategy. Burr Ridge: Irwin.

RAATH, J. 2002. Kaarte. Departement van Landbou. CRADOCK Voorligtingskantoor.

RONALD, J. 1988. SA Vleismerino. Bylae tot Landbouweekblad 24 Junie 1988.

SCHUMAN, D.E.W., BOUWER, B. & SCHOEMAN, H.S. 1976. Elementêre statistiek: Beskrywende metodes. McGraw-Hill Boekemaatskappy. Johannesburg, New York, London, Toronto, Sydney, Düsseldorf.

SCHUTTE, A.P. et. al. 1986. Reproduksie en KI by Kleinvee. Taurus Veeverbeteringskoöperasie Beperk. Perskor Drukkers.

STANDARD BANK. 1988. Finansiering en die boer. 2de Uitgawe. Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk.

STANDARD BANK. 1999. Finansiering en die boer. 3de Uitgawe. Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk.

STEYN, A.G.W., SMIT, C.F. & DU TOIT, S.H.C. 1984. Moderne Statistiek vir die Praktyk. Sigma-Pers, Pretoria.

STEYN, O.P.J. 1996. Die Merino Praktiese Handleiding. Merino Skaap- en Woldeskundiges Vereniging van Suid-Afrika. Dreyer Druk/Print.

STRYDOM, M.A. September 2002. Persoonlike mededeling. Hoofbestuurder: Cape Wools. Port Elizabeth.

TERBLANCHE, E. Le F. 1980. Dorper. 5de Uitgawe. Dorperskaaptelersgenootskap van Suid-Afrika.

TERBLANCHE, E. Le F. 1987. 'n Studie van die Angorabokbedryf in die Republiek van Suid-Afrika. D. Sc. (Agric) – verhandeling. Universiteit van Fort Hare.

VAN DER VYVER, W. 2001. Strategiese Bestuur LBS 370. Grootfontein Landboukollege Strategiese Bestuur Lesings.

VAN OUDTSHOORN, F. 1999. Guide to Grasses of Southern Africa. Briza Publications.

VAN ROOYEN, C. 2001. SA nou voor met teling teen wurms. [Web:] http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_2423,00.html [Datum van toegang: 20 Mei 2002].

VAN TONDER, E.M. 1985. Karoo Agric. 3 (5). Lamseisoene met betrekking tot optimale produksie.

VENTER, H.J.T. 1976. Bome en Struike van die Oranje-Vrystaat. Citadel-Pers. Kaapstad.

VERDOORN, G. 1999. Bestuursplan fruik jakkalse, rooikatte. [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,432_1400,00.html [Datum van toegang:
7 Maart 2002].

WILLEMSE, J. 2002. Die goue vesel skitter weer! [Web:]
http://www.agri24.com/Landbou_Template/1,2355,416_4994,00.html [Datum van toegang:
13 Maart 2002].

WOLBOER/WOOL FARMER. Desember/Januarie. 2001. 4(12). Wool Production.

A. ALGEMEEN

In watter **LANDDROSDISTRIK** boer u?
(Merk met 'n X)

Stormberg Hoëveld	Burgersdorp Laeveld	Molteno	Steynsburg	Venterstad

Met watter skaapas ras boer u?
(Merk slegs **EEN** met 'n X)

Wolras	Dubbeldoelras	Vleisras	Ander (Noem)
Merino	Döhne-Merino	Dorper (wit/swart)	

Vraag 1:

Pas u kruisteling toe op u **prul-ooie**?
(Bv.: **Sit 'n dorperram by die merino-ooie wat geprul is**)

- (a) Ja
- (b) Nee
- (c) Nie van toepassing

Indien **Ja**:- Met watter ander ras doen u kruisteling op u kudde?
.....



Baie dankie vir u samewerking

Vraag 2:

Merk met 'n X wat op u van toepassing is (Merk slegs EEN)

Waar pas die **rekordhouding** van u skaapboerdery by die volgende opsies in?

- (a) Hou volledig reproduksie- en prestasierekords van al die skape in die kudde
- (b) Hou rekords van aantal ooie gepaar asook lam- en speenpersentasies
- (c) Hou getalle en weet hoeveel lammers gespeen is
- (d) Hou getalle maar geen rekords nie

Vraag 3:

Wie of wat is die **TWEE** belangrikste **inligtingsbronne** waarvan u gebruik maak in u skaapboerdery?

Nommer die belangrikste bron met 'n 2 en die minder belangrike bron met 'n 1

(Nommer slegs TWEE!)

- (a) Departement van Landbou
(b) BKB en/of CMW agente
(c) Mede boere
(d) Wolboer Nuus
(e) Grootfontein Landboukollege
(f) Ander (Noem)

Baie dankie vir u samewerking

2



Vraag 4:

Wat beskou u as die **DRIE** belangrikste **probleme** in u poging om die doeltreffendheid van u skaapboerdery te verhoog?

Nommer die belangrikste probleem met 3, die tweede belangrikste met 'n 2, en die minder belangrikste met 'n 1

(Nommer slegs DRIE!)

- (a) Ongediertes
(b) Swak veldtoestande
(c) Diefstal
(d) Arbeid
(e) Rondloop probleme (Bly nie in kampe nie)
(f) Bestuursprobleme met lamtyd
(g) Siektes en siektebeheer
(h) Ander (Noem)

B. PRODUKSIE

Vraag 5:

Skeer u as 'n reël u skape elke 8, 10 of 12 maande?

Dui die opsie wat oorwegend op u van toepassing is, met 'n X aan

- (a) 8 maande
- (b) 10 maande
- (c) 12 maande
- (d) Ander (noem)



Baie dankie vir u samewerking

Vraag 6:

Watter maand(e) van die jaar skeer u?

Dui slegs die spesifieke maand(e) wat oorwegend op u van toepassing is, met 'n X aan

JAAR1

Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des

JAAR2

Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des

JAAR3

Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des

Vraag 7:

Hoeveel kilogram wol (netto massa), is in totaal met die laaste skeersel afgeskeer?

Skryf in:kg (netto massa)

Vraag 8:

Dui die opsie wat oorwegend op u van toepassing is, met 'n X aan

Wat is die gemiddelde mikron van u laaste skeersel?

- (a) 19 mikron en fyner
- (b) 19,1 – 20 mikron
- (c) 20,1 – 22 mikron
- (d) 22,1 – 24 mikron



(e) 24,1 – 27 mikron

Baie dankie vir u samewerking

4

Vraag 9:

Hoeveel skape is in die laaste skeersel afgeskeer?

VEE	GETAL
Lammers	
Speenlammers	
Jongooie	
Jonghamels	
Ooie	
Hamels	
Ramme	
TOTAAL	

C. SELEKSIEPRAKTYKE

Vraag 10:

Wat is volgens u mening die **DRIE belangrikste eienskappe** waarvoor 'n skaapboer by sy **diere** moet selekteer?

Nommer die belangrikste eienskap met 'n 3, die tweede belangrikste met 'n 2 en die minder belangrikste met 'n 1

(Nommer slegs DRIE by Ooie en DRIE by Ramme!)

	Ooie	Ramme
(a) Bouvorm
(b) Grootte (liggaamsmassa)
(c) Vrugbaarheid
(d) Moedereienskappe
(e) Goed ontwikkelde geslagsorgane
(f) Gesonde uier
(g) Ander (Noem)



Baie dankie vir u samewerking

5

Vraag 11:

Wat is volgens u mening die **DRIE belangrikste woleienskappe** waarvoor 'n wolskaapboer by sy **diere** moet selekteer?

Nommer die belangrikste eienskap met 'n 3, die tweede belangrikste met 'n 2 en die minder belangrikste met 'n 1

(Nommer slegs DRIE by Ooie en DRIE by Ramme!)

Woleienskappe:-	Ooie	Ramme	
(a) Fynheid	
(b) Lengte	
(c) Kwaliteit (reëlmaat van karteling, sagtheid van aanvoeling ens.)	
(d) Stapelformasie	
(e) Kleur	
(f) Ander (Noem)	

Vraag 12:

Wat het u die afgelope jaar gedoen om te verseker dat **ooie wat oorslaan** (nie lam nie) in die kudde doeltreffend **uitgeskot** word?

Merk toepaslike item met X

- (a) Hou volledige produksierekords en skot ooie daarvolgens uit
- (b) Merk alle oorslaanooie en skot daarvolgens uit
- (c) Merk hier en daar 'n oorslaanooi vir 'n slagding
- (d) Skot nie oorslaanooie uit nie, want identifiseer hulle nie

Baie dankie vir u samewerking

6



Vraag 13:

Watter **metode** pas u toe om teen swak moedereienskappe te selekteer?

Merk toepaslike item met X

- (a) Hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uier gebreke en die wat lammers weggooi en skot dan **beide ooi en haar lam(mers) uit**
- (b) Hou streng toesig tydens lamtyd en merk alle ooie met uier gebreke en die wat lammers weggooi en skot dan **net die ooi uit**
- (c) Merk slegs ooie met opsigtelike uier gebreke en ooie wat lammers weggooi en skot dan die ooi uit
- (d) Merk hier en daar 'n ooi waarvan die lammers kwyn of vrek en skot haar uit
- (e) Skot nie vir swak moedereienskappe uit nie

Vraag 14:

Watter **enkele metode** het u die afgelope lamtyd toegepas om **meerlingooie** sowel as die betrokke **lammers** te identifiseer?

Merk toepaslike item met X

- (a) Identifiseer en merk onder streng toesig alle meerlingooie asook hulle lammers vir toekomstige uitkenning
- (b) Hou ooie met meerlinglammers apart sonder om hulle vir toekomstige uitkenning te merk
- (c) Neem kennis van meerlinge en sit hier en daar 'n meerlingooi apart (drieling) met haar lammers
- (d) Merk glad nie meerlingooie met hulle lammers vir uitkenning nie



Baie dankie vir u samewerking

7

Vraag 15:

Wie doen die **seleksie van jongooie** wat as vervangingsooie in u kudde opgeneem word?

Merk slegs die enkele belangrikste persoon met X

- (a) Boer self
- (b) BKB of CMW agent (alleen)
- (c) Mede boer
- (d) Boer, saam met BKB/CMW agent
- (e) Ander (Noem)

Vraag 16:

Wat het u die afgelope jaar gedoen om vas te stel of die **ramme** wat u gebruik het, **vrugbaar** was?

Merk die item wat van toepassing is op u met X

- (a) Het kliniese vrugbaarheidstoetse op alle ramme laat doen net voor paartyd en hulle geslagsorgane laat ondersoek deur 'n veearts
- (b) Het geslagsorgane deur veearts laat ondersoek net voor paartyd
- (c) Het self geslagsorgane net voor paartyd ondersoek.....
- (d) Het niks gedoen nie

Baie dankie vir u samewerking



D. PARING EN REPRODUKSIE

Vraag 17:

Hoeveel ramme gebruik u per 100 ooie?

Skryf getal hier in

Vraag 18:

Vir hoe lank – (in weke) – sit u die ramme by die ooie?

Vraag 19:

Watter tipe paarpraktik(e) pas u oorwegend in u skaapboerdery toe?

Merk met X wat van toepassing is

- (a) Ramme bly voortdurend by ooie
- (b) Paar eenkeer per jaar
- (c) Paar driekeer in twee jaar
- (d) KI
- (e) Ander (Noem)

Vraag 20:

Watter twee maande van die jaar is die beste paarseisoen in u omgewing?

Skryf die twee maande hier in en



Baie dankie vir u samewerking

Vraag 21:

Paar u die **jong ooie** apart?

Merk met X in u geval

Ja Nee

Vraag 22:

Gebruik u **koggelramme** voor paartyd?

Merk met X in u geval

Ja Nee

Indien **JA**:- Hoe lank (in weke) is die koggelperiode?

Skryf in :weke

Vraag 23:

Hoeveel **ooie** (laat ooilammers buite rekening) is in u teelkudde?

Skryf die getal hier in

Vraag 24:

Hoeveel **ooie** het u die afgelope seisoen **gepaar**?

Skryf die getal hier in

Baie dankie vir u samewerking

10



Vraag 25:

Hoeveel van hierdie **ooie** het **oorgeslaan**?

Skryf die getal hier in

Vraag 26:

Hoeveel van hierdie **ooie** het **geaborteer**?

Skryf die getal hier in

Vraag 27:

Hoeveel **lammers** het u **lewendig** aangekry?

Skryf die getal hier in

Vraag 28:

Hoeveel **lammers** het u **gespeen**?

Skryf die getal hier in



Baie dankie vir u samewerking

11

Vraag 29:

Van watter **LAMSTELSEL(S)** maak u gebruik?

Merk met X wat oorwegend op u van toepassing is

- (a) Kraalmetode met hokkies vir meerlinge
 - (b) Lande (weidings)
 - (c) Klein troppie in klein kamp
 - (d) Groot trop in groot kamp
 - (e) Rondskuifstelsel ("Drifting")
 - (f) Ander (Noem)
-

E. RAM AANKOPE

Vraag 30:

Het u al **ramme** op **veilings** (nie veldramveilings nie) aangekoop?

Merk met X in u geval

Ja Nee

Vraag 31:

Het u al **probleme** met die aangekoopte ramme gehad?

Merk met X in u geval

Ja Nee

Baie dankie vir u samewerking

12



Vraag 32:

Kan u die **probleme identifiseer** volgens die onderstaande items?

Nommer die belangrikste probleem (volgens u siening) met 'n 2 en die minder belangrikste probleem met 'n 1

(Nommer slegs TWEE!)

- (a) Ramme sukkel om aan te pas by veldtoestand
- (b) Sommige ramme vrek kort na aankope
- (c) Sommige ramme beskik nie oor dekbeheersing nie.....
- (d) Sommige ramme dek nie die ooie met die eerste dekseisoen na aankoop nie
- (e) Sommige ramme is onvrugbaar
- (f) Ander (Noem)

Vraag 33:

Sou u verkies om **kudderamme** op **veldramveilings** te koop?

Merk met X in u geval

Ja Nee



Baie dankie vir u samewerking

13

F. DIEREGESONDHEID

Vraag 34:

Teen watter van die volgende siektes **ent** u u skape?

Merk met X wat oorwegend op u van toepassing is

	seisoen:	seisoen:	Normale	Droë
(a)	Bloednier	
(b)	Bloutong	
(c)	Ensoötiese aborsie	
(d)	Blou-uier	
(e)	Baarmoeder sponssiekte	
(f)	Vuilbek by lammers	
(g)	Bloedpens	
(h)	Ander (Noem)	
(i)	Ent glad nie	

Vraag 35:

Watter **drie** van die volgende **siektes** skep vir u **NORMAALWEG**, die **grootste** probleme?

Nommer die grootste probleem met 'n 3, die tweede grootste met 'n 2 en die minder grootste met 'n 1

(Nommer slegs DRIE!)

- (a) Bloednier
- (b) Bloutong
- (c) Ensoötiese aborsie
- (d) Blou-uier
- (e) Baarmoeder sponssiekte
- (f) Vuilbek by lammers
- (g) Bloedpens
- (h) Ander (Noem)

Baie dankie vir u samewerking



Vraag 36:

Teen watter uitwendige parasiete **dip (ook opgiemiddels)** u u skape **NORMAALWEG?**

Merk met X wat van toepassing is

- (a) Australiese jeukmyt
- (b) Bosluise ("gewone" bosluise)
- (c) Bontpootbosluis
- (d) Skaapbrommers
- (e) Karoo-verlamingsbosluis
- (f) Ander (Noem)
- (g) Dip glad nie

Vraag 37:

Hoe **gereeld dip (ook opgiemiddels)** u u skape per jaar?

Skryf die aantal kere (getal) hier neer

Vraag 38:

Teen watter **inwendige parasiete doseer** u?

Merk met X wat van toepassing is

- | | Normale
seisoen: | Droë
seisoen: |
|----------------------|-----------------------------|--------------------------|
| (a) Rondewurms | | |
| (b) Lintwurms | | |
| (c) Lewerslak | | |
| (d) Peervormige slak | | |
| (e) Neuswurm | | |
| (f) Ander (Noem) | | |
| (g) Doseer glad nie | | |



Baie dankie vir u samewerking

Vraag 39:

Hoe **dikwels doseer u u skape** per jaar?

- | | Normale
seisoen: | Droë
seisoen: |
|--|-----------------------------|--------------------------|
| Skryf die aantal kere (getal) hier neer: | | |

G. VOEDING

Vraag 40:

Maak u van **prikkelvoeding/-weiding** gebruik vir u **ooie**?

Merk met X wat op u van toepassing is

Normale seisoen:

Droë seisoen:

Ja Nee Ja Nee

Indien **JA**:- Vir hoe lank (in weke) gee u prikkelvoeding?

Skryf in: weke

Vraag 41:

Wat word as **prikkelvoeding/-weiding** gebruik vir u **ooie**?

Merk met X wat op u van toepassing is

- (a) Sjokolade mielies
- (b) Mielies
- (c) Lusern
- (d) Voerpille
- (e) Spaarveld
- (f) Landerye
- (g) Lekke
- (h) Ander (Noem)

Baie dankie vir u samewerking

16



Vraag 42:

Gee u **byvoeding** aan **laatdragtige ooie**?

Merk met X wat van toepassing is

Normale seisoen:

Droë seisoen:

Ja Nee Ja Nee

Indien **JA**:- Vir hoe lank (in weke) gee u byvoeding aan laatdragtige ooie?

Skryf in:weke.

Vraag 43:

Wat word as **byvoeding vir laatdragtige ooie** gebruik?

Merk met X wat op u van toepassing is

- (a) Sjokolade mielies
- (b) Mielies
- (c) Lusern
- (d) Voerpille
- (e) Spaarveld
- (f) Landerye
- (g) Lekke
- (h) Ander (Noem)



Baie dankie vir u samewerking

17

Vraag 44:

Gee u **byvoeding** aan **lakterende ooie**?

Merk met X wat op u van toepassing is

Normale seisoen:

Droë seisoen:

Ja Nee

Ja Nee

Indien **JA:-** Vir hoe lank (in weke) gee u byvoeding aan lakterende ooie?

Skryf in :weke

Vraag 45:

Wat word as **byvoeding vir lakterende ooie** gebruik?

Merk met X wat op u van toepassing is

- (a) Sjokolade mielies
- (b) Mielies
- (c) Lusern
- (d) Voerpille
- (e) Spaarveld
- (f) Landerye
- (g) Lekke
- (h) Ander (Noem)

Baie dankie vir u samewerking

18



Indien u voerpille en/of lekke gebruik, merk met X wat van toepassing is

Voerpille (Korrels)

Droogtekorrels
Afrond Korrels
Ooi- en lam korrels

Lekke

Energie lek
Ureum lek
Natuurlike proteïen (bv vismeel)
Sout-fosfaat lek

H. LAMVREKTES

Vraag 46:

Wat was verlede jaar die **DRIE** belangrikste oorsake van lamverliese by u?

Nommer die belangrikste oorsaak met 'n 3, die tweede belangrikste met 'n 2 en die minder belangrikste met 'n 1

(Nommer slegs DRIE!)

- (a) Ongediertes
- (b) Swak veldtoestande
- (c) Swak moedereienskappe
- (d) Meerlinge waarvan sommige lammers te swak en onhanteerbaar is vir die ooi en toesighouer
- (e) Ooie loop rond en raak verwyder van hulle lammers
- (f) Koksidiöse
- (g) Ander (Noem)



Baie dankie vir u samewerking

19

Vraag 47:

Watter persentasie **DOODGEBORE** lammers het die afgelope lamseisoen by u ooie voorgekom?

Skryf die persentasie hier in%

Vraag 48:

Watter persentasie verliese het die afgelope lamseisoen voorgekom vanaf **GEBOORTE TOT SPEEN?**

Skryf die persentasie hier in%

Vraag 49:

Watter persentasie verliese het die afgelope lamseisoen voorgekom vanaf **SPEEN TOT 12 MAANDE?**

Skryf die persentasie hier in%

Vraag 50:

Watter persentasie verliese het die afgelope lamseisoen voorgekom vanaf **12 MAANDE TOT 18 MAANDE?**

Skryf die persentasie hier in%

Baie dankie vir u samewerking

20



- I. **FEKUNDITEIT (VRUGBAARHEID)**
(Vermoë om **MEERLINGE** te produseer)

Vraag 51:

Wat was u **SPEENPERSENTASIE** die afgelope lamseisoen ?

(Speenpersentasie word bereken volgens lammers gespeen per 100 ooie gepaar)

Skryf die persentasie hier in%

Vraag 52:

Na watter speenpersentasie **STREEF** u?

Skryf die persentasie hier in%

Vraag 53:

Watter persentasie van u ooie het die afgelope lamseisoen **TWEELINGE** gelam?

Skryf die persentasie hier in%

Vraag 54:

Verwelkom u dit dat u ooie **TWEELINGE** lam?

Merk met X wat op u van toepassing is

Ja Nee



Baie dankie vir u samewerking

21

Vraag 55:

Indien u **NEE** by **Vraag 54** geantwoord het – **Waarom sê u NEE?**

Merk met X wat op u van toepassing is

- (a) Ooie kan net een lam behoorlik grootmaak
- (b) Ooie gooi gewoonlik een van tweeling weg
- (c) Een van die tweeling is gewoonlik klein of swak en vrek maklik
- (d) Die ekstra werk en moeite om die tweede lam groot te maak is nie ekonomies geregverdig nie
- (e) Indien 'n ander rede behalwe bogenoemde redes, noem dit:

.....
.....

Vraag 56:

Watter persentasie van die **TWEEDE** lammers van **TWEELINGE** sal **OORLEEF**, indien u hulle net so by die ooie los (op die lamplek en daarna), sonder om enigsins in te meng?

Skryf die persentasie hier in%

Baie dankie vir u samewerking

22



J. BEMARKING

Vraag 57:

Op watter **ouderdom** – (in maande) – **bemark** u slaglammers?

Wolras	Dubbel- doelras	Vleisras	Ander (Noem)	Kruisras
Merino	Döhne- Merino	Dorper (wit/swart)		
.....mdemdemdemdemde

Vraag 58:

Wat **weeg** hierdie **slaglammers** gemiddeld wanneer u hulle bemark? (Lewendige gewig)

Wolras	Dubbel- doelras	Vleisras	Ander (Noem)	Kruisras
Merino	Döhne- Merino	Dorper (wit/swart)		
.....kgkgkgkgkg

Vraag 59:

Hoe of **aan wie verkoop** u die **slaglammers**?

Merk met X wat van toepassing is

- (a) Op veilings
- (b) Beheerde mark
- (c) Aan lewende hawe agente (BKB/CMW)
- (d) Privaat (self)
- (e) Mede boere
- (f) Ander (Noem)



Baie dankie vir u samewerking

23

Vraag 60:

Bemark u **hamels** (volwasse)?

Ja **Nee**

Indien **JA:-**

Op watter **ouderdom** bemark u hamels?

.....(mde/jaar)

Vraag 61:

Hoe of **aan wie verkoop** u die **hamels**?

Merk met X wat van toepassing is

- (a) Op veilings
- (b) Beheerde mark
- (c) Aan lewende hawe agente (BKB/CMW)
- (d) Privaat (self)
- (e) Mede boere
- (f) Ander (Noem)

Vraag 62:

Hoe of **aan wie verkoop** u die **uitskotdiere** (ou ooie, ens.)?

Merk met X wat van toepassing is

- (a) Op veilings
- (b) Beheerde mark
- (c) Aan lewende hawe agente (BKB/CMW)
- (d) Privaat (self)
- (e) Mede boere
- (f) Ander (Noem)

Baie dankie vir u samewerking

24



Vraag 63:

Hoeveel **slaglammers** word gemiddeld per jaar verkoop?

Wolras	Dubbel- doelras	Vleisras	Ander (Noem)	Kruisras
Merino	Döhne- Merino	Dorper (wit/swart)		
.....getalgetalgetalgetalgetal

Vraag 64:

Hoeveel **hamels** word gemiddeld per jaar verkoop?

.....getal

Vraag 65:

Hoeveel **uitskotdiere** (ou ooie ens.) word gemiddeld per jaar verkoop?

.....getal

▣ **EINDE** ▣

Baie dankie vir u samewerking

25



Bylae B en C is nie ingesluit in die elektroniese document nie